

https://dspace.org/

Die literere verwysing aan die hand van voorbeelde uit die Afrikaanse poesie

Du Plessis, Pieter Georg

2015-03-10
http://hdl.handle.net/10539/17222

Downloaded from a DSpace repository. https://dspace.org/

DIE LITERÊRE VERWYSING AAN DIE HAND VAN VOORBEELDE UIT DIE AFRIKAANSE POËSIE

d e u r

P. G. du Plessis

Proefskrif ingelewer ter voldoening aan die vereistes vir die graad Ph.D. aan die Universiteit van die Witwatersrand.

1965

Die sitaat - - - en dan ook die verwysing? - - - is dan 'n deel van die intergreerbare massa moontlikhede wat die digter of die kunstenaar tot sy beskikking het?

Vir ons teoretiese benadering bly die vraag (of mens nou praat van vorm en inhoud of van Wellek en Warren se totaal ander indeling van stof en struktuur): in hoeverre roep die verwysing, die aanhaling, die sinspeling, 'n ander wêreld by, en as dit gedoen word, in hoeverre laat dié bygeroepte wêreld hom in 'n ander wêreld „struktureer"? Anders gestel: hoe gaan hy in daardie outonome wêreld op; nog anders: het ons hier te doen met 'n vergroting van die wêreld van die gedig waarin die verwysing voorkom, of met 'n versteuring van die selfgenoegsaamheid van daardie wêreld?

Hierdie probleem word bygeroep deur heel aanvaarbare menings soos dié van Meyer hierbo dat „vreemde liggaam" op sommige verwysings geskryf staan, en deur opmerkings soos die volgende [28]

„As I have already pointed out Joyce had the strange idea that he could absorb or subsume other books into his own simply by quoting their titles." [29]

En hierby stel ons dit duidelik: nie alle verwysings sal seker eender optree wat die wêreld van die gedig betref nie. Die leser sal wel reeds so 'n onderskeid ontdek het tussen die sinspeling en die eienaamsverwysing. Op grond daarvan maak ons dan ook aanspraak dat ons hier inderdaad met twee soorte verwysing te doen het.

In ag genome wat reeds oor die sinspeling gesê is: dit gaan eintlik op twee maniere in die gedig funksioneer: as gewoon deel van die teks (met 'n boerse afkeer vir kaap-

/ vleis

---

28) James S. Atherton: Books at the Wake - - - p. 172.

29) Die klem kan (ter wille van ons latere betoog) ook op quoting en titles (eienamel) val

I N H O U D S O P G A W E

Pagina

Voorwoord iv

A.

Hoofstuk I 1

Gebruiksvoorbeelde en omskrywings van verwante terme

Hoofstuk II ..... 'n Voorbeeld 15

Verwysing en wanbegrip

Verwysing en volledige begryp

Die verhouding aanbod-grondstof; die moontlikheid van verkeerd verwys

Direkte en bedekte aanduiding

Hoofstuk III ... Benadering en definisie-moontlikhede 45

Weer voorkennis

Dubbelsinnigheid; sinspeling; direkte verwysing

Die onderskeiding: binne-buite die gedig

Referential aspect

Wêreld-van-die-gedig

Die tegniese woord

Voorlopige definisie

Soorte verwysings en verwysingsvelde

B.

Hoofstuk IV ..... Verwysing en Eienaam 81

Karakter-in-'n gedig en die volledig-verduidelikte eienaam

Beliggaam en onbeliggaam

Spesifieke aanduiding; „informasie"; „betekenis".

„Tyd-ruimtelike gebondenheid" by eienaam en verwysing

Verdere moontlikhede aan die hand van Gardiner

„Spesifiek", „individueel", „singulier"; ooreenkoms met beskrywende verwysing

/ As

vleis - - - letterlik) maar ook as vreemde liggaam vir dié wat kan snap (aanhaling uit die boek). Op die eerste vlak dus byna bedrieglik-verstaanbaar[30] en volledig geïntegreer, op die tweede vlak vreemde liggaam „uiterlike werklikheid".

Die eienaam sal egter ook hier 'n probleem skep: dit is óf onmiddellik geïntegreer (Caesar as karakter in die Shakespeare-drama) of „half-geïntegreer" (Cervantes en Maria - - - karakter én historiese figuur?) of geheel en al nie „verduidelik" nie (Eugène Marais in die titel van die voorbeeldgedig). (Vergelyk ook ons voorbeelde in die eienaamshoofstuk: Kleinbegin, Barbas, Ramses, ens.) In elk van hierdie gevalle moet die eienaam in sy referential aspect sowel as in sy verwysingsaspek geken word.

Die eienaam voorlopig daar gelaat.

By kennis sou voorlopig nie slegs taalkennis moet uitgesluit word as „voorkennis" nie, maar ook kennis van sake. En ook hier sal analogies die verskil tussen woordeboekkennis en ensiklopediese kennis kon geld: sakekennis soos die taalgebruiker dit sou hê teenoor algemene kennis (in enger sin) en spesifieke kennis van sake.

Ter verduideliking van die probleem wat selfs die gewone woord wat op die grens tussen die verwysing en „normale" woordgebruik lê, oplewer, kan mens die semi-tegniese woord as voorbeeld neem, en daarmee miskien die brug span tussen die „normale" sake wat die gebruik van woorde in die gedigswêreld inbring en die verwysingsbykennis wat ons met hierdie studie leer veronderstel het.

Veral by vaktaalwoorde[31] is dit die geval dat nie slegs

/ die

---

30) Uit die aard van die betoog kan ons dus nie woordeliks saam met Grové stem as hy by hierdie soort verwysing 'n legitimiteit vermoed wat ander nie het nie. (Cf. Beskouings oor Poesie, p. 66)

31) Of dit nou die vaktaal van die boer (halfmaantjie-vanvoor) of dié van die ingenieur is.

Pagina

As jy „Jan" roep in die skare ...

Die eienaamsvorm

Die ooreenkoms: eienaam/verwysing

Hoofstuk V ..... Die Aanhaling 134

Aanhaling as verwysing

Die aanhaling en vorm

Die aanhaling as vreemde liggaam

Aanhaling teenoor feite-verwysing

Sfere in jukstaposisie: die gebruik van die kleuterrympie

Verwysing deur vorm

Aanhaling uit die taal

Hoofstuk VI ..... Tradisie-Kennis-Verwysing 197

Bedoeld, onbedoeld en die doelbewus verswyg

Die simbool as verwysing

Die siklus, titel, onderskrif.

Hoofstuk VII ..... Agtergrond en Verwysing 227

Gebruiksmoontlikhede van die term agtergrond

Ervaringsveld; persoonlike en algemene verwysing

Verwysende aspek

Die literatuur as agtergrond

Grondverhaal

Agtergrond en simboliek

Aanleiding

Genetiese agtergrond: die digter en digterskap ('n ketterse gedagte)

C.

Hoofstuk VIII ..... Die Kruisverwysing 278

Terminologie

/ Kan

die taalkennis soms te kort skiet nie, maar ook die spesifieke kennis, kennis van 'n saak.

Twee voorbeelde uit die poësie sal voldoende illustreer: Elisabeth Eybers skryf in Die Helder Halfjaar[32] Röntgenfoto as naam van 'n gedig, en alhoewel die woord deur die gedig self redelik goed verduidelik word (o.a. deur portret ... van die skelet ...) sou 'n leser tog sonder om ooit so 'n foto te gesien het, bietjie moeilik aan die lang beeld om die Röntgenfoto kon vát as hy nie „ervaring" van die saak onder bespreking gehad het nie.

Dieselfde gebeur heel waarskynlik ook op 'n ander vlak, die vlak van rooikat, maar hier is daar uit die aard van die saak minder sprake van spesifieke kennis as in die geval van die tegniese woord en die eienaam.

Omdat die tegniese term alreeds nie algemene besit is nie, nooit heeltemal allemansgoed word nie, sal dit oorgaan in die gebied van die verwysing. Só dun word die skilletjie tussen die gewone woord en die verwysende woord.

Soos in die geval van Van Heerden se Slak:[33]

G'n hawe vir die klein skip?
'n Slymspoor oor die grys verlate sandsee
wat swenk - - - enorm en aards vertraag - - -
'n mondinglose aar van dooie spraak
en klein sekondes tot oneindigheid verleng . . .

Met skip en see, en lyf en lug
in kruisbestuiwing één, is traag osmose traer,
geduld so week en oud soos weemoed en verdriet:
Bemin mekaar, bemin jouself
- hermafrodiet.

/ Heelwat

---

32) Elisabeth Eybers: Die Helder Halfjaar - - - p. 31.

33) Ernst van Heerden: Koraal van die Dood - - - p. 20.

Pagina

Kan verwyser en objek binne dieselfde gedig lê?
Aanhaling en Kruisverwysing; Herhaling
Variante in die woordgebruik by herhaling
Veranderde situasie
Plek van voorkoms binne 'n gedig
Die saamfunksioneer: situasie en variasie-aspek.
Die funksionele konstante
Herhaling: klank en woordspel
Kruis- of oorkruisverwysing
Die opstapeling van gegewens; weer eens kennis; terugverwys

Hoofstuk IX .....Kruisverwysing (vervolg) 314
Die reeks as kruisverwysing
Die reeks as konstituerende element t.o.v. vlak en simbool

Nawoord 331

Bibliografie van aangehaalde werke 334

- - o O o - -

Heelwat „voorkennis" oor die slak word hier ter sake: die feit dat hy 'n slymspoor laat, dat dit tweeslagtig is. Ons begryp is dus nie slegs afhanklik van die kén van woorde soos kruisbestuiwing, osmose, hermafrodiet nie, maar ook heelwat pre-literêre, spesifieke kennis oor sake wat deur hierdie woorde genoem word, is nodig. Sonder spesifieke wetenskaplik-dierkundige kennis (kennis wet nie deur die taalsisteem geïmpliseer is nie) staan die leser voor 'n begrypprobleem.

Selfs die gewone selfstandige naamwoord (om nou maar 'n rededeel te noem) kan dus as verwysing gebruik word, sodra dit nie meer 'n (vertalende) woordeboekbetekenis as genoegsaam in die konteks kan gebruik om begryp te word nie.[34]

Ons kan dus ongeveer dieselfde sprong maak van die gewone woord as „materiaal" en die tegnies-verwysende woord as „materiaal" en die saak uitbou oor die aanhaling en die sinspeling tot in die eienaamsverwysing.

Genoeg om hier te beweer dat materiaal, ten spyte van verwysingsvreemdheid aan die wêreld van die gedig, maar slegs gradueel van 'n „gewone" stukkie materiaal (soos 'n saak wat deur 'n woord genoem word) verskil.

Immers: die feit dat die gedigstruktuur hom slegs deur taalgewoonte aan ons kan openbaar, hou al 'n voor die hand liggende implikasie van wêreldgebondenheid in, soveel te meer omdat elke gedig in mindere of meerdere mate sakekennis ver-

/ onderstel

---

34) In Grense (N.P. van Wyk Louw, Alleenspraak) staan:

> My naakte siel wil sonder skrome
> in alle eenvoud tot jou gaan,
> soos uit diepe slaap ons drome,
> soos teen skemerlug die bome
> opreik na die bloue maan;
>
> gaan met al sy donker wense .....

Dit word gou duidelik (cf.: diepe slaap, donker wense en die moontlikheid dat die beeld van donker bome wat na die lig reik ook 'n psigiese parallel mag hê) dat drome hier 'n Freud-konnotasie mag saamdra!

V O O R W O O R D

Dit was 'n voorreg om hierdie studie onder die toesig van professor N.P. van Wyk Louw te kon voltooi en om te kan sê dat hy verantwoordelik is vir die grootste deel van enige literêre vorming wat ek mag besit. Dat ek die nut van sy oordeel, sy insig in die verwysingsprobleem en wetenskaplike metode, sy detailkritiek gehad het; dat ek soveel van sy aandag vir gesprekke oor die studie kon opeis; dat hy bereid was om sy werk openhartig met my te bespreek en Tristia en sy vroeëre werk vir my selfs groter betekenis te laat kry - - - daarvoor kan ek net my opregte dank getuig.

Ook aan dr. Ernst van Heerden my dank vir baie insiggewende gesprekke oor sy eie poësie en oor die onderwerp. Ek dank mnr. A.J. Coetzee van die Universiteit van Natal vir twee verwysings wat ek kon gebruik.

* * *

Hierdie studie het oorspronklik begin as 'n M.A.-verhandeling oor die verwysings in die poësie van Peter Blum. Dit het egter gou duidelik geword dat:

1) 'n volledige beeld van die verwysingsvelde in 'n digter se werk byna nie verkry kan word nie; en

2) dit onmoontlik is om enigsins wetenskaplik met 'n onderwerp soos bogenoemde om te gaan sonder 'n deeglike voorstudie oor wat verwysing genoem kan word.

Dié voorstudie is onderneem en het uiteindelik met die verlof van die Senaat hierdie vorm aangeneem.

Uiteraard is daar in die hieropvolgende bladsye dus gekonsentreer op die begrip verwysing en wat daarmee saamhang. Geen groot uitsprake oor die funksionele aspek van die verwysing is nagejaag nie, en in die voorbeelde wat gebruik is, het ons grotendeels uitgegaan van die onomstredene. Voorbeelde

/ wat

onderstel. Die betoog kan vir 'n oomblik ingedryf word téén wat ons onder die wêreld-van-die-gedig verstaan (soos dit duidelik gestel is toe sekere kwalifikasies by Lindes en Wellek en Warren se opvattings gevoeg is) en ons kan beweer: dat 'n gedig wat homself slegs deur konvensie openbaar en in sy wese „openbaring" is, hom nie moet vlei dat hy 'n onafhanklike bestaan voer nie. As hy sy bestaan deur ontoeganklikheid prysgee, kan hy nie sê dat hy onafhanklik is van die instrument wat toeganklikheid bewerkstellig nie - - - soos die taal en <u>kennis</u> in hierdie geval is. Mens kan nou maar nie met 'n moderne ervaringsveld die mure van Jerigo as 4½-duimsmuurtjies beskou net omdat jy as leser weier om jou ervaringswêreld en <u>kennis</u> by die lees van 'n gedig in gedrang te bring nie.

Die verwysing se vreemdheid, so lyk dit, is slegs gradueel ten opsigte van sake wat saam met hom in die wêreld-van-'n-gedig geïntegreer is.

'n Gedig kan dus heterogene elemente van buite in homself integreer; elemente in verband roep wat dikwels nog as „vreemd" herkenbaar is, of heeltemal vreemd kan bly totdat die vakkundige kommentaar dit opgeklaar het.

Die wêreld-van-'n-gedig kan dus uit ander „wêrelde" opgebou word - - - soos ons voorbeeldgedig dinge van buite betrek het. Om egter „heterogene" of „vreemde" elemente <u>altyd</u> tot die absolute fiktiwiteit te reken, lyk na die oordrywing van 'n prinsipe. Die digter het die reg om van vakkundige of „werklikheids"-gegewens gebruik te maak - - - selfs verdraaid, as hy wil - - - en die werklikheid in sy fiksie te betrek as hy dit nodig vind.

Die basis is: Hoe vul die „vreemde" onderdele mekaar aan tot geheel. Hoe goed het ons dit reggekry om Babel in ons Ou Mutual in te messel (soos Blum in <u>Opwekkingspreek</u>). In die struktuur sit die wêreld-van-die-gedig (nié die <u>hele</u>

/ waardebepaling

wat dus òf maklik aanwysbaar, òf soms heel bekend is, is gebruik, omdat 'n alreeds lywige werk deur onnodige en soms irrelevante bewysvoering nog 'n paar duim om die middel sou kry.

In die terrein wat verken is, is die terme nog onseker en die begrippe abstrak. Dit was dus onmoontlik om die uiteensetting altyd „vlot" en „maklik" te hou. Mens kan maar net hoop dat die voorbeelde wat gebruik is, genoeg konkreetheid gebring het. Hierby voel ek dat bogenoemde twee faktore daartoe gelei het dat 'n te veel aan parentese in die styl gekom het. Soms selfs parentese binne parentese. Maar dit kan skaars anders, wanneer selfkritiek mens telkens dwing om uitsprake te kwalifiseer en te relativeer en om fyn betekenis-nuanses na te streef. Om telkens elke kwalifikasie deur sý kwalifikasies te voer, sou die omvang van die studie buite die perke van redelikheid gevoer het.

Die motivering van 'n studie van hierdie aard word gewoonlik deur die studie self as oorbodig bewys. 'n Formele motivering is dus nie ingevoeg nie. Die studie self toon voldoende aan dat 'n fenomeen wat so diep in die letterkunde wortel en op soveel maniere literêr bruikbaar is, 'n lang studie soos hierdie verdien. Dit is voor die hand liggend dat die letterkunde hom oor 'n fenomeen soos die verwysing, oor die werking en die reikwydte daarvan sal moet besin. Onbeskeie sou dié studie dan kan pretendeer om 'n stukkie literêre fenomenologie te wees.

Die tema is deel van die literêre teorie en dit regverdig vandag veral intensiewe studie omdat die moderne poësie so wyd verwys en digters naas nuwe verwysingsvelde ook steeds nuwe gebruike van die verwysing ontgin. Soos N.P. van Wyk Louw dit stel: [1]

/ „Ons

1) N.P. van Wyk Louw: ongepubliseerde intreerede - - - Universiteit van die Witwatersrand.

waardebepaling niet), nie in die materiaal wat gebruik word om die wêreld te skep nie.

En die feit dat die vreemde liggaam nog as vreemde liggaam te herken is, maak 'n struktuur nie noodwendig minder heg nie (hoe sou Joyce dán gelyk hê!), dit kan net en is net 'n heerlike gekonsentreerde soort noem, wat nie net met woorde noem nie maar ook telkens hele wêrelde naderskraap as die gedig dit verlang.

Literêr geaproke, sou mens kon beweer dat, soos elke woord (ook boom) sý wêreldjie die gedig binnetrek, so die verwysende frase, of woord, of sin nog te meer. As die woord sý saak kan binnebring, hoekom die verwysing sýne verbied?

Ten opsigte van Wellek en Warren se opvatting van fiktiwiteit sou mens 'n standpunt kon formuleer soos die volgende: die gedig bepaal self in hoeverre sy fiktiwiteit wil strek; in hoeverre Caesar karakter of historiese figuur is. Die gedig is eers onafhanklik van sy grondstowwe as hy hom self self-beslote getoon het ten opsigte van sy grondstowwe. Die feit dat sommige verwysings hulle as vreemde liggame laat ken, doen nie noodwendig afbreuk aan die eenheidstruktuur van so 'n gedig nie, mits ook die vreemdheid 'n funksie vervul.

'n Gedig bestaan uit die byeenvoeg-tot-nuwe-struktuur van veelsoortige materiaal; die verwysing is een daarvan.

Die definisie-moontlikheid van binne-buite die gedig word dus uit die aard van die saak deur bogenoemde stelling bemoeilik. Die enigste oplossing om 'n algehele weerspreking te voorkom, sal dan tog maar moet wees om terug te keer na kennis, verklaring en verhouding tussen verwyser en objek. Verwysing kan dus daardie deel van 'n gedig wees waarin spesifieke kennis van die leser veronderstel word omdat die gedig genoeg aanbied om die gebruik daarvan noodsaaklik te maak

/ t.o.v.

„Ons Westerse letterkunde (ook ons Afrikaanse) het hierdie kenmerk: dat hy sy verwysingsveld onmeetlik (miskien tot in die onbegrensde) uitgebrei het. Ons eie tyd laat aan die literatuur radikaal verwysing na álles binne die tyd en ruimte toe - - - en daarbuitet; na die alledaagse én die wetenskaplike feit; dit is asof alle „volke en menigtes en nasies en tale" synsbaar aan die letterkundige woordeskat gemaak is."

Só 'n verskynsel is tog 'n studie werd!

Of om nou maar nog 'n stelling by te haal wat sal aantoon hoeveel studie-moontlikhede die verwysing inhou - - - en dan kies mens maar een uit duisende:

„To turn the capacity of recognising recondite references into a shibboleth by which culture may be estimated is a perversion to which scholarly persons are too much addicted." 2)

In die loop van die studie word dit steeds duideliker dat die verwysing basies en alomteenwoordig in die literatuur is. Daarom staan mens steeds meer verbaas dat die terminologie nog so vaag en los is, en dat die fenomeen nog nooit intensief en sistematies ondersoek is nie.

By 'n studievoorwerp soos die verwysing is daar natuurlik nooit matematiese sekerheid oor die presiese plek waar dit begin en eindig nie (rym is dalk kruisverwysing - - - cf. p. 304). Dit is dus moontlik dat alle „sorte" verwysing nie genoem is nie, of dat die gebied wat die studie moes bestryk in werklikheid nóg verder strek as wat ons vermoë ons in staat gestel het om dit aan te dui. In een studie kan 'n begrip soos hierdie nie volledig bestudeer of beskryf word nie.

/ Indien

---

2) I.A. Richards: Principles of Literary Criticism - - - p. 218.

t.o.v. begryp. Buite word dan slegs die deur die teks onverklaarde. Met dit daarby: dat dié deel van die gedig wat verwys (die verwyser) juis dan 'n verband vertoon met 'n objek wat nie absoluut-verklaard in die gedig aangebied word nie, maar assosiatief of andersins in verband gebring word met die verwyser.

Selfs al definieer bogenoemde slegs ten dele, kan dit wel ten opsigte van die res van die studie as uitgangspunt dien. Die verwysing veronderstel 'n tweeledigheid: die verwyser en objek. Hoe die leser daarin slaag om (sê maar assosiatief) van die een na die ander te kom, sal wel telkens in hierdie studie opduik. Nogtans sal die buitegrens van die wêreld-van- die-gedig (soos dit hierbo kunsmatig bepaal is) 'n aanduiding kan bied van wat verwysing moet heet en wat nie.

Met diepe besef van sonde om dié vaagheid sal ons dan alles as verwysing uitsonder waar daar 'n verwyser en objek aan weerskante van dié grens te bespeur is. Met natuurlik, die gedurige kwalifikasie van die hele afgelope hoofstuk daarby.

Verwysing kan dus die proses heet waardeur sekere feite uit die empiriese buitewerklikheid wat nie in die gedig self vir die oningeligte absoluut-volledig aangebied word nie, vir die begryp van sekere mededelings in die fiktiewe wêreld-van-die-gedig ter sake word; dus in noodsaaklike verband tot daardie mededelings staan.

Niemand kan, om nog 'n slag saam met Grové te praat, by die lees van 'n gedig „ontslae raak van sy eie voorraad kennis" en ervaring nie, en soms moet dié voorraad aangevul word. In dié saamspeel van die leser, sit 'n groot deel van die spel.

/ SOORTE

Indien die studie dan nut het, is dit enersyds in die omskrywing van die fenomeen verwysing en andersyds in die proef wat gemaak is om te bewys hoe wyd toepasbaar dit is.

En daarnaas net studies soos hierdie darem altyd die volgende nut: latere hoogleraare sal vir hulle studente kan sê: in dié rigting hoef jy nie meer die teoretiese moeras binne te gaan nie - - - daar lê net die beendere van 'n dissertasie.

Die bibliografie aan die einde bestaan slegs uit werke wat in die studie genoem of aangehaal is. Hoewel mens van ander boeke geleer het, is in 'n moderne literêre studie net nie meer te meet nie.

- - o O o - -

SOORTE VERWYSING EN VERWYSINGSVELDE

Uit die voorafgaande drie hoofstukke het dit reeds duidelik geword dat mens die verwysing skaars sou kon benader sonder om te let op enkele vorme daarvan, met ander woorde, op sekere soort . Die begrip verwysing laat hom baie duidelik op vele gebiede geld, funksioneer op meer as een manier in die gedig, kan op verskillende maniere „aangebied" word en kan sy funksie op baie maniere vervul. 'n Indeling in soorte sou dus die moeite loon. En, uit die aard van die saak, sal daar hiermee nie ontken word dat ons nog met slegs 'n enkele basiese fenomeen te doen het nie - - - die gesprek sal altyd gaan oor: soorte, aspekte, van dieselfde begrip: verwysing.

By 'n begrip wat so déúr die letterkunde lê, sou die gebruiklike algebraïese metode met vrug kan toegepas word: kyk maar eers ook na die faktore voordat jy verder gaan of begin hoop dat jy die vergelyking sal kan oplos. Om soorte te onderskei is tog ook denkmiddel, en vir hierdie studie belangriker: beskrywmiddel. Dit bied die uiteindelike draad van die betoog wat sal oortuig of nie. Indelingsmanie is dus nie die aanleiding tot hierdie soort-soek nie. In hierdie geval sou 'n indelingsfobie aanleiding gegee het tot groter wanpraktyke.

Enkele moontlike indelingsmetodes doen hulle voor. Die belangrikste sou kon wees:

1) Die gebruik van die verwysingsveld.

Hierdie term verklaar homself tot op groot hoogte.[35] Velde, van magnetiese velde tot dié velde waar die vee in wei, het altyd dié eienskap in hulle betekenisveld - - - so gebruik mens woorde om hulleself te omskryf - - - wat ooreenkom: dit gaan oor 'n gebied, nie oor 'n soort nie. Dit

/ dui

35) Alhoewel dit gou duidelik sal word dat ons die term enigsins anders gebruik as J.C. Kannemeyer in Die Dramatiese Spreker in 'n Vers - - - p. 80.

... and now, here am I, with my handful of abstractions ...

dui ruimtelik aan. Aan die ruimtes wat elk beslaan (ook waar hulle óórmekaar slaan) sou daar egter, met bietjie goeie wil, ook soorte gekoppel kan word. Daar sal gepraat kan word van: literêre verwysing, historiese verwysing, geografiese verwysing, tegniese verwysing. Of onder historiese verwysing van: negentiende-eeuse verwysing, prehistoriese (pre-1900, pre-1962, pre-wat-ook-al), nátwintigste-eeuse, tydgenootlike, ens.

Dit is duidelik dat die terminologie verskuifbaar word, dat die uitgangspunte (eeue, dekades, jare, maande, skadudrome) òf te groot òf te klein is. Velde is nou maar eenmaal van so 'n aard dat die een deur die ander ingesluit kan word, maar dat albei nog velde bly.

'n Indelingsmetode sou dit wel kan word, met baie noukeurig-aangeduide kunsmatige grense, maar of mens op hierdie wyse veel van die aard van die verwysing sal wys word, val te betwyfel. Daarvoor vloei alles nou maar eenmaal te veel „deur tyd en plek" aaneen.

Ter illustrasie:

Cervantes: Literêre verwysing? Historiese verwysing?

Eugène Marais: Literatuur-historiese verwysing? of moet mens presies bepaal hoe die digter wou verwys en dan praat van biografies-anatomiese verwysing in die geval van die groot snor en lang neus en gemeenskaplike maerte?

Die bestudering van verwysingsvelde sou wel nuttig gebruik kon word: Iemand sou kon skryf oor die godsdienstige verwysing by, sê maar, Elisabeth Eybers. Maar dan is die term „godsdienstig" grootliks nuttig uit hoofde van sy veldafbakenende funksie en uiteraard kunsmatig.

'n Verdere nut van die verwysingsveld sou kon wees die wyse waarop dit die insig in literêre probleme help belig wanneer dit ooreenkomstig behandel word. Dit is 'n legitieme

/ literêr-



literêr-historiese uitspraak om te sê: by Toon van den Heever is die klassieke verwysing vir die Afrikaanse poësie na vore gebring, òf, die moderne skrywer verwys na ander dinge as sy voorgangers. Selfs literêr-teoreties sou daar uit verwysingsvelde en die feit dat hulle 'n neiging tot wyerword of 'n penduleslag tussen maklik-moeilik openbaar[36] heelwat kon afgelei word. Nuttig is die bestudering van die verwysingsveld en die veld waarin die verwysingsvelde verspreid lê op enige gegewe oomblik in die literatuurgeskiedenis - - - of oorskouend: in die literatuurgeskiedenis as geheel - - - dus wel.

Ons wil dus sonder om die nut of noodsaaklikheid van die studie van verwysingsvelde by 'n geskiedenis of 'n digter in twyfel te trek - - - vergelyk maar die feit dat Van Wyk Louw en Blum albei geneig is om in hul romeins-klassieke verwysings na die tydperk van verval te verwys - - - bewoer: dat die terminologie van „velde" vir hierdie studie onmoontlik wyd en onpresies word. Ook dat om die aard van die verwysing te bepaal, mens slegs sekondêre kennis behoort te neem van die „veld" as sodanig.

'n Indelingsbeginsel wat op velde gebaseer is, sal ni vir ons 'n presies genoeg skryfdraad bied nie. Maar dat die verwysingsveld wel deeglik meehelp tot 'n beter verstaan van teoretiese probleme (vgl. maar die aanklag dat digters te ver verwys), van die motivering van uitsprake (sê maar, as eenheidskeppende element waar 'n digter 'n bundel om een veld bou) en van die <u>rigtings</u> in die literatuurwetenskap, dit betwyfel ons vir geen oomblik nie.

Maar as indelingsbeginsel vir hierdie studie, sal verwysingsvelde nie deug nie. / 2.

---

36) Of. die aangehaalde intreerede van prof. N.P. van Wyk Louw.

OPSOMMING VAN DIE LITERÊRE VERWYSING AAN DIE HAND VAN VOORBEELDE UIT DIE AFRIKAANSE POËSIE

P. G. du Plessis

Universiteit van die Witwatersrand

1965

2) Dit sou verder moontlik wees om volgens die wyse waarop die leser op 'n verwysing reageer, selfs volgens die aantal lesers wat op die verwysing reageer, 'n gawe maar terminologies vloeibare indeling te maak: die kriptiese verwysing, die algemene verwysing, ens. Maar dat mens ook hier uiteindelik met 'n erg subjektiewe beginsel te doen sal hê, ly geen twyfel nie. Die „ek" se reaksie sal, selfs al word dit sovoel moontlik ontken, altyd die ondergrond vir dié soort indeling vorm.

3) Die wyse waarop die verwysing in die gedig funksioneer sou ook 'n indelingsbasis kon bied, net soos die „verhouding" tussen objek en verwyser. Laasgenoemde staan so nou in verband met eersgenoemde dat mens selfs die twee sáám sou kon gebruik: teenstellende verwysing, parallelle verwysing, ironiese verwysing, ens.

4) 'n Vierde moontlike indelingsbasis sou dié een wees wat ons tot dusver gevolg het, wat grotendeels - - - maar slegs -deels - - - die wyse waarop die verwyser aangebied word as uitgangspunt neem, en nie - - - soos dit met verwysingsvelde die geval sou wees - - - die objek en sy verspreiding nie.

Hiermee beland ons dan ook weer by die lastige probleem dat die indelingsbeginsel baie nou met die taalkunde sal skakel. Maar oor die feit dat die verwysing, net soos die taalkunswerk in taal na ons toe kom en die verwyser dus altyd taalgeskakeld is, het ons alreeds gepraat. Ons het immers gepraat van eiensamsverwysing, kruisverwysing, aanhaling, wat almal ook die taalkundige sal interesseer. Tog wil ons, soos reeds herhaaldelik gestel, die taalkunde tot hulpwetenskap neem en die literatuurwetenskap as grond-dissipline.

Want, so het dit reeds geblyk, juis in die aard van die verwyser openbaar die <u>soorte</u> verwysing wat ons sal onderskei

/ hulle

A.

Ten einde 'n uitgangspunt te vind, is nagegaan hoe die kritiek die begrip verwysing en aanverwante terme gebruik, en hoe woordeboeke dit omskryf. Enkele kenmerke van die fenomeen verwysing is aan die hand hiervan geïsoleer.

Dié kenmerke is toegepas op 'n gedig wat bespreek is met toespitsing op die reaksie van die oningewyde leser en daarna op die reaksie van die „ideale" leser.

Die moderne opvatting wat betref die wêreld-van-die-gedig is bespreek en die volgende uitgangspunt (sterk gekwalifiseer) aanvaar: wanneer kennis van „buite" die gedig móét meeheln by die potensieel volledige begryp van 'n mededeling, en dié mededeling dus nie ál die nodige feite vir volledige begryp saak-lik aanbied nie, sal verwysing aanwesig wees.

Uit die moontlike benaderings t.o.v. soorte verwysing, is die aanbieding van die verwyser as uitgangspunt gekies.

B.

Die eienaam tree dikwels as verwyser op. Daar word onderskei tussen nie-verwysende en verwysende eienaam. Nie-verwysend is: die fiktiewe naam van 'n karakter in 'n gedig; die volledig verduidelikte eienaam; die onbelig-gaande eienaam, ens. Taalkundige uitsprake se hulp word by laasgenoemde onderskeiding ingeroep.

Die volgende word bespreek: funksie van die eienaam en die eienaamsvorm; die hoeveelheid wat in die eienaam gelees word; die wyse waarop die eienaam aandui; die leesprobleme wat die eienaam vir die leser inhou; die groot ooreenkoms tussen die funksie en teorie van die eienaam en die verwysing.

/ Die

hulle ooreenkomste en hulle verskille. 1, 2 en 3 hierbo sal egter wel telkens ter sprake kom, want ook deur 'n indelingsbeginsel moet mens jou nie laat bind nie. Ons het immers met die voorneme begin om die begrip verwysing te volg tot wáár hy ook al in die letterkunde ter sprake sal kom. Hoe wyd die begrip vertak, hoeveel dingo hy aanraak, dit is o.a. die doel van hierdie studie.

Die aanhaling word bespreek ten opsigte van: sy sterk vormlike betrokkenheid by sy objek; die funksie van variasie in 'n aanhaling; as vreemde liggaam in die struktuur waarin hy opgeneem word; die verband wat tussen verwyser en objek bestaan.

Vir die vormlik betrokke verwysing (aanhaling) word daar 'n teenpool gevind in die feite-verwysing. Vormverwysing en aanhaling uit die taal is dan een uiterste en die verwysing wat sonder enige vormlike betrokkenheid na 'n feit verwys, die ander. 'n Hele paar oorgangstadia tussen hierdie twee vorme van die verwysing word geïllustreer.

Die verwysing het, toe die kennis-maatstaf verder toegepas is, die gemene deler in die volgende literêre begrippe geblyk: plagiaat, epigonisme, navolging, reminissensie, retoriek, oorspronklikheid, ens. Ook die tradisionele simbool, die modewoord, die siklus, die motto, die onderskrif en verduidelikende aantekening word met die verwysing in verband gebring.


Op breedste vlak kan die verwysing aan die hand van die term agtergrond en verwysende aspek[1] (laasgenoemde: wanneer spesifieke verwysers moeilik te onderskei is, maar 'n breë objek wel) tot by die algemene gevoer word. 'n Leser se ervaringswêreld (so „breed" as: kennis van kultuur, 'n geskiedenis, die literatuur, 'n grondverhaal) speel dikwels saam in die uiteindelike begryp. Die volgende voorstelling is moontlik:

---

1) Die term verwysende aspek word in Hoofstuk VI. omskryf.

HOOFSTUK IV

Verwysing en Eienaam



Taalsistematiese en sake-kennis

Die wyse waarop lesers se ervaringsvelde deur die verwysing in die gedrang gebring word, word bespreek aan die hand van die persoonlike en algemene verwysing - - - géén verwysingsveld word die digter ontsê nie.

C.

Die aanvanklike indelingsbeginsel (binne/buite die gedig) wor[illegible] te eng bewys omdat die fenomeen <u>verwysing</u> hom ook volledig in 'n enkele gedig kan voltrek. (Kruisverwysing).

Enkele aspekte van die kruisverwysing word bespreek: die funksie van herhaling, variasies by herhaling, die situasies waarin herhaling voorkom, die invloed van die plek in die gedig wáár herhaal word, die funksie van die vorm en die funksionele konstante in die herhaling, die rol van klánk in die herhaling, die woordspel.

Kruisverwysing veronderstel altyd terugverwysing; die opstapeling van gegewens bring mee dat elke mededeling na relevante mededelings wat vóór hom staan, verwys.

'n Groep verwysings wat almal dieselfde objek het, vorm [illegible]ettertyd onderling 'n kruisverwysende verband - - - 'n reeks. Reekse kan 'n sterk struktuurelement wees en meehelp in die konstituering van vlakke en simbole.

EIENAAM

Die eienaam kan, soos in Hoofstuk III beweer is, dikwels in 'n gedig as verwysende woord (as verwyser) optree, of die moontlikheid van verwysing inhou, omdat dit die nie-fiktiewe in die fiktiewe wêreld-van-die-gedig ter sake maak, die werklike genoemde naas die in-fiksie-aangebodene intrek. Dit is dan ook, ten opsigte van die leser se begryp juis die eienaam (Cervantes, Lepanto) wat meedoënloos verwys: as dit nét „nie-karakter" is, skakel dit vir die leser wat nie die figuur-in-die-werklikheid of die plek-in-die-werklikheid ken nie, die meeste en hoogsnoodsaaklike begrypsmoontlikhede uit. (Met heelwat kwalifikasies, wat in die loop van dié hoofstuk sal duidelik word, daarby, natuurlik; ten opsigte van die voorbeelde wat hierbo genoem is, hou die stelling in elk geval steek.)

Omdat dit juis die eienaamsverwysing is wat in Hoofstuk III sekere afwykings skyn te vertoon het, sou mens dus noodsaaklikheids- en gerieflikheidshalwe die eienaam kon uitsonder as 'n soort verwysing. Dit dan ter motivering vir wat hieronder volg.

Die eerste vraag ten opsigte van die eienaam as verwysing moet natuurlik soos volg lui: „Is alle eiename wat 'n leser in 'n gedig mag teenkom nou sonder meer verwysing? En indien nie, waar begin dié „verwysende" eienaam en hou die „gewone" eienaam op?"

Enkele beperkingsmoontlikhede doen hulle in hierdie opsig voor:

1. „Karakter in 'n gedig" en die „volledig-verduidelikte" eienaam

Aangesien hierdie probleem reeds in Hoofstuk III benader is, slegs die volgende:

Die „karakter", die fiktiewe figuur wat sy bestaan en

/ naam



naam aan die skrywer se duim te danke het, is nie verwysing nie, kán immers tog nie uitwys nie, want dit het met die buite-werklikheid niks te make nie. Sý bestaan is beperk, dit strek van omslag tot omslag en kry in dié kort bestek sy volledige voltrekking. Deur mededelings word hy opgebou, aangebied, afgehandel.

Van Wyk Louw skryf in Tristia: [1]

> Svend Foyn het die harpoenkanon bedink
> en op 'n ysterstoel laat sit;
> toé: die harpoen gerig op walvisse
> - o, die sagte sagtes, in die wit
> sneeu-see, sneeu-branding,
> o, die sagte eilande van bloed - .

Nou het Svend Foyn inderdaad in die werklikheid sy harpoenkanon bedink, gemaak en op walvisse gerig, maar dit is presies soveel wat die gedig ten opsigte van Svend Foyn wil hê. Sy huwelikslewe, snor, eetgewoontes, en die wyse waarop hy sy knope vasgemaak het, is nie ter sake nie. Die gedig bied trouens genoeg aan, ook vir die leser wat geen kennis oor Svend Foyn na die gedig bring nie. Die leser hoef niks by te dra nie, Svend Foyn is, wat die gedig betref, ten opsigte van „kennis", presies „af"; wat van hom geweet moet word om te begryp, word aangebied. Hy kón bloot karakter gewees het, of nie, aan die gedig en die begryp daarvan, maak dit geen saak nie. Sy „meaning" [2] is in die struktuur voldoende en sy „potensiële", magtige, nie-uitsê-bare totaal is nie as geheel ter sake nie. Hy voer, by wyse van spreke, in die gedig 'n beperkte bestaan.

/ Net

---

1) p. 28 (XXX).

2) Ek gebruik die Engels hier omdat die sin waarin die term - - - en die res van die sin - - - verstaan wil word, eers hieronder begrens word.

HOOFSTUK I

Net soos enige karakter (of plek, soos Gonnakolk) opgebou word deur 'n reeks mededelinge, relevante stellings, implikasies en uitbeelding, so word dié karakter ook begrens. Caesar voer in die Shakespeare-drama 'n „afgeronde" bestaan; slegs die deel wat meegedeel word, is ter sake, die res nie. Tensy daar voor-kennis by die leser veronderstel word (Et tu Brute). Dan meteens is die werklikheid van buite ter sake, dan word Caesar verwysend. Of natuurlik in die geval van 'n literêre verwysing, die „ander" fiktiewe bestaan, elders, buite die gedig. (Kiesiot in ons voorbeeldgedig).

Die eenvoudigste geval sal seker die gediggie van Visser wees:

As ek so wys soos Nestor was,
Kon spot soos Aristophanes,
'n Wysgeer soos Pythagoras,
'n Filosoof soos Sokrates,
Geleerd soos Thales van Milétus,
Of Pittakos van Mytiléne,
So spreukeryk soos Epiktétus,
So diep soos Bias van Priëne,
'n Digter soos Homeros was,
Kon dink soos Aristoteles,
'n Kunstenaar soos Phidias,
Geneesheer soos Hippokrates,
Of Mezofante, pront in tale .....
Sou 'k nou nie in 'n woordeboek
So dik en lywig as Van Dale
Die ouderwetse name soek!

/ Beliggaam

---

3) Die Purper Iris en ander nagelate gedigte - - - p. 101.
Die kursivering is deur Visser!

Eers die tekswoord:[1]

„'n Bindende faktor is die refreingebruik van 'n aantal reëls wat na die ou Assiries-Babiloniese religie verwys.[2] Hier is telkens sprake van Irkalla, die doderyk; Apsu, die doodsrivier, grens van die onderwêreld; Nergall en Erasjki-gall, koning en koningin van die doderyk; Isjtar, verpersoonliking van die vrugbare aarde, die lewe as eindelose siklus; Enlil, god van die storm, die anti-mens; Ea, die god van wysheid, van water en die genesingsmag, en die wysgeer Ut-Napisjtim - - - albei weldoeners van die mensheid; en Gilgamesj, die legendariese koning van Uruk in Suid-Babilonië, held van die Gilgamesj-epos in die Sumeriese literatuur van meer as 2,000 jaar v.C. Die skrywer se gebruik van hierdie name het alleen sin as die leser weet waarop die sinspeling dui; dan pas kan die assosiatiewe waarde van die begrippe werksaam en in die ontwikkeling van die gedig geïntegreer word."

Laat ons voorlopig net daarop let dat die twee gekursiveerde woorde as sinonieme gebruik word voordat ons verder aanhaal.

Oor dieselfde bundel onder bespreking sê A.P. Grové:[3]

„Dis 'n moderne bundel om sy openhartigheid, sy talryke heenwysings ..." en

„Dis nie 'n maklike gedig nie, maar 'n gedig wat by die eerste deurlees tog al heelwat van sy basiese konsepsie openbaar. Dié sal ek hier probeer aantoon, sonder om die volle betekenis van die talryke heenwysings te probeer agterhaal."

/ Nog

---

1) Ernst van Heerden, Rekenskap - - - p. 91. Dit gaan oor Barnard Gilliland se Veelhoek.

2) Alle kursivering op die volgende drie bladsye deur my.

3) Die Vaderland, 26 Oktober 1962.

Beliggaam en Onbeliggaam

Die terme hierbo is direkte vertalings van wat Gardiner[4] „embodied" en „disembodied" eiename noem: „..... I shall mean the sort of embodied proper name that both Dionysius and Mill appear to have had in mind, the sort that is exclusively employed of, and tied down to, a particular person or place or whatever it may be." (p. 11)

Die kategorisering (t.o.v. particular persons, ens.) is egter nie deurgaans steekhoudend nie, en Gardiner gee toe dat daar ook eiename bestaan naas „the word referring to a single individual" (vergelyk die voetnoot op p. 29, o.c.: „In my book on Speech and Language, p. 41, I wrongly defined a proper name as a word referring to a single individual. In this mistake, however, I am in good company, both the Oxford English Dictionary and prof. Wyld's Universal English Dictionary sharing in the error."

/ „Disembodied

---

4) Dit is nie nou die plek om eienaamsteorie te probeer skryf nie, al is dit uiters nodig, want selfs genoemde Gardiner (Theory of Proper Names[2], A Controversial Essay by Sir Alan Gardiner) is op vele gebiede aanvegbaar. Omdat die literêre teorie nie afhanklik gemaak kan word van die wisselende uitsprake van die taalkunde nie, word in hierdie studie alleen sodanige taalkundige uitsprake bewus geselekteer wat moontlik lig op literêre verskynsels kan werp. In een opsig is reeds beweer dat Gardiner verkeerd is: J.G.H. Combrink beweer in 'n opstel oor Alan Gardiner se „Pure en „Less Pure Proper Names" (Tydskrif vir Geesteswetenskappe, Jaargang 4, Nr. 4, Des. 1964 - - - p. 263): „Omdat ek geeneen van sy argumente steekhoudend vind nie, konkludeer ek dat hy ten onregte binne sy eienaamskategorie 'n onderskeid maak tussen sogenaamde „pure" en „less pure proper names". Genoemde artikel bied ook ten opsigte van Vrydag in ons voorbeeldgedig 'n oplossing: „Vir my is hierdie taalbousels nie eiename nie maar „gewone" woorde. Easter ....." - - - p. 260.

Omdat ons uit hoofde van ons uitgangspunt nie 'n kritiese behandeling van teoriee oor die eienaam wil gee nie, maar slegs die bruikbare uitsprake deur taalkundiges wil gebruik, neem ons met dank kennis van Combrink se insig, en laat dit daar.

Nog steeds oor Gilliland en sy „verwysings" skryf E. Lindenberg:[4]

„Aan hierdie gevaar (die gevaar van verbrokkeling) probeer die digter ontkom deur die herhaling van motiewe en deur die gebruik van die mitologiese verwysingsveld."

en later

„Die verwysingstegniek is immers by uitstek 'n middel tot konsentrasie ... "

Oor die begrip wat in meerdere of mindere mate deur die gekursiveerde woorde hierbo „genoem" word, wil hierdie studie gaan. Ons veronderstel dus dat die woorde dieselfde begrip, of dan baie nou aan mekaar verwante begrippe „noem". En daar is nog meer woorde (of dan feitelikhede, feitsake) wat met dié begrip verband hou:

Inspeling: „Marais laat naamlik graag die aanvang en einde van verse opmekaar inspeel."[5]

Toespeling: „In die eerste vers word baie nadruklik, byna verdag nadruklik onderskei: „dat is een spiegel en dit ben ik." Vervolgens 'n versluierde toespeling op Jesaja 40 vers 6; „glas en vlees van het ogenblik" is spreukmakend: „alle vlees is glas."[6]

Mens sou oneindig om die verwysingsverskynsel kon aanhaal, dinge bysleep soos kruisverwysing, aanhaling, dubbelsinnigheid, reminissensie, simbool, mite, agtergrond.

Terloops kan daarop gewys word dat die eerste drie aanhalings uit die kritiek oor 'n onlangsverskene bundel kom en

/ dat

---

4) Die Huisgenoot, 8 Maart 1963.

5) H. van der Merwe Scholtz, Sistematiese Verslag van 'n Stilistiese Analise (Eugène Marais: Die Towenares), - - - p. 78.

6) H. van der Merwe Scholtz, Die Dans van die Sluiers. (Beskouings oor Poesie - - - p. 118)

„Disembodied proper names" is dan volgens Gardiner:
„Now when the etymologist focuses attention on the name Mary, it is evident that this name is completely disembodied. Mary is, as it were, the essence extracted from a vast assemblage of embodied Marys." (p. 9)

En by „embodied proper names" raak Gardiner die volgende interessante en t.o.v. hierdie studie gerusstellende moontlikheid kwyt:
„The embodied proper names, though we can and indeed must investigate their theory, as being the primary and originating species, are in their multiplicity of no concern to the philologist as such. The works that deal with this latter class are Encyclopaedias, Histories, Dictionaries of National Biography, Geography books, and the like". (pp. 9 - 10)

Om terug te keer na die onbeliggaamde eienaam: As laasgenoemde bloot die bestudering van name in 'n Franse offisiële naamboek veronderstel (Gardiner, p. 10); slegs kandidate „.... presenting themselves ..... for re-embodiment" is, dan sal dit op literêre gebied moet gelyk gestel word aan 'n geval waar die eienaam bloot gebruik word ten opsigte van attribute wat die naamklank as sodanig mag hê: romantiesklink, mooiklink, gewigtig-klink soos Honor Sint Marnix van der Merwe, of soos Krige dit in Tram-Ode[5] gebruik:

O name wat daar skielik sing,
verlange en verrukking bring,
nagtegale uit die stil beskutte wind van die herinnering....

O name vir my altyd skoon,
blinknuut en ongewoon,
aanskouliker as die anemoon,
fyner gevesel, teerder getint as die yl skemering!

/ O

---

5) Gedigte - - - p. 56. Vergelyk in verband met Honor Sint Marnix van der Merwe o.c. - - - p. 55.

dat die laaste twee nie baie oud is nie. Ons verwysing is dus 'n saak van die dag. (Eerste stasie van die motivering.)

Grobler het dus gelyk as ny sê: „Die afgelope stuk of tien jaar is daar by ons heelwat gepraat en geskryf oor die literêre verwysingstegniek in die poësie ..." 7)

Nie dat die verwysing jonk is nie. Die verwysing is oud:

Daar is verwysings in die Bybel---na die koms van die Messias in die ou Testament, byvoorbeeld - - -, die Grieke het verwys, die Romeine het; geen goeie Dante-vertaling is vandag te koop sonder goeie verwysingsverklarende voetnote nie, die Middeleeue het sy verwysings en die Renaissance sýne. En nader tuis: Eliot verwys tot in die dieptes van die Sanskrit. Nog nader: Afrikaanse poësie verwys.

Die verwysing is soos die armes.

En die studie van verwysings is net so oud. Ons het reeds die verklarende aantekeninge by Dante genoem, laat ons verder teruggaan na die agtergrondstudie van die teoloë en dan maar die saak daar laat.

Die studie van verwysings was egter daarop ingestel om 'n teks te verklaar. Nie om die verskynsel „verwysing" self te verklaar nie; eerder om die oningeligte in te lig, om te verduidelik. Daar is selfs woordeboeke opgestel 8) maar baie min gesê oor hoe die verwysing ís, en hoe hy wérk.

Mens behoort hier nog verder af te dwaal en by te voeg: die verwysing is nie net deel van die literatuur nie, maar ook van die taal. Dit kom nie net in die literatuur voor nie,

/ maar

---

7) P. du P. Grobler, Verkenning - - - p. 80.

8) In sy - - - nog nie gepubliseerde - - - rede by sy intrede as Hoogleraar in Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van die Witwatersrand, noem N.P. van Wyk Louw „Het Groot Natuur en Zedekundigh/Werelttoneel/of/Woordenboek ... Woordenboek/Van meer dan 1,200 aeloude/Egiptische, Griekache en Romeinsche/Zinnebeelden/of/Beeldenspraek ..... (1743)."
Hierby sou mens in die moderne tyd byna alle Joyce-verklarings, Reader's Guides, ens., moes voeg.

O wakker mars van name deur my gees
van stede, dorpe, plase - - - plekke waar ek eens
gewees het,
waar ek verlang het om nog eendag te wees
toe ek as seun, verruk, onder die lamplig van
hulle gelees het.

Die gedig dui dus duidelik aan hoe dié name gelees moet word:- as naamklanke, vol verlange na die (romanties-) onbekende:

Daar is 'n haltjie, Dwaal,
te midde van die vaal
godverlore dor Karoo.
En Arequipa in Peru.
Granada is 'n sprokiestad in Andaloe.
Popocatepetl heet 'n berg se piek in Mexico.
Die laaste stasie voor my tuiste het die mooi
Xhosanaam „Waku.
Terra del Fuego, Tristan da Cunha, Put-Sonder-Water,
Kilimandjaro en Ruitersbospas;
en die Brahmapoetra en Baanskeerderbos .....

O Aldarín! o name, o versugting!
Op Pelgrimsrus in die Transvaal
wil ek weer hoor hoe klink my taal
skoner, welluidender as Provençal.

(En, soos mens by Krige dikwels moet skryf as hy eers aan die gang is: ens.)

Krige is hier besig om enkele eiename bloot om die taal-skoonheid daarvan - - - soos hy dan vooraf heel eksplisiet te kenne gee - - - te gebruik.[6] Dit is dus duidelik „dis-embodied". Die onderskeiding wat ons dus hier kan maak: dit

/ verwys

6) Cf. - - - p. 96.

maar is deel van elke dag se gesprek, die basis van baie grappe, dit kom voor in die koerant, die geskiedskrywing, die natuurwetenskaplike artikel. Die verwysing is deel van die taal en dus ook van die beskrywende taalwetenskap - - - maar dáároor gaan dit nie hier nie.

Die literatuurstudie behoort dus 'n slag ook teoreties daarna te kyk. En dit is ook al gedoen, maar nog nooit enigsins volledig nie, meestal in stukkies en brokkies, artikelsgewys.

Maar om dan terug te keer tot die hedendaagse kritiek se gebruik van die term(e) en die begrip: Ons kan reeds uit die paar aanhalings hierbo aflei dat die begrip dikwels ter sprake kom in die literatuurstudie en die kritiek; dat die kritiek ook oor die verwysingstegniek as literêre middel uitsprake doen (Lindenberg: ... by uitstek 'n middel tot konsentrasie ... ; Van Heerden: 'n Bindende faktor ...). Mens behoort ook af te lei dat wanneer die literatuurstudie en die kritiek iets sê oor die verwysing in 'n werk hulle minstens oor die wérk praat, soos die hedendaagse literatuurstudie dit wil. (In ons aanhalings is dit altans die geval; dat dit ook anders kan wees, word later op gewys.) Dit word al „verwysingstegniek" genoem.

Die grootste regverdiging vir hierdie studie moet egter wees: die feit dat die terminologie óm die verwysing so bónt is.

* * *

Voordat ek verder motiveer--dit kan mens selfs later terloops doen - - - wil ek eers die probleme stel wat vir 'n studie van hierdie aard opduik voordat ek dié probleem stel.

Wanneer mens die eerste keer redelik uitgebreid oor 'n begrip soos „verwysing - - - waarvan 'n hele rits dinge in

/ die

verwys nie, want dit is immers 'n volledige aanbod, daar word niks van die leser byverwag nie: Popocatepetl is náám en ás daar verwysing in sou wees, sou dit bloot na die eienaamsvórm kon wees.

Dit wil dus voorkom asof daar ten opsigte van die verwysing dieselfde prosedure gevolg kan word wat Gardiner volg: die nie-beliggaamde eienaam sal outomaties nie verwys nie, net soos die „volledig-verduidelikte" eienaam.[7] Behalwe natuurlik wanneer daar van „vorm-verwysing" sprake is. (cf. pp. 123 v. en 180 v.)

3. Spesifieke aanduiding, „informasie", „betekenis"

Alhoewel daar meer as een verskil tussen die benaderingswyse [illegible]dner gebruik en hierdie studie is, sal dit tog die mo[illegible]loon om na enkele taalkundige en logistiese definisies van die eienaam te kyk, al is dit dan slegs om 'n enkele ooreenkoms tussen eienaam en verwysing te kan aandui:

Gardiner se eie definisie - - - gewysig in die 1953-uitgawe van Theory of the Proper Name - - - lui:

(1) A proper name is a word or group of words which is recognized as having identification as its specific purpose, and which achieves, or tends to achieve, that purpose by means of its distinctive sound alone, without regard to any meaning possessed by that sound from the start, or acquired by it through association with the object or objects thereby identified." (p. 73)

(2) Mill durf geen definisie aan nie, maar Gardiner som die basiese idee wat uit System of Logic blyk soos volg op:

„..... meaningless marks set upon things to distinguish / them

---

7) En in hierdie geval is die eiename inderdaad „verduidelik" genoeg want dit het hoogstens baie min verduideliking nodig!

die literatuur familie skyn te wees - - - wil dink, veral nog as die term in die verlede onomskrewe gebruik is, dikwels as stoplap om wye verbands aan te dui, lê daar verskeie moontlikhede voor mens oop:

Jy kan, as jy die eerste is wat ook teoreties wil praat, 'n nuwe term uit 'n ou woord maak. Mens sou kon definieer, die term omskryf soos in 'n wet, die begrip omskryf sover dit jou pas; dan sê dat alles wat nie in die definisie val nie, nie verwysing is nie, alles wat akkoord gaan, dit wel is. Maar daar steek in definiëring altyd gevare: aanvanklike definisies kan te eng of te wyd gestel word, selfs verkeerd wees. Ons het ook al in die literatuurstudie gesien hoedat daar, voordat 'n studie aangepak word, eers gou klaargespeel word met begrippe soos God, mens en kuns, voordat dáárvandaan verder geredeneer word. Dit lyk 'n minder nuttige manier van doen.

Mens sou ook - - - veral as jy Latyn ken - - - die begrip kon neem, 'n nuwe term vir die begrip skep. Maar dan sal mens weer moet definieer, omskryf, dinge wat buite die definisie lê, selfs noodsaaklike verbande, nie raaksien nie. Of nog erger: al die uitsprake wat alreeds oor die aangeleentheid gelewer is aan 'n ander term - - - die ou term - - - gaan herken.

Dit het natuurlik al in studies van hierdie aard mode geword om eers die grondstellings helder te kry voordat daar van dié duidelikgestelde, meestal genommerde, akademies-aanskoulike idees logies vertrek word. Maar hierdie stellings - - - of dan aksiomas - - - bly meestal onbewese, meer geloofsbelydenis as feit.

Maar: as ons van voor af wil begin soos die filosowe al wou, dan kom ons in 'n leeftyd nooit eers by niks verby nie. En as mens ál jou woorde begrippe wil maak - - - omskrewe begrippe - - - waar kry jy die woorde om die eerste te omskryf?

/ Tog

them from one another ...." (p. 1).

(3) Keynes, Formal Logic (4th ed., London, 1928, p. 13):
„A proper name is a name assigned as a mark to distinguish an individual person or thing from others, without implying in its signification the possession of any special attributes" (G., p. 68).

(4) Betelson (Faellesnavne og Egennavne, Copenhagen, 1911, p. 14) word soos volg deur Gardiner vertaal:
„A proper name denominates its object without indicating circumstances that are characteristic of that individual or those individuals of whom the name is used."
(G., p. 68)

(5) Funke (Probleme der englischen Sprache und Kultur, Heidelberg, 1925, p. 79)

„Eigennamen sind Individualnamen, die eine Individualvorstellung (sei es eines einzelnen Gegenstandes oder eines individuellen Kollektivs) bedeuten und zu deren Bedeutung weiter die Vorstellung des ‚so und so Genanntseins' gehört; sie nennen Individuen oder individuelle Kollectiva, die existieren oder als existierend gedacht werden (wurden)." (G., p. 69)

Met die hierbo-aangehaalde definisies as uitgangspunt sou daar ook heelwat ten opsigte van die eienaam-as-verwysing gesê kan word. Weer eens sal ons moet standpunt inneem: dit gaan hier nie oor die teorie van die eienaam as sodanig nie, maar oor verwysing. Met die verskille hierbo het hierdie studie dus vrede. Slegs enkele aspekte word bespreek, en dan net dié wat die verwysing raak, of skyn te raak.

Een ding het die definisies hierbo gemeen: „..... a true name ought to call up the thought of something determinate and definite, so much so that we normally forget

/ that

Tog: sou mens van 'n begrip wat 'n studie gaan oorheers, kon praat sonder om by benadering te sê wat dit is?

Daar bly dus twee moontlikhede oor:

1) gaan kyk in die woordeboek hoe die woord(e) omskryf word. Dit lyk na 'n moontlike uitgangspunt, want dit bied ten minste 'n begin wat die terminologie betref en konkrete uitsprake oor die feitelikhede wat met die term verband hou. Aangesien mens egter nie die woordeboekmaker as finale literêre outoriteit kan aanvaar nie - - - al sal hy seker in hierdie geval sy lemmas by die literatuurstudie kry - - - en omdat hierdie studie die literatuurstudie en nie die amateur-taalkunde wil bedryf nie, die tweede moontlikheid:

2) gaan kyk na die literatuur sélf en haal daaruit wat mens as verwysing sal kan bestempel. Die uiteindelike gevolgtrekkings moet hier tog immers seker aan die letterkunde toetsbaar wees. Dit sal voorkóm dat mens te veel agter die term aanloop en dan net van Dale-verwysings[9] raaksien, maar Van Dale sal darem ook kan keer dat mens nie die waarheid tot in die onwaarheid gaan oordryf nie, dat mens nie die term sal oorlaai nie.

Dus: kyk hoe die term deur die woordeboek omskryf word, kyk hoe die kritiek dit gebruik - - - daarvan het ons al 'n proefie - - - , kyk wat in die gedig as verwysing beskou kan word, en stuur dan maar op die term èn die begrip af.

En dan moet mens altyd weet, dat jy met jou saamstem en nie saamstem nie, jou keuse uit die stof, hoe jy die woord toepas, altyd terugval op jou eie - - - darem telkens deur die stof veranderde - - - begrip van die term en die verskynsel. En waar kry jy dié?

/ Eers

---

9) Die WNT en die WAT het nog nie tot by „V" gevorder nie. Ons gebruik dus Van Dale's Groot Woordenboek der Nederlandse Taal[8] as uitgangspunt.

that all a word can do is conjure up a thought. Forgetting this, we naturally and conveniently say that a true name is the name of a definite thing." (p. 35)

Soos die verwysing dus, skyn die eienaam heel spesifiek aan te dui.

Dit is dan ook waarom daar ten opsigte van Gardiner se definisie behoort aangestip te word: dat as identifikasie die hoofdoel van die eienaam is en die eienaam in homself nie betekenis dra nie, dan is die begryp van die eienaam - - - uitgesonderd natuurlik die gevalle wat hierbo uitgesonder is - - - algeheel afhanklik van die leser se kennis van die „genoemde". 'n Naam word aan 'n spesifieke geheel - - - al is dit 'n groep sterre of 'n reeks berge - - - toegeken en dui dit telkens as geheel aan - - - laat dit egter aan die verband waarin dit voorkom oor om dié deel van sodanige kennis as wat vir die begryp van die woord-binne-verband nodig is, of ter sake is, af te baken of nie af te baken nie.

Dit sou miskien duidelikheidshalwe nodig wees om, ten opsigte van Mill se opvatting, Jespersen [8] se uitspraak wat op die teenoorgestelde neerkom en Gardiner se „aanvaarding" van albei, enkele opmerkings van literêre aard te maak.

Ons het gesien dat Mill die eienaam as „meaningless marks" beskou, Jespersen reken dat die eienaam juis die grootste betekenis dra, terwyl Gardiner sê:
„Can a proper name be both meaningful and meaningless? I believe it possible, and that the seeming contradiction lies in the varying degree of immediacy (in both the etymological and temporal senses of the term) possessed, on the one hand by proper names, and on the other hand by words that are not.

/ Ordinary

---

8) „Jespersen argues ... that such names (proper names) so far from being meaningless, are absolutely the most meaningful of all" (G., p. 31)

Eers dan Van Dale se woordeboek:

„Verwijzen, 1) naar elders, een andere plaats wijzen: de lezer naar een tijdschriftartikel verwijzen; ..."

„Verwijzing, 1) het verwijzen (naar) renvooi;

2) aanwijzing om elders te zoeken, te kijken: er staat hier een verwijzing naar [illegible] Chemisch Weekblad van ...; dit artikel in het woordenboek is alleen een verwijzing, verwijst naar een ander artikel."

Mens besef dus al dadelik dat jy op die verkeerde begrip aanlê. Dit lyk asof Van Dale die term só sien: Jy sê vir iemand: „Gaan kyk daar, daar staan ook iets oor." Maar dan moet jy dit uitdruklik sê. Jy moet die leser byna vrá om te gaan naslaan. Jy impliseer dat jy nie alles sê nie, en noem ook die plek waar die leser meer kan kry.

Een voorbeeld uit die literatuur sal aantoon dat ons hiermee nie te ver gekom het nie.

Totius skryf op bladsy 16 van Ragel [10]

„Vermenigvuldig vee en goed
en loop sy dienstyd eind'lik af,
dan loon hy hom, sy troue vriend - - -
'n septer word sy staf."

Op bladsy 17:

„Ook as die einde naak en hy
nog bewend sy bevele gee,
dan beef sy staf waarop hy leun,
met uitgedorde hande mee."

Op bladsy 81 word daar dan „aantekeninge" gegee :

„Bls. 14. Vermenigvuldig vee en goed.
Lees Gen.32:10."

„Bls. 15. Dan beef die staf waarop hy leun.
Hebr.11:21."

/ Behalwe

---

10) Totius, Ragel.[7]

Ordinary words, among which general names play a prominent part, directly convey information; proper names provide the key to information". (p. 32)

Miskien sou, in 'n gedig, die probleem altyd opgelos word deur die struktuur van die gedig, die konteks se inwerking op die eienaam. Trouens, sonder so 'n struktuur kan soveel (van wat die eienaam potensieel kán aandui) as nodig is, ter sake gemaak word, soos ons voorbeeldgedig reeds aangedui het: van die blote identifikasie-rol wat Gert in Oom Gert vertel vervul[9] tot die implikasies van Spáánswees wat La Mancha met hom saamdra.

As „meaning" moet beteken die totale kennis wat 'n Jan se vrou of sy moeder (reg én verkeerd) van hom sou oproep, plus wat sy dokter van hom sou kon weet (of miskien as finale kennis - - - wat die Liewe Vader van hom weet) dan moet ons sê: die „meaning" van die eienaam is onuitputlik - - - onder ons mense kan Jan nie „uitgesê" word nie.

Daarenteen: as „meaning" sou beteken die kennis (ons hou, ter wille van óns betoog, nie ter wille van 'n taalkundig-filosofiese gesprek nie, by kennis) wat die naam sélf oordra, dan het ons die mees niksseggende woordsoort, die mees betekenislose, onder hande.

Gardiner se opvatting van „meaning" by die eienaam lui so (p. 31): „For a proper name to exist, it is necessary that there should be someone interested in, and having at least some knowledge of, that which it names, and this knowledge, whether great or small, must evidently be accepted as the meaning". Dus sou die eienaam dan potensieel die mees

/ betekenisvolle

---

9) Soos dié wat Bredero kan afrits:

Arend Pieter Gijsen, met Mieuwes, Jaap en Leen
En Klaasjen en Kloentjen, die trokken t'samen heen
Na 't dorp van Vinkeveen ....

Behalwe dat die bladsynommers blykbaar met die herdrukkery bietjie deurmekaargeloop het, sou ons tog, as ons Van Dale se definisie van die verwysing wou volg, moes sê: Blr. 14. en Lees Gen. 32:10 is die verwysing, en nie Vermenigvuldig vee en goed na ... ek is te gering vir al die gunste en al die trou wat U aan u kneg bewys het: want ek het met my staf oor hierdie Jordaan getrek en nou twee laers geword, soos dit in Genesis 32 vers 10 staan nie.

Dieselfde sal vir die tweede voorbeeld geld.

Ons vroeër aangehaalde letterkundiges verskil dus van Van Dale. (Van Heerden: „ ..... 'n aantal reëls wat .... verwys.")

'n Baniese beswaar teen die metode wat hier gevolg word, behoort genoem te word. Die beswaar sal wees: „Maar jy gaan soek in 'n ander taal! Tale, hoe ná hulle ook aan mekaar mag lê, se tussentaalse sinonieme verskil tog byna altyd wat betekenis betref, al is dit dan net in nuanse. Dit is dus onvrugbaar om nou in die Nederlands te gaan soek."

Dit is waar. Uit die taalkunde weet ons immers dat twee sinonieme uit dieselfde táál dalk nooit eers presies dieselfde sê nie; dat as mens woordeboeksgewys elke keer agter een van 'n woord se sinonieme aanloop, en 'n bietjie aanhou, jy uiteindelik by 'n woord wat die teenoorgestelde as jou aanvangswoord beteken, sou kon uitkom. En as mens dan nog tússen die tale gaan beweeg, dan word die labirint, as mens eers die draad verloor het, iets waaruit jy nie weer sal kan ontsnap nie. Aan die ander kant moet mens nie die moontlike lig wat die ander taal op jou woord kan werp, sommer maklik ignoreer nie.

My hoop is dus op die draad gevestig:

Van Heerden se sinoniem vir verwysing was sinspeling.

„Zinspelen, ... sprekende of schrijvende op iets of iemand doelen zonder het of hem met name te noemen, bedektelijk

/ aanduiden

betekenisvolle woord moet wees - - - altans volgens hierdie opvatting. Jan kan nie omskryf word nie. Sou daar dalk onderskei moet word tussen „meaning" wat potensieel in die woord lê, en „meaning" wat met elke gebruiksgeval gaan wissel: immers net sóveel kennis - - - nie meer nie --- - is nodig om in elke afsonderlike gebruiksgeval die naam Jan te begryp én dit kan wissel van enkel identifikasie tot by die heel gelade „Jan!" wat op maanligaande geflu ter of die „Jan!" wat 'n paar jaar later klink as Jan skielik spelerig, dronk, of in diverse ander toestande verkeer.

In 'n gedig is dit - - - weer met die kwalifikasies dat Jan dan „buite" die gedig vandaan gehaal word - - - natuurlik áltyd dié geval: die leser wat voor die eienaam staan en dit verstaan, sal uit die magtige potensiële „betekenis" van die naam dít haal wat die gedig vra. Die res is nie ter sake nie, maar na gelang van omstandighede binne die struktuur en slegs daardeur word dit onnodig.

Ten opsigte van die verwysing kan ons illustreer dat twee dinge deurslaggewend is ten opsigte van wat 'n eienaam in gebruiksituasie sou „beteken": die kennis wat spreker - - - en hoorder - - - van die identiteit wat met die eienaam genoem word, het, en die konteks of situasie waarbinne dit gebesig word.

In hoeverre die kennis ook ten opsigte van ander sake geld, sou nog 'n langer betoog veroorsaak. Genoeg om te sê:

1) Indien die gewone selfstandige naamwoord gebruik word sodat dit máás die meaning wat áltyd in die woord aanwesig is (ordinary words directly convey information) iets van buite die gedig aanvra, dus nie sonder kennis die gewig dra wat dit veronderstel is om te dra nie, sal daar bepaald van verwysing sprake moet wees. En dit sal veral die geval wees waar so 'n woord 'n spesifieke identiteit aandui.

/ Wanneer

aanduiden of te kennen geven : op iets of iemand zinspelen.

Zinspeling, het zinspelen: met zinspeling op ... ; - - - een bep. toepassing van zinspelen, allusie: een duistere zinspeling."

Dus nog 'n sinoniem: allusie.

Weer Van Dale:

„Allusie, toespeling, zinspeling."

Sinspeling het ons, dus ook die toespeling wat ons in die aanvanklike aanhalings by Scholtz gekry het:

„Toespelen: 3) zinspelen: dat nergens in de gehele Ilias op zulk een gewichtig orakel toegespeeld wordt."

So is die sirkel dan voltooi. Ons het darom dit wys geword: die verwysing verwys direk, die sinspeling en die toespeling indirek. Die allusie het blykbaar nog 'n duisterheidsgraad by, want: een duistere zinspeling, omskryf hom en zinspeling is al klaar bedekteliik aanduiden.

Byna trappe van vergelyking:

verwysing - sinspeling - allusie

direk - bedek - duister

'n Goeie leser behoort my te verwyt: „Jy sê: , ... die sinspeling en die toespeling verwys .... ' "

Maar ons is in die beste Engelse geselskap: 11)

„Refer - - - 3) refer, allude, advert are synonymous when they mean to mention something so as to call or direct attention to it. Refer, when unqualified, usually suggests intentional introduction and distinct mention, as by a thing's true name; as, he frequently referred to his friends in his letters to us. 'Nor do we any longer suppose that we are impertinent in referring to the philosopher's personality .... For personality is the very stuff of morals.' (H. Ellis)

/ Allude

---

11) Webster's Dictionary of Synonyms - - - A dictionary of discriminated synonyms with antonyms and analogous and contrasted words, s.v.

Wanneer Van Wyk Louw in Ballade van die Bose praat van „die stad wat brand" dan word daar - - - aangedui deur die die - - - spesifiek verwys. Om die naamwoordstel waarvoor die stilistiek so 'n herhalende voorliefde het (die stad wat brand/'n stad wat brand/ ens.) nóg 'n slag te herhaal, is seker onnodig. Só 'n woord moet egter as verwysend beskou word omdat die stad naspoorbaar sou wees en herleibaar tot één plek.

2) Die tegniese woord is reeds verwysend genoem.

3) Indien iemand sou sê: «Gooi die kat uit!" en die kat sou herleibaar wees na 'n spesifieke, in die werklikheid bestaande kat, sou daar van verwysing en van die betekenislose-betekenisvolle inhoud van die eienaam sprake kon wees.[10] Die woord kat dien dan as identifikasie en ook van hóm weet die Liewe Vader alles.

Weliswaar verstrek die woord „kat" informasie - - - dit wil sê as dit nie op iets anders as „'n kat" slaan nie - - - maar ás daar spesifieke, gelokaliseerd-bekende kennis verwag word by die aandui van „kat", dan moet dit soos „paradys" en „sondvlo d'hieronder verwysend heet, mits dit natuurlik „na buite" die gedig verwys.

4) Omdat kennis van die taalsisteem en kennis wat onmiddellik in verband staan met wat Gardiner „information" noem ('n abstraksie van bome, huise, honde) gerieflikheidshalwe al uitgesluit is, kan hierdie aspek daar gelaat word. Dié kennis is in die ken van 'n taal geïmpliseerd en word slegs verwysend van betekenis as daar méér verwag word (nou nie meer 'n abstraksie van bome nie, maar 'n spesifieke boom - - - aanwesig of afwesig). Uit die aard van die saak sal ook hier ons onderskeiding van binne-buite die gedig en

/ alles

10) Ons neem natuurlik aan dat dit in 'n gedig gesê word. 'n Vreemdeling in die huis sou seker wel die kat tussen die ander diere kon uitken - - - dit is seker wat Gardiner met information bedoel het. Sinspeling dus.

Allude, in correct use, always implies indirect reference, as by a hint, a suggestive phrase, a roundabout or covert method of expression, a figure of speech; it often connotes modesty, timidity, a reticence in the one who alludes. 'When Sir Roger ... said he was glad to meet me among his relations ... I knew he alluded to the pictures.' (Spectator) Sometimes, however, it connotes bias or ill will. 'Proposals, which were never called proposals, but always alluded to ... as innovations.' (C. Mackenzie) In its strictest etymological sense, allude and its derivatives allusion and allusive imply a play of fancy or a play upon words, especially so as to evoke their emotional, literary, or historical associations. 'The works of Bergson, in which pyrotechnical allusions are ... frequent' (H. Ellis). 'We need not wonder that ... poets preferred to tell of their emotions and experiences, not directly but allusively' (Binyon). Advert is interchangeable with refer only in loose use; then the words are scarcely distinguishable in meaning. 'I never heard of him (Carlyle) advert to his works and his fame.'"

In dié aanhaling - - - effens lank volgehou omdat ons later na 'n hele paar stellings wat daarin voorkom, terugkeer - - - gebruik Webster dus ook die woord refer om allusion te omskryf: „Allude, in correct use, always implies indirect reference ..."

Volgens ons voorbeelde uit die kritiek lyk dit asof mens ook in Afrikaans dus die werkwoord verwys kan gebruik om die aksie waarvoor die sinspeling en die toespeling verantwoordelik is, te noem. In hoeverre die verwysing dus as afgeleide van „verwys" op die gebied van hierdie twee woorde gaan oortree, sal moeilik bepaalbaar wees, maar darem ten minste verklaarbaar.

Deur middel van die werkwoord sou daar egter 'n verband gelê kan word tussen hierdie dinge, en 'n ondersoek na die verwysingsprobleem sou hom reeds hier moet voordoen om

/ hierdie

alles wat daarmee gepaard gaan, kon dien.

Ook die taalkundiges erken die rol wat kennis by die eienaam speel: „In the first place, it is obvious that the user of a proper name must always know more about the bearer of it than is conveyed by the name itself .....

..... A supreme virtue of proper names is that they cater for all degrees of knowledge. Actually they convey none; the sole knowledge that they can confer - - - and it is more often than not already known - - - is that something in the situation or revealed by the verbal context bears that name ..... ordinary words, among which general names play a prominent part, directly convey information; proper names merely provide the key to information." (pp. 74 - 75).

'n Stelling soos die volgende behoort dan ook 'n groot mate van waarheid te bevat: die eienaam stel sowel hoorder, leser, spreker se nie-taalsistematiese kennis voorop, is byna maksimaal situasie-geskakeld aangesien dit 'n verstandhouding, 'n gemeenskaplike nie-al smene stukkie kennis by leser en hoorder veronderstel. Dit kan potensieel konnoteer so ver as wat die spreker en hoorder se kennis strek, maar ook slegs gebruik word vir blote identifikasie. Laasgenoemde dus die twee moontlike pole van „tersakenheid" binne die aanbod.

Dat die eienaam ook gedwing sou kon word om „inligting" aan te bied, blyk maar te duidelik uit vele gedigte:

Blum: Aftelrympie[11)]

„My plaas se naam is Kleinbegin:
met God se hulp sal ek oorwin."

met as laaste strofes:

„My plaas se naam is Nooitgedag:
dit lyk my ek oorskat my krag.

/ My

---

11) Steenbok tot Poolsee - - - p. 18

hierdie verband te betrek.

Dit wil dus voorkom asof die werkwoord verwys gebruik kan word om heelwat verbande aan te dui. Wanneer twee dinge in die taal onderling in verband staan - - - tussen woord en saak,[12] tussen twee sake wat ons op een of ander manier deur middel van die taal in verband met mekaar bring, tussen twee woorde - - - kan mens byna deurgaans verwys gebruik soos Van Heerden dit gebruik het: Irkalla, die woord, verwys na die doderyk van die Babiloniërs.

As ons Van Dale dus as absolute outoriteit aanvaar, dan lyk dit asof die woord verwysing in Afrikaans wyer gebruik kan word as in Nederlands. En die sprong van die taal om verwysing in Afrikaans 'n wyer betekenis te gee, lyk verklaarbaar. Dit sou egter in hierdie studie nie ter sake wees in hoeverre Van Dale 'n outoriteit is nie; feit is: die woord sluit - - - of kan insluit - - - in Afrikaans blykbaar die sinspeling en die toespeling in. Laat die Nederlands daar.

Daarom kan Scholtz verwysing só gebruik:

„In die betrokke geval is die dubbele verwysingsmoontlikheid van ‚een te snel einde' (na die gevalle Wilmot en Yoke Peter) kontekstueel nie geïntegreer nie." [13]

En later: [14]

„Die stadsaanleg, vanuit die lug besien, is 'n ‚kokar' wat liggies vasgespeld is aan die lapel van die hoëveld. Die kokarbeeld word in ons probleemstrofe hervat met die ‚kringe strate' wat vervolgens in 'n nuwe maar aangepaste metaforiese gedaante, dié van ‚spinnerak', die groot mot ‚vasgryp'. Op

/ dié

---

12) Taalkundiges hèt nou oormaal 'n referentbegrip, en om te sê dat 'n woord na 'n saak uitwys of verwys sou seker in leke-taal nie 'n té groot dwaling wees nie.

13) W. Gs Hellings en H. van der Merwe Scholtz, Kreatiewe analise van Taalgebruik (Prinsipes van Stilistiek op Linguistiese Grondslag), pp. 9 - 10.

14) Ibid., p. 24.

My plaas se naam is Droëbult:
Die oes word minder, meer die skuld.

My plaas se naam is Moedverloor:
op 'n diep kliplaag breek my boor.

My plaas se naam is Kansverbeur:
'n stal se bouval noem my Seur.

Allesverloren is my plaas:
Leë murasies noem my plaas."

Baie duidelik dan 'n spel met die „informasie" wat latent in die plaasnaam lê. Alhoewel die eiename wat in bogenoemde gedig voorkom, seker nie in algemene omgangstaal juis „informasie" sal aanbied nie en as hoofgebruik die identifisering van spesifieke plase sou hê (nie in die gedig nie, want daar <u>verwys</u> dit nie), gebruik die digter die name op 'n wyse wat die leser noop om kennis te neem van die „naaminhoud". Sou dit die heraktivering van die ontstaanspunt van die naam kon wees, of van die etimologie? As eiename natuurlik met hulle effens willekeurige totstandkoming juis 'n „etimologie" in beperkte sin sou kon hê?

'n Voorbeeld wat laastens in hierdie opsig sou kon dien om 'n heel interessante geval (en dis seker nou verwysend) van bogenoemde prosedure aan te dui, is een van Van Wyk Louw se <u>Klipwerk-gedigte</u>:[12]

My voete loop na Monteku
maar ek gaan Woester toe
lê lê in die wingerd, kind
want ek kom Woester toe

<u>Woester</u> bied reeds 'n aanduiding dat die eienaam moontlik iets informatiefs aan die lyf kan hê, en wanneer <u>Monteku</u>

/ skielik

---

12) Nuwe Verse - - - p. 50.

dié wyse word 'n digte verwysingsnet geknoop."

Terloops kan ons dan hier opmerk dat die probleem van die kontekstuele integrasie waarmee die stilistiek op linguistiese grondslag hom besighou, ook terminologies verwysingsprobleem sou kon word. (Daaroor in Hoofstuk VIII)

Ons neem dus aan: die sinspeling, toespeling en allusie (die W.A.T. sê van laasgenoemde: „Sinspeling, toespeling, wenk.") verwys almal.

Ons notseer dat die sinspeling ook in Nederlands en Engels 'n minder direkte verwysing as die verwysing veronderstel; neem egter ter wille van iemand wat dink dat ons 'n uitspraak wil maak, 'n komplikasie:

Wyld se Universal Dictionary of the English Language sê:

„Allusion: A reference to, in speech or writing, whether direct, indirect or covert."

En die Duits is ook nie seker nie.

Vir die duur van die studie laat ons die term verwysing sowel die sinspeling as die res van die terme insluit. Hoé ons onderskei word later bespreek.

Een van die verwysing se belangrikste en seker ook meer in die oog lopende aspekte is juis aan die hand van hierdie woordeboekmenings te herken: dit gaan by die verwysing altyd rondom die taal. By Van Dale: ... een andere plaats ... een tijdschriftartikel ... ; ... nergens in die gehele Ilias ... ; Webster: ... to mention something ... ; Wyld: ... in speech or writing ...

Die verwysing is dus op een of ander wyse aan die taal geknoop; dit het 'n taalaspek; dit veronderstel verwysing deur middel van taalgebruik.

Versigtigheidshalwe noem ons: dis moontlik dat die verwysing ook deur middel van 'n gebaar sou kon geskied, of op die gebied van die sake; maar dis tog, hier waar ons dit nou

/ ondersoek,

skielik in nuwe gedaante staan, lees die leser „informasie" ook daarin - - - in Frans, as hy sover wil soek! [13]

En hier behoort dan 'n verswyging ten opsigte van die voorbeelde uit Krige se Tram-Ode wat hierbo aangehaal is,[14] reggestel te word: In die laaste aangehaalde strofe lyk dit wel asof Dwaal, Put-Sonder-Water, ens., ook om die eienaardige „informasie" wat hulle aanbied interessant is, en in die gedig as sódanig aangebied word. Dit dan ten opsigte van die Afrikaanse eiename in die gedig. Waarmee natuurlik nie betwis word dat die naamklank by die Afrikaanse sowel as anderlandse eiename nog hulle klank as hoofdoel het binne die gedig nie. Immers:

„Marseille bly Marseille
word nimmer 'n droomstad van Golconda nie".

Om egter terug te keer tot die „normale" gebruik van die verwysende eienaam: Dit het dan duidelik geword - - - en hieronder word dit verder geïllustreer - - - dat die eienaam in staat is om byna enige hoeveelheid „meaning" [15] op hom te neem. Wanneer Jan Lafras Malherbe „genoem" word, word die hele man genoem: die woord bevat, om nou maar saam met Mill te praat, 'n oneindige rykdom ten opsigte van „konnotasie". Vanselfsprekend sal nie alle fasette van die potensieel-wydkonnoterende naam deur die konteks ter sake gebring word nie.

Ons lees in Gebed om die Gebeente[16]

/ En

---

13) Vergelyk dan nog: Scherpenheuvel, die Nederlandse pelgrimsoord en boeteplek.

14) Cf. p. 87 waar die deurmekaargebruik van eiename ook uiteindelik wederkerige beligting tot gevolg het.

15) En dan gebruik ek „meaning" hier doelbewus verkeerd - - - soos Gardiner blykbaar soms!

16) Engel uit die Klip - - - p. 59. 'n Volledige uiteensetting van verwysings in die gedig - - - heelwat meer as wat op die oomblik vir ons betoog ter sake is - - - staan op bladsye 130 - 139 van Oordeel en Vooroordeel (A.P. Grové) onder die titel Uitspraak en Teenspraak.

ondersoek, aan die taal geknoop.

Ons het verder so pas 'n voorbeeld aangehaal uit die stilistiek op linguistiese grondslag. Scholtz praat van 'n „linguistiese verwysingsmoontlikheid".[15]

By die studie van die verwysing staan mens dan ook voor heelwat probleme wat die taalkundige meer aangaan as die letterkundige. Om die verwysing in die poësie volledig te benader, sal dus byna onmiddellik 'n stilistiese-analitiese werkmetode veronderstel.

Of die verwysing egter nét taalkundige aangeleentheid is, lyk te betwyfel. Net soos die beeld basies ook 'n aangeleentheid vir die taalkundige is - - - dis immers disjunkte taalgebruik en kan deur die taalkundige heeltemal legitiem bestudeer word as taalaangeleentheid, net soos hy 'n gedig kan bestudeer as taal-in-hoogspanning - - - so ook die verwysing. Oor die beeld kan die letterkundige - - - en het sovéles van hulle al - - - egter ook praat sonder om sý dissipline te buite te gaan.

Die letterkunde kom nou eenmaal áltyd in taal na ons toe. As mens dan die literatuur literêr wil benader - - - dié vanselfsprekendheid is nie meer vanselfsprekend nie!? - - - dan laat jy altyd 'n klein stukkie van jou studieveld onaangeraak. Jy is verplig om 'n klein vakuum om die gebied van die taalkunde te laat ten einde nie op dié gebied te oortree nie.

In hierdie niemandsland het die stilistiek op linguistiese grondslag kom ontdekker word en groot metodiese winste gelewer. Die studie van die taalgebruik in die literatuur en van die literatuur as taal, is inderdaad - - - soos die stilistiek op linguistiese grondslag dit wou - - - 'n groot hulpmiddel vir die literatuurstudie. Veral dalk as gevolg van

/ die

---

15) Merwe Scholtz: Standpunte, jg. VI, nr. I.

En ná die skynverhoor het hulle hom vertel . . .
voor Graaff-Reinet se sel. O Graaff-Reinet se sel!
Hy was gewone kryger, Heer, en geen rebel.
O Graaff-Reinet se sel ... Eségiël! Eségiël!

Dit is duidelik dat die eienaam „Esegiël!" hier binne die gedig wyd konnoteer: Eségiël word bygeroep as profeet en seker veral om sy profesie (Eségiël 37) ten opsigte van die doodsbeendere. Daar is egter soveel toepasbaarhede ten opsigte van ander dele van die boek en die profeet Eségiël [17] dat selfs die aandui van moontlikhede 'n studie op sigself is. Wanneer 'n leser sy kennis van Eségiël laat saamspeel met die uitroep van die moeder, die toepaslikhede van die wye veld wat dié naam by die gedig intrek op die Scheepersverhaal, die verhaal van 'n volk (of volke) insien, dan sal Eségiël hier byna onuitputlik word: 'n hele profetegeskiedenis word langs 'n volksgeskiedenis, en die verhaal van 'n seun geplaas en 'n legio moontlike interpretasies vloei daaruit voort.

Daarteenoor: Graaff-Reinet is óók ryk[18] aan konnotasie, maar dan in één rigting: wát die plek, en 'n sel in daardie plek, van die Scheepers-geskiedenis gesien het.

By die bespreking van die „hoeveelheid" wat in 'n eienaamsverwysing gelees moet word, kan daar dus van eienaam tot eienaam gedwaal word en telkens sal iets anders opgelewer word. Die literatuurwet dat die konteks-om-'n-woord en die wyer konteks van 'n gedig as geheel dié „hoeveelheid" bepaal,

/ impliseer

---

17) Die aanklag-profesieë teen koninkryke sou toepasbaar wees, so ook strawwe wat afgebid word.

18) Hierdie rykheid bestaan alleen in die emosionele betekenis wat die dorp en tronk vir Scheepers se moeder het; dit sluit nie konnotasies in van „eerste boere-republiek" of iets dergeliks nie.
(Cf. p. 100 waar Graaff-Reinet inderdaad laasgenoemde konnotasie het.)

die hedendaagse benadering-uit-die-teks.

As ons dan hier met die verwysing wat in sy wese ook taal-aangeleentheid is - - - en dít nogal met die woordeboek as uitgangspunt - - - slaags raak, dan moet ons so af en toe 'n taalkundige term bysleep.

Dit maak egter nog nie hierdie studie Amsterdams-analities nie. Om dít te beweer, sou wees om te erken dat jy hierdie mense se werk nie onder oë gehad het nie.

En ás jy sou beweer dat die verwysing nie anders as juis só bestudeer kan word nie, dan ontken jy die literatuurstudie as onafhanklike wetenskap; dan relativeer jy die letterkunde tot 'n onderdeel van die taalkunde; dan moet jy jou waarde-oordeel basies aan die taal gaan knoop soos die taalkundige dit sien.

'n Standpunt dus:

By die studie van die verwysing, wat taal- én literêre aangeleentheid is, en uit altwee rigtings benader kán word, probeer ons 'n literêre uitgangspunt. Ons neem egter ook kennis van die winste van die stilistiek op linguistiese grondslag.

Die een dissipline word as uitgangspunt gebruik sonder om terminologies of prinsipieel aan die ander gebonde te wees.

Om twee dissiplines te verheerlik sal 'n wetenskaplike tweeslagtigheid - - - soos die verwysing tweeslagtig is - - - en 'n verwarring meebring. Van laasgenoemde is daar al genoeg.

impliseer dat mens telkens voor 'n ánder „hoeveelheid" sal staan.

Niks illustreer bogenoemde beter as juis die gedigte wat 'n eienaam as titel het nie.

Die groepie gedigte wat Opperman onder die algemene titel Die Bewakers (Blom en Baaierd- - - p. 43) tuisbring, bied reeds genoeg voorbeelde daarvoor dat daar slegs 'n faset per eienaam in die gedig ter sake is:

By Holst, die digter, staan:

Wie anders as die mens in die heelal
verlos hom uit sy menslike verval?
Elkeen moet sy begoëling vind:
party in Christus, ander in kristal.

Toespelings op die werk van Holst (soos sy gelade gebruik van die woord kristal) is genoeg om aan te dui dat die gedig hier die toepassingsmoontlikhede van 'n hele reeks moontlike „konnotasies" wat die eienaam potensieel in hom het, begrens - - - dat die gedig duidelike aanduidings bied van wat in die eienaam gelees moet word. (Versigtigheidshalwe praat ons van aanduidings, immers, as die gedig die eienaam omskryf dan praat ons nie meer van verwysing nie!)

By Achterberg is sy „dodedoos" en digterskap (kan mens ooit anders as om dié twee sáám te noem) seker onmiddellik ter sake.

En so sou mens kon voortgaan met voorbeelde uit die werk van byna elke digter in Afrikaans.

'n Boeiende vraag ten opsigte van die eienaam wat nie in sy potensiële „volheid" gebruik word nie, is die volgende:

Ons het reeds vroeër daarop gewys dat eienaame nou maar eenmaal die neiging het om in hulle spesifieke noemhoedanigheid nooit algemene besit te word onder die taalgebruikers nie, maar hulle soos die tegniese woord gedra.

/ Dis

HOOFSTUK II

'n Voorbeeldgedig

Dis dus nie onmoontlik nie, dat die eiename wat uit die verlede opgediep word, wat terugverwys, meestal gebruik word juis t.o.v. die dinge waaroor die plekke, of mense, die aandag van die geskiedenis verdien het. Totius vir sy digwerk, so Bloem, so Achterberg, so Holst. Trouens, in 'n vrye assosiasietoets, sou enige student seker so geantwoord het: Opperman? - - - Digter, Verwoerd - - - Eerste M[illegible], Kennedy - - - President, of beter nog, uit die [illegible]Shakespeare - - - dramaturg; Napoleon - - - [illegible]n „Eerste verstaan" dus.

Historiese figure - - - én hulle name - - - is nie meer hulleself nie; maar wat daar van hulle in die geskiedenis oorgebly het. As iemand vandag 'n onkontroleerbare essay sou skryf oor Ramses I se ontbytgewoontes, sou dit seker fiksie-sonder-verwysing moet heet. Ramses is vandag nie meer die totaal wat hy was nie, maar wat ons in biografieë en geskiedenisboeke van hom lees.

Dit kan dan ook die rede wees - - - ook vir die oorweging by die digter dat hy só 'n wyer „verstaansveld" by sy lesers kan vind - - - waarom daar so 'n voorliefde bestaan vir die „bedigting" van historiese figure. Dié eiename het nie meer „hele mense" om „uit te sê" nie, maar „gedeeltelike", „oorgelewerde" mense; mense waarvan net 'n deel, dié deel wat vir die geskiedenis of 'n vakgebied wetenswaardig geskyn het, oorgelewer, beskryf, of onthou is.

En dit bied ideale bedig-geleentheid ten opsigte van juksta-posisie (cf. - - - pp. 33 en 43) „agtergrond", en dus vir bewondering, ironie, spot. Só gewild is dié gebruik dat verdere voorbeelde nie nodig is nie. (Langdradigheid is weerskant toe vermoeiend.)

So ook die moontlike funksie van dié gebruik: agtergrondskennis kan (funksioneel) verwag word of nie; die verwysing verklaar homself gedeeltelik, soveel as nodig is,

/ glad

1. Verwysing en wanbegrip

Die woordeboekbenadering het ons dus minstens daartoe gebring om die taslaspek van die verwysing aan te dui en die massa terminologie wat rondom die probleem lê, uit mekaar te stoot.

Die tém word nog vir die duur van hierdie hoofstuk gevolg. Laat ons uit die beskikbare stof en die woordeboek 'n voorbeeld van naderby betrag:-

Vir die bybring van die basiese begrip en die aantoon van die probleem sal één voorbeeld miskien reeds voldoende wees. Mens sou selfs meer kon doen: die probleem wat die verwysing vir die literatuurstudie inhou, benader.

In Tristia[1] skryf N.P. van Wyk Louw:

CERVANTES : HOMMAGE À EUGÈNE MARAIS

Maar ook: Don Kiesjót is máér:
het 'n skraal gesig, krom-neus,
groot snor; kortweg: is 'n Don:

én van La Mancha, met 'n óú skild,
met 'n boerse afkeer vir skaapvleis; maar,
met lensies op Vrydag - - - om Ons Heer se lye - - - ;

staan by Lepanto teen die Turke
wat met skraal gesigte, krom neus,
groot snorre, ínloer by Europa:

máár: Don Cervantes wíl dit nie:
staan parast teen elke windmeul
storm af op iets-te-dowwe Spaanse skapies.

Omdat die vermoede bestaan - - - trouens al aangedui is[2]

/ dat

---

1) N.P. van Wyk Louw, Tristia - - - p. 68.

2) Onder andere in Afrikaans deur N.P. van Wyk Louw in sy reeds aangehaalde intreerede. Ook deur heelwat oorsese skrywers, soos Brooks en die later aangehaalde John Press - - - om maar twee te noem.

glad nie, gee net 'n aanduiding van hoe hy geken wil word; die verwysing staan in teenstellende of parallelle verhouding tot die geskiedeniswaarheid - - - of onwaarheid - - -, dig by, laat weg, lewer kommentaar, sê net, ens.

Die moontlikhede by die lees van die eienaam kan dus byna op 'n skaal voorgestel word:

(1) Volledige omskrywing („Svend Foyn het die harpoenkanon bedink ....") waar ons nie van verwysing praat nie omdat die naam se potensieel-wye veld absoluut begrens word, afgesteek word tot op 'n haar, soos die veld van 'n „karakter".

(2) Die gedeeltelike omskrywing en toepasbaarheid soos by Roland Holst, of Elisabeth Eybers se Hagar.

(3) Die wye gebruik (soos Eségiël).

(4) Die wydste gebruik, wat hier op aarde voorlopig nie moontlik is nie!

In sommige gevalle laat die eienaam natuurlik geen twyfel oor hoeveel van die potensieel-wye veld wat dit die „sleutel" van is, opgeroep moet word nie: So sal Opperman se rits ontdekkers in Jorik, of sy handelstede in dieselfde bundel duidelik daarop dui dat dit juis die gemeenskaplike trekke is wat ter sake is. Soos ook 'n ander gebruik van die eienaam: die saamgebruik van geassosieerdes: „..... dorpies soos Graaff-Reinet en Swellendam...." 19) of die gebruik van die name van bekende minnaars: Romeo en Juliet, ens. en ens.

'n Vraag wat wel gevra sou kon word, is of die eienaam, hoogs bekend uit die mitologie of die geskiedenis, nie later in sommige gebruiksgevalle daartoe neig om ook as simbool

/te

---

19) Joernaal van Jorik - - - p. 19. Ook: Steenbok tot Poolsee - - - p. 73: Stabaie, Herculaneum en Pompeii / - - - julle stede aan verwording skoon ontruk. Verduidelik" weliswaar, maar met genoeg „oorblywende" "konnotasies. Cf. ook later: Gilliland se gebruik van Babiloniese name.

- - - dat die verwysingsprobleem ook 'n probleem van <u>verstaan</u> is, of liewer, om dit enger te stel van „begryp" is ✗ ✗ ✗ („verstaan" lyk asof dit ook die verklaring van die verskynsel volledig inhou), het die volgende prosedure om hierdie gedig se moeilikverstaanbaarheid aan die man te bring, hom voorgedoen:

Gestel die gedig word gelees deur iemand wat nie die nodige „kennis" het om die verwysings te snap nie; iemand wat nie 'n adekwate ervaringsveld het om die gedig ten volle of so goed moontlik te begryp nie; iemand wat nie weet, en nog nooit gehoor het, van Spanje en Kiesjot en Cervantes en Marais nie. Hoe sal so iemand se interpretasie, sy onbewuste parafrase, sy „begryp" daar uitsien?

Die gedig is voorgelê aan vierhonderd studente wat wel die Afrikaanse taal redelik goed onder die knie het, maar wat in meerdere of mindere mate nie kon snap waaroor dit gaan nie.[3] Die skoolvraagie, „Skryf in jou eie woorde ...", is gevra. Deur die antwoorde is die volgende, ietwat gekke maar tog insiggewende, parafrase as moontlik bewys.[4]

Wat volg, is dan die minimumresultaat (die gesamentlike minimummoontlikheid) wat die proef opgelewer het nadat die mis- en verkeerd verstaan buite rekening gelaat en net die nie-verstaan in aanmerking geneem is:

„Iemand (of iets) word gebruik om hulde te bring aan Eugène Marais, die digter.[5]

Nog iemand is maar, het 'n skraal gesig, krom neus en groot snor, en is iets (of iemand). Hy (die snor skakel blykbaar die ‚sy' of ‚dit' uit) kom van êrens of is iewers,

/ met

---

3) Sommige verwysings is nie deur 'n enkele van die studente gesnap nie. Dosente-reaksies word om taktiese-pedagogiese redes nie bespreek nie.

4) „The heresy of paraphrase ..." ten spyt.

5) Slegs in een geval het 'n student nie geweet wie Marais is nie.

te werk nie: Venus, Circe, Midas. Dat die verwysing juis dikwels in beelde voorkom, maak bogenoemde steeds meer moontlik, veral as mens in ag neem dat die werklikheid buite die gedig dikwels as vergelykingsbasis of as basis vir 'n metafoor dien. Dis onnodig om meer dan dit as bewys aan te voer: die antonomasia (Mara, Elim, Judas, ens.) is daar genoeg bewys van.

Tyd-ruimtelike gebondenheid by eienaam en verwysing

Daar is min dinge in die literatuur wat dit so tydgebonde maak as die verwysing. Iemand met té veel selfvertroue sou byvoorbeeld 'n veralgemening kon maak wat ongeveer hierop neerkom: Die gelegentheidsgedig kan slegs bewaar bly as die dinge waarna hy verwys bewaring in die geskiedenis verdien (maar daar is soveel sóórte verdienste: die gebeurtenisse in Dublin waarna Joyce verwys is nie op sigself historie-waardig nie, maar Joyce [20] is). Die triviale eietydse verwysing staan altyd in gevaar om later nie meer herkenbaar te wees nie. Die verwysing se erkenbaarheid sal in die tydsverloop altyd omgekeerd bly tot die trivialiteit van die saak waarna hy verwys, of dan direk eweredig tot die historiese belangrikheid van die sake of gebeurtenisse, of plekke, of wat ook al, waarna hy verwys. Prakties gestel: Eliot se Dante-verwysings of Louw se Nietzsche-verwysing sal langer staan as Du Plessis se Konyn-verwysings. Van die Janne in Ballade vir Jan se Fees [21] sal die eerste twee seker die langste staande bly, die groep in die tweede strofe nie so lank nie; ons Dietse silwersmid seker die gouste onherkenbaar raak. Maar daar's baie variante

/ van

---

20) Daar is 'n verskil tussen Joyce wat baie duidelik triviale gebeurtenisse uit sy ervaringsveld gebruik en die minder belangrike en minder bekende maar bestaande figure wat in Jorik of Tristia ingebou is.

21) Cf. p. 120 v.

met 'n ou skild (of hy het 'n ou skild) en 'n afkeer vir skaapvleis (soos die boere?). Op Vrydag eet hy as gevolg van die lydensgeskiedenis nie vleis nie, maar lensies. Hy (hier het die meeste vir Kiesjot laat weg sonder om die „identiteits-omwisseling" goed te verstaan) staan op 'n sekere plek teen die Turke wat ook met skraal gesigte, krom neuse en groot snorre inloer by Europa. Die man in die titel wil dit nie hê nie, staan teen elke windmeul en storm af op skape."

Ter versagting kan mens aanvoer dat die studente nie geleentheid gegun is vir naslaanwerk nie.

Dit het hieruit duidelik geword dat die eienaam die grootste verstaanprobleem opgelewer het. Vir <u>glad nie</u> verstaan nie, was die eiename grootliks verantwoordelik, behalwe die goedbekende soos „Turke", „Europa", „Marais".

Ons gee toe, sonder dat dit die hieropvolgende afleidings in wese raak, dat 'n volledige analise van die teks - - - as dit sonder kennisname van die „kennis" wat van buite af betrek word, kán geskied - - - miskien op heelwat van die moeilik-begrypbare aanbiedinge sou kon lig werp. Volledig kan die gedig egter nie sonder kennis van dinge buite die gedigsituasie[6] begryp word nie. Die gedig-aanbod het sekere kennis by die leser veronderstel waarsonder die gedig nie voldoende benaderbaar was nie. Die gedig het hom onses insiens nie „self-beslote" getoon ten opsigte van sy „grondstowwe" nie.[7]

Die taalbod was genoegsaam om die gedig te begryp, maar ánders genoegsaam as in die wetstaal, in die direkte-sê-

/ sonder

---

6) Oor die begrip „binne-buite die gedig", cf. <u>Hoofstuk III.</u>

7) Omdat ons in <u>Hoofstuk III</u> juis 'n groter probleem aan die hand van <u>Veelheid en Binding</u> (Dr. Elize Lindes) bespreek, gebruik ons intussen haar terminologie. Cf. „ ... homself tot self-beslotenheid organiseer t.o.v. moontlike grondstof ..." - - - p. 102.

van die faam" en Clio is ligsinnig: wié weet, die tyd besluit dalk omgekeerd, en onder die lesers van poësie en dié wat belangstel in „die leë, vuil bedryf al óm die kuns: die klets oor kuns .... " sal dit, soos in die Joyce-geval bekend bly. So ook Du Plessis se geleentheidswerk, maar nie om dieselfde rede nie.

„Nou is dit so dat daar geen woordsoort is wat tydruimtelik so vasbyt as die eienaam nie. Taalkundiges wou hom om dié rede al glad skrap uit die lys van woordsoorte. Hoe dit ook al sy: die eienaam skep 'n geweldige skerp werklikheidsillusie." 22)

Dit is seker waar dat die „tydruimtelike vasbyt" van die eienaam alreeds deur ons bespreking tot hier ruim geïllustreer is, en dat daar, wanneer 'n karakter 'n naam kry, sprake kan wees van 'n „werklikheidsillusie" ly geen twyfel nie. Immers, die skrywer is, wanneer hy name (ook dié wat nie verwys nie en denkbeeldig is) aan dinge gee, al klaar besig om „te maak soos in die werklikheid". „Werklikheidsillusie" dus. Op enigsins ander vlak dan as die „werklikheid" van die verwysende eienaam. 23)

/ Dit

---

22) Merwe Scholtz in Ons Eie Boek, jg. XIX, nr. 1 - - - p. 22. Dit sou verkeerd wees om die „tydruimtelike gebondenheid" tot ongekwalifiseerde, letterlike, altydsteekhoudende waarheid te verhef. Die eienaam kán met verloop van tyd verwyder raak van die saak waarvoor hy tydelik as etiket moes dien. Maar die geskiedenis sorg ook vir baie bewarings; 'n enkele voetnoot in 'n boek kan die verduideliking van 'n saak langs die gebruik van 'n naam hou vir baie eeue. En dit is so dat 'n groot daad of gebeurtenis die tydruimtelike verbondenheid van 'n eienaam vir baie eeue kan opskort.
By die miljoene waarvan die geskiedenis nie meer weet nie en na 'n enkele menseheugenis vergeet is, getuig enige ou begraafplaas van die teendeel: die „van en volle doopnaam pryk / op die versierde gewel" maar die saak .....
Ook die ruimtelike gebondenheid is afhanklik van die kennis van mense op plekke wat geografies van die saak verwyder is, maar: mense buite Suid-Afrika weet van Kaapstad, die Drakensberge en van Pienaarsrivier en Alice en Kameelpan. Ook die tydruimtelike vasbyt van die eienaam toon dat algemeen-bekendheid by enige bespreking genoem moet word en dat veralgemening hoogs gevaarlik is.

23) Cf. pp.106-107 oor Leipoldt en Milton se reekse.

sonder-bybedoelings, in die sê-sonder-verwysing. Buitekontekstuele gegewens is nodig om probleme wat hulle in die teks aanmeld, op te los.

As ons die vermoede verder wil voer dat die begryp van 'n gedig soms baie nou met die verwysingsprobleem skakel, dan sal ook daaroor moet standpunt ingeneem word. Hierdie gedig - - - nog een van die „maklikes" - - - openbaar alreeds in sy moeilikverstaanbaarheid sekere ooreenkomste met dié dinge wat ons in die voorbeelde uit die kritiek as verwysing bestempel gesien het.

En as ons oor <u>verstaan</u>, of dan <u>begryp</u>, wil praat, neem ons die implikasies onder oë: ons sal moet oppas dat ons nie mettertyd die filosofie of die sielkunde gaan bedryf nie. Ook nie die <u>Audience Psychology</u> van die Amerikaners of die filosofiese betoë van die Duitsers oor <u>Das Verstehen</u> gaan naskryf nie.

Want die begryp van poësie is nóg problematies vir die literatuurstudie. Ons weet immers dat ons nooit volledig begryp nie. En as Eliot sê: „... genuine poetry can communicate before it is understood."[8], dan impliseer hy vir die literatuurstudie 'n groot vraag. Of 'n aantal vrae rondom die verstaansprobleem:

Móét ons 'n gedig verstaan, of dan heeltemal begryp voordat ons kan waardeer? Hoeveel moet ons begryp voordat ons begín waardeer? Kan mens iets uit 'n vreemde taal mooi vind terwyl jy niks van die inhoud begryp nie? Spreek die gedig die leser dan ook op „vlakke" aan wat met begryp weinig te make het? Hoeveel van die waardering steek in die klánk? Kan mens gedeeltelik verstaan en volledig waardeer?

/ Kan

---

8) <u>Selected Essays</u> - - - p. 200

Dit is onnodig om hier in betoog te gaan oor laasgenoemde aangesien dit telkens in die res van die studie genoem word, maar sodra daar spesifieke verwys word (deur die eienaam én deur ander verwysingsoorte) dan word die verwyser aan 'n objek wat tydelik én ruimtelik vasstaan, gekoppel. As dié objek in die tyd terugskuif, of die leser is ruimtelik van die objek waarvan hy die verwyser onder oë het, verwyder, dan vermeerder die moontlikheid van misverstand.

Omdat die verwysing vanselfsprekend dus hierdie eienskap met die eienaam gemeen het, kan daar hierby genoteer word dat as, soos elders beweer, die vreemde juis makliker as verwysing aangevoel skyn te word, die huidige „algemene" vir latere eeue seker „kriptiese" verwysing sal word. As ontdekkingsvreugde dan 'n rol speel by die funksie van die verwysing, dan word die waarde van die verwysing van tydverloop afhanklik.

Miskien is een van die mooiste illustrasies van die lees van 'n gedig of enige geskrif teen sy tydsagtergrond juis te vind by die anachronisme.

Shipley[24] definieer die anachronisme so:-

„The setting of something in the wrong period of time. Usually a slip, as with the clock in Julius Caesar (Shak.) Sometimes a literary device. Before its time, prochronism (or prolepsis), as in Mark Twain, A Conn.Yankee at King Arthur's Court. After its time, parachronism, e.g., Bellamy, Looking Backward. The error (as opposed to figure) of post-dating is metachronism."

Ten opsigte van die anachronisme sou daar dus ook heelwat gebruiksmoontlikhede wees.

/ Enkele

---

24) Dictionary of World Literature, 1960, s.v.

Kan ons ooit enige gedig volledig begryp? ... en so voort ...

En daar is sóórte verstaan. Mens kan net nie aanneem dat Komposisie van Van Heerden en Die Roos[9] van Visser eenders verstaan wíl wees nie.

Die betoog word dus veiligheidshalwe tot 'n kernvraag gebring: moet ons in die benadering van die poësie by die eerste, tweede en derde lees, probéér verstaan?

In die voorbeeldgedig het ons in die benadering alreeds veronderstel dat die gedig vir die begryp toeganklik is. Dit sou verder onnodig wees om daarop te wys dat baie gedigte amper volkome begrypbaar is, al het die maklikstes ook sý "moeilikhede".[10]

Veral die heel moeilike gedig lewer in hierdie opsig meer probleme op as net dié van begryp.

En daar is gedigte wat ons toegang tot die „inhoud" op baie maniere versper en op die oog af onbegrypbaar lyk. So 'n gedig is een soos die volgende[11]

Nachtkroeg

Stil -	Dà	Dà
Stap	Domb -	Dor -
Steen	Dà	Pusch
1	Drusch	Domb -
Stap	Dà	Dà
Steen	Domb -	Domb -
Stil - -	Dà	Dà
Dà	Domb -	Domb -
Domb -	Drisch	Dà
Dà		Domb -
Domb		Stil -

/ zeer

9) Cf. pp. 222 en 249.

10) Vergelyk maar as voorbeeld H. van der Merwe Scholtz oor Dis Al in In en Om die Gedig - - - p. 10.

11) Antony Kok, Nachtkroeg, opgeneem in Nieuwe Griffels Schone Leien - - - van Gorter tot Lucebert van Gezelle tot Hugo Claus - - - een bloemlezing uit de poezie der avantgarde - - -, samengesteld en ingeleid door Paul Rodenko - - - p. 46.

Enkele voorbeelde uit Toe die Wêreld nog Jonk was.[25] Metusalem, die tienveelvoudige in jare, kry op sestig sy eerste wisseltand:

En volgens landswet ry „oom Kool"
Op ou Behémot na die skool,
Sy vaders trots, sy moeders vreugd;
Met Step by Step en Trap der Jeugd
In Hoog-Galdeus en Aramees
Want almal moet tweetalig wees
't Was goed en wel, maar al te vaak
Het dié twee „opgemix" geraak
Tien jaar later moet hy katkiseer:
En Hellembroek--die dubb'le --- leer

Visser gebruik dus juis die anachronisme om 'n geestige effek te verkry. Wat egter insiggewend is, is dat in elke geval die verwysing gebruik word. Daar is insinspeling op die tydgenootlike onderwys en katkisasie waarby die eienaam onder andere nie toelaat dat twyfel bestaan nie. Selfs die tweetaligheid word aan die man gebring.

Dit is duidelik dat hierdie vorm van verwysing baie nou sal skakel met wat ons elders „spanning tussen twee sfere" noem: twee tydperke kom, sinvol verwar en „opgemix" langs mekaar te staan. 'n Metusalem wat „heel parallel" die moderne moet ondergaan.

Miskien omgekeerd (prochronisme teenoor parachronisme) is die hiperboliese[26] gebruik van die prehistoriese:

/ „'n

---

25) Met die by die eienaam pragtig toepaslike aanhaling:
„In die dagen waren er reuzen op aarde . . . mannen van naam!!!" Dis seker duidelik wie kursiveer!

26) Met daarteenoor die understatement:

„Die paar ou geutjies wat ek nog
Hier op die aarde lewe mog ..."

(zeer snel) Hê

rom

mm mm

oemmenoem oemmenoem

oemm

tjaa

doemezoem

bomb doem

homb oem

hei ha

hehehe

Hier sluit ek die aanhaling.

In hierdie nagkroeg-gedig, waarin daar selfs min woorde (in die gewone sin van die woord) voorkom, wil dit dus lyk asof ons begryp hom vasgeloop het. Iemand sou wel kan sê: die man wat hierdie gedig vir my klinkklaar kan uitlê .....! En hy sou gelyk hê!

Die verwyters van die moderne poësie dat die gedig onbegryplik is, sou dié woorde van Paul van Ostaijen [12] kon aanhaal - - - ook om die vermaaklikheidswaarde - - - :

„Drie boeken uitgegeven: 'Music-Hall', 'het Sienjaal', 'Bezette stad'. Misschien is ook dit slechts massahypnose. Wie kan bewijzen dat hij deze boeken heeft gelezen? Laat staan: begrepen. God beware: begrapen: Ik zelf heb ze niet begrepen."

Moet ons dan nog probeer begryp?
Laat ons eers terugkeer na die nagkroeg:

Mens sou op verskillende maniere op hierdie gedig kon reageer: dit is nie 'n gedig nie; dit is 'n powere oortreding van die poësie op die gebied van die musiek of die geluidsnabootsing; dit is nie 'n goeie gedig nie; dit is 'n gedig maar volkome ontoeganklik wat begryp betref; hierdie gedig is soos 'n Boerneefvers, of iets uit Klipwerk, dit wil eintlik nie altyd volledig verstaan word nie; dit is dalk nie

12) Verzameld Werk / Proza-Kritieken en Essays - - - p. 6.

„'n Pure man Metusalem,
Die Raadslid van Jerusalem\
Hy tem die woeste Dinosour
En skiet die wolhaar-Brontosour;"

En so gaan Visser dan voort om die anachronisme ook ten opsigte van Metusalem se oudag te gebruik: brilkoop, dorp toe trek, ens., ens.[27)]

Terloops kan daar, ten opsigte van wat vroeër gesê is, aangestip word: Alhoewel Visser name gebruik wat terugspoorbaar is in die geskiedenis, dit tóg maar net gebruik word ter wille van die „social suggestion":

Die kinders van Metusalem („reuze .... manne van name") heet:

Mahérskalálgasbassie, Kedorlaomertjie, Kirjatjaromertjie, Tiglatpileser, Hammoerabie, Habbakukiena en „ ... Gog-Magog met breë bors / Eet soet sy levlatanwors".

Name wat uit baie rigtings en tydvakke gehaal is, seker om die groot klánk geestig aandoen. Visser is immers pragtig aan't vergroot: die kinders speel met hippopotamusse, olifante, harnosters, walvisse, krokodille en die moeder moet wel glimlag by „.... dié verteed'rend kinderspel".

Die persoonsname wat Visser hier gebruik sou Oosters, of „magtig" kon heet as gevolg van die assosiasies wat die name met die Oosterse en Bybelse het. Die suggesties van

/ Bybelse

---

27) Cf. in hierdie opsig Lindenberg se artikel Enkele Aspekte van Transposisie in die Letterkunde(Kriterium, 5) waarin daar ten opsigte van Opperman se Kerslied die beweer word: „Feitlik die hele gedig is 'n konsekwent deurgevoerde eksperiment in oorplanting van die Bybelverhaal in 'n ander ruimte en tyd: die hedendaagse Suid-Afrika."

net woord-, of liewer klankspel - - - dit spreek die leser onkonvensioneel aan.

Of daarteenoor: Ons kan tog nie sê dat die gedig volkome onverstaanbaar is nie voordat ons die poging aangewend het om te verstaan; ons kan nie help om ook hierdie gedig te probéér verstaan nie omdat ons geskool is in die tradisie van verstaanbare gedigte. Daar is tog begrypbare woorde ook in, en die woord kan nooit sy betekenis vir die gewoontetaalverbruiker en -gebruiker (soos gewoontemisdadiger) heeltemal verloor nie. Sê die man wat die gedig as onbegrypliik bestempel, nie eerder iets oor homself nie? - - - dat hy hom aanmatig om as verstaanstandaard sý intelligensie daar te stel nie, dat hy nie toegee dat daar wel iemand sou kon kom wat wél sou kon begryp nie. Kan 'n gedig óóit, al wil hy soos ons Nachtkroeg seker gedeeltelik wil doen, nét onomatopeïes werk? En steek daar nie dan in die nabootsende klank - - - dit veronderstel die klanknabootsing darem seker - - - ook 'n begripsmoontlikheid nie?

Toe Nachtkroeg aan 'n groep studente voorgelees is, het ongeveer tagtig persent die Dà ... Domb as voetstappe geïnterpreteer, byna tien persent dit as water wat drup.

Empson se beswaar hou hier steek:

„Any word can either be screamed or grunted, so if you have only a word written on paper you have to know not only its meaning but something about its context before it can tell you whether to grunt or to scream." [13]

En in Nachtkroeg het ons nie eers altyd woorde nie!

Prakties is dit die geval: toe bogenoemde gedig voor 'n ander klas ánders voorgedra is, was daar interpretasies van oorlog!

/ Ons

---

13) Seven Types of Ambiguity - - - p. 9.

Bybelse name dwing mens om te praat van Ou-Testamentiese vergroting.

En dit is belangrik dat die bloot fisiese lengte van die name funksioneel word.

Eiename dus wat vaagweg generies[28] werk, en slegs deels verwysend. En laasgenoemde - - - soos by Eliot - - - gebeur maar alte dikwels ook in die besónder: Ramses in Van Heerden se Bergskilpad byvoorbeeld.

Aansluitend by hierdie suggestiewe gebruik van die eienaam sou mens as verwante vorm én as teenstelling ten opsigte van die geestige gebruik van 'n reeks eiename, een van die eienaam se belangrikste literêre funksies kon noem: die voorliefde wat digters soms vir die „magiese in die naam self" koester.[29] Soos in Sendelingkinders deur Leipoldt:

Hy spoel dit oor ou Kaapstad, oor Klapmuts, oor die vlei,
Oor Stellenbosch, Sarepta, en oor Botlary,
Oor Roodesand en Tulbagh, en oor Genadendal;
Hy waai dit noord Goudini-toe, tot dit by Woester val,
En wes-toe oor na Saron, teen Winterhoek se wal,
En noord-toe, oor die berge, ver noord tot Wupperthal,
Dan see-toe, see-toe, see-toe, waar Ebeneser rus,
'n Kale duin met krale, sag deur die see gesus.
Hy jaag dit noord-toe, noord-toe, oor Troe-troe en verby
Concordia, Komaggas en Pellas .....

/ Miskien

---

28) „Generies" soos dit hier gebruik word, sou die volgende gebruiksgeval van die eienaam beskryf: „Die Attilas van die geskiedenis ... "

29) N.P. van Wyk Louw skryf in 'n opstel onder die titel Leipoldt as Digter (Die Huisgenoot, 6 Desember 1940) na aanleiding van die voorbeeld wat ons aanhaal:
"En hierdie noem van name is nie - - - soos 'n mens sou kan dink - - - die liefde van die patriot vir sy land nie, al sou die patriotisme dit as sodanig ken gebruik. Dis 'n liefde vir die magiese in die naam self, waar dit ook al gevind word, in ander lande, oral, selfs buite die wereld."
En: „Hierdie liefde vir die naam is so oud soos die poësie self, omdat die verwondering en die drif tot magiese inkantasie waaruit dit spruit, wesenlik in alle poesie is."

Ons laat dit daar: die feit dat ons studente selfs in die nie-woorde gaan betekenis soek het, is al klaar insiggewend.

En ons taalkundiges sal seker gou konstateer: die blote implikasie dat „betekenis" en „klank " geskei kan word, om te veronderstel dat die leser sy gewoonte sal breek vir die gedig, is sinloos. Veiligheidshalwe gee ek toe dat daar 'n gedig kan wees, wat nét klank was en gedig gebly het, en die leser ánders aanspreek, maar bloot die feit dat ons sê dat 'n gedig onverstaanbaar is, impliseer dat ons <u>probeer</u> verstaan het.

'n Poging tot verstaan lyk dus na een van die vooropgesette benaderings van die poësie. Dus 'n standpunt: alle poësie is nie altyd volledig verstaanbaar nie, maar baie poësie kan wel begryp word. Iemand wat dus sou sê dat die poësie tradisioneel, as gevolg van die feit dat dit in taal geskryf is, 'n poging tot verstaan veronderstel, net soos die spreker in die taalsituasie byna altyd 'n hoorder veronderstel, is seker baie na aan die waarheid. Die gedig self sal toon in hoeverre hy begryp wil word, of kan word. Maar voordat ons probéér verstaan het, is selfs ons benadering van die hipotetiese algeheel-onverstaanbare gedig, onvoldoende. En as ons dit onverstaanbaar vind, het ons al klaar toegegee dat ons probeer begryp het.

Om met die veronderstelling van 'n begrypbare studieonderwerp die literatuurstudie te beoefen, is dus nie verkeerd nie. As hierdie studie dikwels die verstaan van die gedig probeer benader, so nou en dan probeer om dit „uit te lê", dan word dit steeds gedoen met dié voorbehoud, verontskuldiging en verswëe kwalifikasie: die parafrase kan nooit volledig wees nie, kan nooit die gedig „uitsê" nie. Want as dit só was, was die poësie altyd 'n potensiële stukkie

/ prosa

Miskien die beste voorbeeld van die inkanterende gebruik van die eienaam is dié wat Milton[30] aanwend om „deur enkele klankryke name 'n hele wêreld van historiese herinnering en suggestie (te) skep":

And all who since, baptized or infidel,
Jousted in Aspramount, or Montalban,
Damasco, or Marocco, or Trebisond,
Or whom Biserta sent from Afric shore
When Charlemagne with all his peerage fell
By Fontarabbia ...

Die sprong wat ons gemaak het van die „suggestie" van die eiename soos Visser hulle gebruik tot by die „groot" musiek" van Milton, dui moontlik aan hoe wyd die gebruiksmoontlikhede van die eienaam in hierdie opsig vir 'n digter is: die moontlikheid strek van die geestige tot by die inkantasie en die skep van „'n hele wêreld van historiese herinnering en suggestie."

Vanselfsprekend kan reekse eiename maklik slegs 'n katalogus word, of op vele ander wyses gebruik word,[31] maar wat veral by hierdie voorbeelde van die skitterende gebruik van die eienaam van belang is, is die volgende: by enige bespreking van die eienaam in die poësie mag die magiese, die inkantasie, nie buite rekening gelaat word nie. En is laasgenoemde stilistiese-analities berekenbaar? Hiermee stel ons dan 'n tweede verswyging in verband met die name in Krige se Tram-Ode aan die orde.[32]

/ Enkele

---

30) Paradise Lost, Boek 1, r. 580v. - - - Soos deur N.P. van Wyk Louw aangehaal in bogenoemde artikel.

31) Soos Opperman dit onder andere in die Joernaal van Jorik gebruik. (Cf. pp. 326 - 327)

32) Cf. pp. 87 - 96.

prosa.[14] Daar is soveel maniere van begryp en aanspreek, soveel van die leser én die gedig by die saak betrokke, soveel moontlike interpretasies en gedurig nuwe interpretasies moontlik, dat mens maar net kan hoop dat joúne nie die verste van die waarheid af is nie.

Hierby sou mens kon aanhaal:[15]

„Poetry gives most pleasure", said Coleridge, „when only generally and not perfectly understood . . . From this cause it is that what I call metaphysical poetry gives me so much delight." (Anima Poetae, p. 5). The remark, like so many of S.T.C.'s other jottings deserves more attention than it has received. To treat it adequately would require a complete theory of the kinds of understanding and the world is not yet ripe for that."

Die aanhaling word met bybedoelings gekies: die bekende artikel van Richards is een van die beste illustrasies van hoe verskillend intelligente lesers kan verstaan. Dit is ook 'n voorbeeld van ons werkmetode toe ons ons voorbeeldgedigte aan studente voorgelê het, mét die nodige wetenskaplike besware teen en gevare van so 'n metode - - - en hoe insiggewend dit tog kan wees.

2. Verwysing en die „volledige" begryp

Die teenoorgestelde proef as dié oor die verkeerd verstaan van Van Wyk Louw se Cervantes: Hommage à Eugène Marais, is ook moontlik - - - of drie-kwart moontlik. Mens sou kon vra: hoe sou iemand wat die gedig redelik

/ goed

---

14) Soos Pope in The Dunciad sê:

> Turn what they will to Verse, their toil is vain,
> Critics like me shall make it Prose again.

- - - met die besef van sonde daarby .....

15) Stanley Edgar Hyman: The Critical Performance (An Anthology of American and British Literary Criticism of our Century) - - - p. 97.
Hieruit die artikel van I.A. Richards: Fifteen Lines from Landor.

Enkele verdere moontlikhede aan die hand van Gardiner

Een van die probleme ten opsigte van die eienaam is natuurlik dat wanneer 'n taalkundige begrip gebruik word om 'n verskynsel wat ook in die letterkunde geldig en aktueel is, te bespreek, enkele taalkundige onderskeidings moet meehelp met die afbakening van die begrip. Aangesien ons op die gebied van 'n ander dissipline mag oortree, het ons tot dusver geen kant gekies oor die uitsprake t.o.v. die eienaam nie en gebruik ons Gardiner selfs onnodig onkritiies.

Om dus by Gardiner te hou, maar tog ons uitgangspunt van binne-buite die gedig nie geweld aan te doen nie, onderskei ons in die bladsye hieronder volgens Gardiner se The Theory of Proper Names maar met die klem enkel op een ding: in hoeverre kan die eienaamsteorie van Gardiner meehelp om ons te leer onderskei wáár daar van verwysing gepraat mag word.

1) Met die veronderstelling dat dit in 'n gedig staan en nie bloot as karakter aangebied word nie, maar onverklaard gebruik word, sal die „embodied proper name" dus altyd verwysing wees, soos hierbo beweer is.

2) Veel moeiliker word dit egter wanneer ons met die „partly disembodied" eienname te make het. Die kortste weg sou hier wees om Gardiner se voorbeelde te noem:

   (a) the Marys of England en the two Johns (p. 12) ten opsigte van die meervoud, sou in albei gevalle verwysing moet heet, as dit onverduidelik in 'n gedig aangebied word.

   (b) Moeiliker is die onderskeid t.o.v. „the Maecenas of New York, a Lido, a guy". Laasgenoemde uiterste, waar die eienaamseienskappe van die woord, die verwysingspotensiaal reeds latent geraak het, sou mens seker slegs van 'n verwysing kon praat as

/ (1)

goed verstaan se onbewuste parafrase daar uitsien? En hier - - - bloot omdat ons met 'n gedig en beonop 'n erg woord-ekonomiese gedig te doen het - - - kan mens maar net die ongeveer-essensiële neerskryf, omdat die leesproses van die byna-volmaakte leser by die lees van 'n enkele vers, seker heelwat proefskrifte sou kon vul.

Mens probeer maar:

Die werklik goeie leser sou by die eienaam Cervantes seker soveel as wat hy daarvan weet, oproep, en die vraag vra: hoekom nou juis hý om hulde te bring aan Marais? Watter ooreenkomste steek daar in die „velde" wat deur dié twee eiename genoem word?

Die eerste reël sal die probleem gedeeltelik opklaar, maar nie voordat ons „ingeligte leser" besef het dat Marais ook 'n gedig oor Kiesjot geskryf het nie.[16] Die Cervantes- en Marais-geskiedenisse sal bygeroep word, of soveel daarvan as wat die leser van bowus is. Immers, die eiename roep groot totale op, waarvan 'n groter of kleiner gedeelte in die gedig ter sake kan word.

Die eerste vers stel ons vergelykingsprobleem, die hommage-probleem, deur die aanvangswoorde: „Maar ook:". Hierdeur word òf aangedui dat al drie persone (Cervantes, Marais, Kiesjot) in die vergelykings-hommage betrokke is, òf dat 'n voor-kontinuïteit veronderstel word. Die sinstruktuur is duidelik daarop gerig om te vergelyk. Wié ook maer was, 'n krom neus, groot snor, skraal gesig gehad het, word gedeeltelik later in die gedig duidelik in die feit dat Cervantes en Kiesjot hulle identiteit omruil: Kiesjot veg by Lepanto en Cervantes storm af op die skape en windmeulens.

/ 'n

---

16) Eugène Marais: Versamelde gedigte - - - p. 29

(i) die etimologie van die woord deur die struktuur van die gedig ter sake gemaak word;

(ii) dié woord só mede-versaaklik word deur die aanbod dat die leser gedwing word om álle moontlike betekenisse daarin te lees. (i en ii is by implikasie natuurlik dieselfde).

(b) Gevalle soos: He is a veritable Paderewski, (dié bekende gebruik van die eienaam is natuurlik volop) sou sonder meer verwysing wees: immers kennis word veronderstel.

(c) duae Galliae (i.e. Cisalpine and Transalpine Gaul) sou óók as verwysend beskou moet word.

(d) 'n Ford, (soort motor), chesterfield, mackintosh seker nie? Of dan slegs wanneer (soos met guy) die etimologie weer deur medeversaakliking van die vorm óf deur die struktuur ter sake word.

Dit dan ten opsigte van wat Gardiner onder andere die sekondêre gebruik van die eienaam noem. Dit maak hier nie saak in hoeverre die eienaam met enkele of singuliere[33] eenhede te make het nie. Meervoude (die Romanoffs, ens., p. 19), alles word verwysing in die omstandighede wat hierbo gestel is (binne-buite). So ook meervoudige eiename (p. 19 en verder) en kollektiewe (Mafia, Duma, ens., p. 23)

Spesifiek, individueel, singulier, ooreenkoms met beskrywende verwysing

Soos reeds met Dionysius Thrax se onderskeid blyk tussen substantiewe wat „algemeen en individueel" (cf. Gardiner, p. 5) gebruik word, is daar veel te sê daarvoor dat die verskil tussen eienaam en nie-eienaam (nou om dit te skei van

/ ander

---

33) By gebrek aan 'n beter term word „singulier" vir die Engelse „singular" gebruik.

'n Stukkie agtergrondskennis los die probleem verder op. In die voorwoord tot Novelas Ejemplares beskryf Cervantes homself soos volg:[17]

„De man die ge hier ziet, met zijn scherp profiel, kastanjebruin haar, glad en hoog voorhoofd, vrolijke ogen en kromme neus, alhoewel die toch van goed formaat is; met zijn zilveren baard, die geen twintig jaar geleden nog goudblond wes; met zware snorren, kleine mond, tanden die men groot noch klein kan noemen, want hij heeft er maar zes en die zijn treurig onderhouden en noch treuriger geplaatst, aangezien er geen onderling verband tussen bestaat; met zijn gestalte tussen twee uitersten, want hij is niet groot, maar ook niet klein; ... deze man, herhaal ik, is de auteur van La Galatea en van Don Quichot van de Mancha."

'n Vermoede dat die ingeligte leser dus ook nie net die gelaatstrekke van die betrokke mans soos hulle uit bewaarde portrette, foto's en skilderye te herken is, by die lees van hierdie gedeelte sal byroep nie, maar ook hierdie aanhaling uit die wérk De Geestrijke Ridder Don Quichot van de Mancha, lyk houdbaar. In die skraal gesig, groot snor en krom neus - - - en in 'n mindere mate in die „maer" - - - lees ons leser dus blykbaar nie net die in-die-gedig-aangebode feite nie, maar daarmee saam kom speel die „grondstowwe" ook 'n mindere of meerdere rol.

Presies hoeveel van die gelaatstrekke toepasbaar is op Eugène Marais, is moeilik om te bepaal uit die gedig self.[18]

/ Wel

---

17) Miguel de Cervantes Saavedra: De Geestrijke Ridder Don Quichot van de Mancha. Vertaal door J.W.F. Werumeus Buning en C.F.A. van Dam. Die gelaatstrekke deur my gekursiveer.

18) Dit is moontlik dat die „ook" grootliks op die verhouding Cervantes-Kiesjot slaan; dat die betoog hier dan nie ter sake is nie. Volledigheidshalwe moet ons egter ook 'n verdere moontlike funksie van die betrokke „ook" noem.

ander selfstendige naamwoorde) juis daarin lê dat die eienaam heel spesifiek náám is. „(It)... signifies individual being"-).

Daarteenoor kom egter die feit dat nie alle singuliere name eiename is nie (G. p. 25), en die eerste bewys daarvoor is „die son" waarvan daar maar een bestaan en wat tog nie as eienaam beskou kan word nie. Ook hier loop die verwysing en die eienaam parallel. Dit sou ongehoord wees om - - - ten spyte van ons betoog hierbo dat „die kat" verwysend gebruik kan word - - - selfs al kom „die son" in 'n gedig voor, dit as verwysing te bestempel.

Net soos die taalkundiges staan ons verwysingsbegrip dus hier ten opsigte van die singuliere naam, (singular noun, dus wat net één voorwerp aandui; een saak, konstante, afgeronde saak, noem) voor dooiemansdeur.

Gardiner glip hier ten opsigte van die eienaam met 'n betoog verby wat, alhoewel ons skaars daarmee kan saamstem, gelukkig nie hier ter sake is nie. Om sy voorbeelde te gebruik: i) poolster skyn so 'n duidelik informatiewe samestelling (G., p. 45) te wees dat (en ons praat nou van verwysing) dit skaars „verduideliking" sou nodig hê, tensy - - - en dán word dit immers volgens vroeëre betoog verwysing - - - dit in tegniese sin gebruik word.

ii) Die son sou - - - ook met die tegniekbelade gebruik uitgesonder - - - skaars verwys, juis uit hoofde van die feit dat dit algemeen bekend is, en nie vir die poësieleser opvallend word nie. Daar steek iets daarin dat die planete „name" het, die son nie. Miskien is dit - - - en as ek hier 'n suggestie waag, dit dan erg beskeie - - - omdat die son soos die poolster skaars onderskeiding d.m.v. 'n eienaamsetiket nodig het: immers, die planete is meer as een en moet dus elk ter wille van identifikasie afsonderlik naam-lik

/ genoem

Wel sou mens dit aan die werklikheid kon toets en daarmee minstens twee literêre probleme aanraak wat in die afgelope aantal jare blykbaar as opgelos beskou is. Die werklikheid buite die kunswerk, is saam met genetiese beskouings van die kuns, oor boord gewerp As ons dan nou hier by die empiriese buitewerklikheid gaan hulp soek om 'n interne probleem op te los; as ons die werklikheid buite die gedig gaan betrek by die in-fiksie-aangebode werklikheid van die gedig, is ons nie dan besig om „ekstra-kontekstueel" te beweeg nie? En is so 'n benadering van die gedig nie genetíes nie? Ons stip dit slegs aan as probleem vir latere oorweging.

Tog bied die werklikheid ons in hierdie geval die volgende:

Van Marais heelwat foto's, van Cervantes 'n selfbeskrywing waarvan sekere woorde in die gedig opgeneem is, en een oorgelewerde portret; van ons Don heelwat skilderye getrou aan 'n beskrywing wat ons van hom het: „ ... hij was taai van gestel, een mager man, met ingevalle wangen ..."[19]

Ook dit sou die goeie leser help om 'n ooreenkoms in te sien. Volgens skilderye het Cervantes en Kiesjot minstens hulle maerte, skraal gesigte, groot snorre en krom neuse met mekaar gemeen. Eugène Marais? Opperman praat van „... die maer lyk van Eugène Marais",[20] maar ons weet darom dat die snor op sommige van die bekendste afbeeldings daar is.[21]

Of die sienname in hierdie teks méér wil oproep as bloot fisiese trekke, is problematies: Cervantes was per slot van sake ook skrywer, sy Don dalk 'n „ .... stryder vir verlore sake." En kán 'n eienaam so gedeeltelik noem?

/ Dit

---

19) O.c., p. 43.

20) Opperman: Negester oor Ninevé - - - p. 9.

21) Die digter deel mee dat die gedig aanvanklik ontstaan het sonder om Marais „by te dink"; eers later as huldebetoon aan Marais betitel is.

genoem word. Daar was - - - tot onlangs - - - slegs een son. Maar dit terloops. Sonne en poolsterre is in 'n gedig nie verwysing soos die eienaam verwysing is nie. Ander voorbeelde wat Gardiner ter oorweging noem:

„moon, paradise, hell, ecliptic, zenith, nadir, sky
zodiac, demiurge, zero, chaos, pole-star."

Die teoretiese uitsprake hierbo t.o.v. die singuliere substantief sou egter in 'n geval soos hierdie vertroebel word:

In Negester oor Ninevé staan:

„Het ons dan in 'n ~~aardse~~ paradys gesondig,
dat al die aardse net kortstondig
bloei en in die seë van 'n sondvloed
sak?" (p. 44)

Benewens die breë Genesis-agtergrond wat deur die aangehaalde verse veronderstel word, staan ons dan duidelik hier voor paradys en sondvloed as verwysende woorde, en net soos die son dui dit immers heel singulêr aan.

Om 'n lang betoog oor 1) of dit verwysing is en 2) wáárom dit verwysing is, te verkort:

Ook hier sou ons die reedsgenoemde onderskeidingsmiddele wat ten opsigte van die verwysing skyn te geld, kan aanhaal:

1) dat na elders, buite die gedig verwys word, (met die kwalifikasies van 4) hieronder);
2) dat kennis, buite kennis van die taalsisteem as sodanig, hier nodig word.
3) Die woorde (met sondvloed dalk die uitsondering) is nie noodwendig informatief as sodanig nie en selfs al sou die oningeligte sondvloed kan uitken aan sonde en vloed word hier baie bepaald na één vloed verwys.
4) Albei hierdie begrippe kom uit 'n spesifieke „veld" wat elders opgeteken staan - - - die Bybel, want ander vloede (mitologies of andersins) is seker nie hier ter sake nie.

/ Dit

Dit is dan ons verwysingsprobleem uit hierdie gedeelte: hoeveel van die werklikheid moet bygebring word voordat ons (teoreties) volmaakte leser tevrede sal wees dat hy genoeg - - - en nét genoeg - - - in die gedig gelees het?

By die stel van 'n vermoede van wat in ons „ingeligte" leser omgaan en ons kurscriese bespreking van wat hy kán dink, hou ons die volgende tot beklemmens toe in gedagte en wil ons teen hierdie kwalifiserende agtergrond verstaan word:

Ons beweer nie dat 'n gedig 'n vrye assosiasie-toets is soos ons dit uit die sielkunde ken nie; nóg minder dat ons die proses wat in die goeie leser voltrek word, nagaan; stééds minder, dat dit die taak van die literatuurstudie is om 'n leser se ervaringsinhoute te ondersoek. By laasgenoemde 'n aanteken[illegible]doen die kritiek dit nie tóg by implikasie as dit begin met belydeniskritiek, met „vibrerende" kritiek nie?

Ons besef dat ons parafrase sondig; ons besef dat ons in hierdie voorbeeldhoofstuk nié stilistiés analiseer nie - - - al is die redding dalk daar (as mens daarmee ooit sal klaarkry).

Dat dié benaderingspaadjie nou juis op die grens van die kettery langs loop, dit weet ons. So moet die leser.

Met die enge weg dus baie duidelik in gedagte, voort op die breë:

Die leser sou in die oorgang tussen die eerste en tweede strofe ontdek dat daar, met die klem op die <u>en</u> (ook as gevolg van die <u>kortweg</u> en die reeks dubbelpunte) 'n stukkie verstoekte kommentaar in Kiesjot se don-skap en die verhouding daarvan met sy verblyf in La Mancha, sowel as met die res van die feite wat in dié twee strofes aangebied is, steek. As hy die buite-kennis wat hier ter sake is, byroep, sal die sinvolheid van die na-mekaar-gebruik van die tipies Spaanse (Don, met klém daarop; die tipiese streek van Spanje

/ waar

Dit is dus duidelik dat die verwysing hier ten opsigte van die singulêre naam nie die eienaam honderd persent gevolg het nie: son en maan kon ons skaars as eienaam óf verwysing beskou, maar paradys en sondvloed wel as verwysing.

Die oplossing mag moontlik daarin lê dat hierdie twee woorde 'n vasperbare ontstaansplek het en altyd daarna terug te voer is, trouens nét daarin bestaan as die gebruik daarvan - - - soos hierbo - - - kennis van daardie veld veronderstel.

Son en maan sou skaars hieraan kon beantwoord, tensy tegniese kennis van dié twee hemelliggame deur die gebruiksverband veronderstel word - - - en dit sal seker met die res van die woorde wat deur Gardiner genoem word ook die geval wees. Tensy dit tegniese term word,[34] kan dit nie verwysend gebruik word nie. Wanneer ander kennis egter deur 'n verband in die woord geïmpliseer lê: soos wanneer 'n digter sou sê:

Arabiere met hul nadir of (om dan maar 'n stappie verder, voorbeeldgewys te verduidelik:

Arabiere met hul n.. g (r.) dan dra die woord swaar aan 'n verwysingslas.

Maar in hierdie opsig (chaos, zenith, nadir, lug) sou daar baie duidelik in ag geneem moet word in hoeverre die begrip deur middel van 'n eienaam identifiseerbaar sou wees, en in hoeverre dit in elk geval 'n naam verdien

Dit sou, ook in 'n ander opsig nodig wees om Gardiner

/ aan

---

34) Heel insiggewend gee Gardiner toe: „... I think a good case may be made out for regarding the scientific Latin names of birds and plants as more of proper names than their common English equivalents." (52) Common is hier vir ons ook sleutelwoord. Is chaos daarom nie verwysing nie? Cf. p. 86 waar Combrink se verwerping van „pure" en „less pure proper names" aangehaal word.

waar Spanje Spáans is - - - La Mancha) hom opval. Die en maak hierdie stukkie onmiddellik iets wat meer sinvol wil wees as net twee stellings oor Kiesjot se titel en sy verblyfplek. Dié klemverskuiwing word deur die skrywer by die gegewe uit die werk van Cervantes gevoeg. (En so word dalk die ironie bygebring?)

Twee aanhalings langs mekaar gestel laat die verhouding tussen die grondstowwe en die in die gedig aangebode feite duideliker blyk:

In die tweede strofe van ons voorbeeldgedig het ons die volgende:

„én van La Mancha, met 'n óú skild,
met 'n boerse afkeer vir skaapvleis; maar,
met lensies op Vrydag - - - om ons Heer se lye - - -;"

(Hierby 'n nota: Vir iemand wat geen agtergrondsgegewens wíl bybring nie, sal „met 'n óú skild" al klaar problematies word. Is dit 'n verdedigingsmiddel waarmee mens die lans van jou lyf af hou, of 'n „coat of arms"? In die konteks kan dit enigeen van die twee wees. Aan die hand van die gedeelte wat ons uit die Cervantes-teks gaan lig om naas dié strofe te plaas, weet ons dat net die eersgenoemde moontlike betekenis van toepassing is.)

Bogenoemde, sowel as die eienaardige „boerse afkeer vir skaapvleis" en die oënskynlik maklik begrypbare „met lensies op Vrydag", sal wel deur die eerste bladsy van die reeds aangehaalde Nederlandse vertaling van die Kiesjot-verhaal gedeeltelik opgeklaar word: [22]

„In een dorpje van de Mancha, waarvan ik mij de naam niet wens te herinneren, leefde nog niet lang geleden een van die edellieden, die een lans in het wapenrek, een antiek lederen schild, een mager paard en een snelle hazewind / bezitten

22) O.c., p. 43.

aan te haal ten opsigte van sy stelling oor die eienaam as noemer van individuele dinge: „For most individual things the proper mods of reference is description, . . . and there is no thing however small or unimportant that cannot be reached by description." (p. 57)

En hiermee kom ons dan by nog 'n vorm van die verwysing. Blum[35] skryf, „sonder om name te noem" soos ons woordeboek gesê het:

„Kan u my lei - - -" hef ek aan, maar besef
aan sy lang mantel en outydse mus,
maar veral aan die louerkrans wat hom bekroon,
dat hy geen buurtling is nie; „asseblief"
het op my tong gestol toe ek die lang
krom neus, die hoek-af mond en die trots-droewe
sienersoë uit 'n ou gravuur herken .....

„Dis ek," sê hy, „dode en Florentyn ...."

En Opperman beskryf (ons moet ook ons teenstelling hier bybring):

Vincent van Gogh[36]

Jy het as miskende
heilige vergeefs geveg teen die ellende
en die onreg in die krotte van die myn,
in agterbuurtes en op landerye: siegs die pyn
en skriklike stryd van God
leer ken, wat mens en boom verknot
in Sy kramptrekke; maar eers toe jy die koringgerwe
in aanbidding van die son kon verwe,
boere, wasvrouens en gepynigde gesigte,
die kantelende landskap in die snelle ligte
/ geel

---

35) Enklaves van die Lig - - - p. 57.

36) Heilige Beeste[2] - - - p. 83.

bezitten. Het middagmaal, met vaker rund- dan skapevlees, 's avonds meest een koud kliekje, op saterdag eieren met spek, vrijdags linzen, en zondags een lekker duifje, verslond driekwart van wat zijn landgoederen opbrachten."

Net soos in die vorige aanhaling uit die vertaling van Buning en Van Dam, lyk dit dus of die digter hier 'n baie klein stukkie teks gebruik het, of dan minstens heelwat uit min daarvan gelig het.

Wat ons wel behoort te interesseer, is die feit dat daar op verskillende wyses van hierdie teks gebruik gemaak word. (Of ons baie goeie leser hierin geïnteresseerd sal wees, is nog vir bespreking.) Dis duidelik dat die teks soms byna woordeliks ('n ou skild, lensies op Vrydag; uit die Cervantesbeskrywing van homself: krom neus, ens.) gebruik word, soms slegs parallelle feite aanbied (boerse afkeer vir skaapvleis, bv.). Die teks word nie deurgaans net so gebruik nie, daar word bygevoeg (om ons Heer se lye) en weggelaat (een lans in het wapenrek, bv.), die Cervanteswoorde word gebruik of net die Cervantesfeite word aangebied. En die gebiede, die velde, wat uit die teks gebruik word, wissel byna willekeurig van die kort stukkies reeds aangehaalde teks tot die wye greep - - - mens sou selfs kon praat van 'n opsomming - - - in die derde strofe waar daar van die skape en windmeulbestorming deur Kiesjot gewag gemaak word.

Die eerste probleem wat deur die verwysing opgelewer word, as ons intussen aanneem dat ons hier met verwysing te doen het, kan aan die hand van die reeds gestelde indrukke van ons goeie leser, benader word: dit is duidelik dat daar 'n sekere verhouding moet bestaan tussen die in ons voorbeeldgedig aangebode teks en die aangehaalde gedeelte uit Don Kiesjot; tussen die in die gedig gegewe feit en die „grondstowwe". By wyse van spreke moet ons dus hierdie gedig teen

/ sy

geel en groen en blou - - - alles met koorsige gewlek
tot branding van die skone kon verwek,
toe is Sy hartstog eers in jou volbring
soos groen sipresse tot 'n vlam verwring.

Eiename as titels word eers later bespreek, en die feit dat Vincent van Gogh, die eienaam, die sleutel en broodnodige sleutel tot die gedig bied, is hier nie ter sake nie.

Wel is:

Bogenoemde twee gedigte is altwee „beskrywings": die eerste (sonder om name te noem) dui met blote beskrywing 'n individu aan, verwys na Dante, die man, digter, kromneusige; identifiseer.

Die Opperman-gedig daarenteen is besig om ánders te beskryf: daar word van die leser veronderstel: kennis van Van Gogh, en die beskrywing wat volg is nie „getrou" nie, maar is besig om te „verander". Niemand het seker nog vir Van Gogh as „heilige" beskou nie, gekanoniseer is hy in elk geval nie, en of „Sy hartstog" in Van Gogh volbring is deur die swaarkry „soos groen sipresse tot in vlam verwring" (wat inderdaad prágtig tipeer vir dié wat Van Gogh se werk ken), is 'n vraag vir heelwat teologiese debat. Máár dié kennis van die man wat veronderstel word, is nekondêr, op die agtergrond, nodig. Dit gaan nie hier om identifikasie nie (dit doen die eienaam reeds) maar om 'n nuwe in[illegible]pretasie van die Van Gogh-lewe en -werk. En in die [illegible]selwerking tussen die feite-Van Gogh en die gedig-Van Gogh lê die trefkrag van die gedig onder andere.[37] Beskrywing is

/ hier

---

37) Ons maak hier onder andere ook voorbrand vir 'n begrip wat later gebruik word (cf. verwysende aspek en die bespreking van Lucifer op p. 245 v. en p. 257 v.)

sy agtergrond lees. En „agtergrond" behoort duidelik verstaan te word as nie die ou historistiese, sosiologistiese of psigologistiese agtergrond nie, maar iets anders: 'n stukkie van die buitewerklikheid wat in die fiksiewêreld van ons gedig ter sake word. Maar selfs dít is problematies - - - deel van ons probleemstelling, nie 'n stelling nie.

Een ding is seker, selfs al laat ons ander kennis daar: dat as ons sonder die nodige kennis was, wat uit ons aangehaalde gedeeltes blyk, ons meer as die helfte van die begrypbare in die gedig sou misgeloop het: ons sou ou skild verkeerd kon interpreteer, effens verbaas staan teenoor die „boerse afkeer vir skaapvleis ... " Ons sou ook die digter se ironiese kommentaar oor die hele toestand misgeloop het, as ons nie besef het dat die „boerse afkeer" deur hom bygevoeg is nie, of dat die „om ons Heer se lye" juis 'n [illegible]ere uitbouing van die sinspeling op die Don se katoliekheid is nie. Ons moet nog méér weet: dat die Spanjaarde - - - of katolieke Spanjaarde - - - hulle nie op Vrydae van vleis hóéf te onthou nie, as gevolg van 'n vergunning in die Bulla Cruciatae.[23] Ons Don eet lensies op Vrydag uit oortúíging, ten spýte van 'n vergunning en baie duidelik „om ons Heer se lye". Hoeveel beter maak die kennis van die agtergrond tog nie ons goeie leser se verstaan nie!

Toegegee dat laasgenoemde verwysing eintlik by Cervantes aan adres hoort - - - maar verwysings na verwysings kom wel later ter sprake.

Daar steek vir my juis iets boeiends in die feit dat die Don - - - later toegepas ook op Cervantes - - - se uiterste katoliekheid juis uit die verwysing duidelik word: Don; La Mancha; lensies op Vrydag. As die Don se optrede teen die Turke darem nie hierdeur in groter perspektief kom nie ... En Cervantes?

/ 3.

23) Mededeling van Vader Mathew MacDonald, O.F.M., Pretoria.

hier, soos sê maar in Nietzsche van Van Wyk Louw, nie blote herbeskrywing nie, ook nie soseer identifiserende beskrywing soos in die geval „Dante" by Blum nie, maar meer: dit stel Van Gogh in 'n nuwe lig, 'n lig wat as nuwe teen die algemene potensiële kennis van Van Gogh staan, dus 'n bynafiktiewe Van Gogh, maar 'n Van Gogh wat nou nuut téén homself staan, 'n nuwe „moontlikheid" ten opsigte van Van Gogh.

Met dié vorm van beskrywing - - - die „afwykende beskrywing" sou 'n term kon wees - - - dus as kwalifikasie in die gedagte, sou mens kon sê: inderdaad, die eienaamsverwysing en die beskrywende verwysing kom ten opsigte van identifikasie pragtig op dieselfde neer.

Dit sou egter sinloos wees om slegs hierdie twee pole te erken, tussenstadia waar identifikasie én interpretasie in 'n beskrywing lê, sou seker heel dikwels gevind word.

In Jorik, waar Manuel as karakter-in-die-gedig verder verwysend word as gevolg van sy optrede en 'n beskrywing (hol gesig en dietjie baard); waar sy woorde nog verder identifiseer deur middel van vorm-verwysing (cf. p. 180 en verder); waar hy bykans „aanhaal" en daar dan verder bevestigende sleutelfrases voorkom („vyf wonde" op „doelbewuste plekke", bv., wat meer sinspeel as direk beskryf), sal wel 'n voorbeeld kan bied van hoe ingewikkeld „identifikasie" en „beskrywing" kan word. Ook, wanneer 'n moderne Jona (cf. Negester oor Ninevé - - - p. 47) met die Bybelverhaal as model heel nuwe „inhoude" opdoen, sou mens van 'n ánder soort verwysende beskrywing en/of interpretasie moes praat.

Teoreties sou n dit egter vas: dat identifisering in die verwysing op een of ander wyse moet plaasvind, al is dit dan so vaag soos die identifisering van 'n verhaal (want die verwysing roep soos die eienaam potensieel die wydste gehele op). In die geval Manuel hierbo lê daar,

/ soos

3. Die verhouding aanbod-grondstof; die moontlikheid van verkeerd verwys

'n Tweede en hierdie keer baie duidelik literêr-teoretiese probleem (moet mens onderskei tussen 'n literêr-tegniese probleem en die wyer literêre teorie?) doen hom aan die hand van die „.... boerse afkeer vir skaapvleis" voor.

In 'n Engelse vertaling[24] lui die gedeelte wat ek so pas uit die Nederlands aangehaal het, soos volg:

„Domiciled in a village of La Mancha, the name of which I purposely omit, there lived, not long ago, one of those gentlemen, who usually keep a lance upon a rack, an old target, a lean horse, and a greyhound for coursing. A dish of boiled meat, consisting of somewhat more mutton than beef, the fragments served up cold on most nights, a sheep's chitterlings on Saturdays, lentils on Fridays, and a small pigeon, by way of addition, on Saturdays, consume three-fourths of his income."

Uit ons vorige Nederlandse aanhalings het geblyk dat die digter, by die skrywe van die gedig, die vertaling van Buning en Van Dam (naas die oorspronklike) in gedagte gehad het. Dié vermoede is trouens ook deur die digter bevestig. Die volgende twee opmerkings oor die probleem van verwysing-na-watter-boek behoort egter genoem te word:

1) Ons het voorlopig aangeneem dat die oorspronklike plus die Cervantesvertaling van Buning en Van Dam as agtergrond, as voorkennis, as agtergrondkennis, as grondstof, as kennis-waarteen-ons-moet-lees vir hierdie

/ gedig

---

24) Don Quichote de la Mancha - - - Translated from the Spanish of Miguel de Cervantes Saavedra by Charles Jarvis Esq. - - - Vol. I, p. 9. Dié Bohn-vertalings was natuurlik soms maar baie vry!

soos elders gesê, ook iets van die verwysende identiteit van dié karakter in die naam self, en in Vincent van Gogh doen die eienaam die basiese „plasing" van die gedig. Enige verwysing deur beskrywing of deur ander vorme moet basies op een of ander wyse „geplaas" word voordat dit kan begin om te werk.

Die eienaam openbaar sy identifiserende funksie op sy beste in gedigte met 'n eienaam as titel maar waarin dié eienaam nie voorkom nie, en ook nie genoeg sinspelings om die gedig te „plaas" nie. (Soos Eybers se Emily Dickenson of Circe, om enkeles te noem?) En daarmee reken ons dan die titel maar by die gedig in?

'n Gedig wat die identifiserende funksie van die eienaam verder na vore bring is Vriesweer van Eybers.[38] Ons het naamlik in hierdie gedig 'n verwysing na 'n spesifieke gebeurtenis in die Christusverhaal, aangebied deur 'n enkele eienaam.

Net by die kroon brug bly die water swart
maar verder sloot-af flikker alles hard

Die mooi bont gende buig en duik en trap
binne die skuiling van die brug se kap

'n Wye seemeeu, misties wit en grys,
dryf nader, aarsel, land dan op die ys

en word 'n uitverkore voël wat droog,
steltpotig afkyk uit sy ronde oog.

Terwyl sy maters saam eerbiedig kakel
oor aanbreek van 'n tydvak van mirakel

Verlaat 'n Petrus-eend die donker boog
en krabbel, voor hy terugplons, lomp omhoog.

/ Die

38) Balans - - - p. 57.

gedig moet dien; dat sonder kennis van die grondstowwe - - - so het ons geredeneer toe ons ons goeie leser teenoor die oningelig̈te gestel het - - - die leser gedeeltes soos „met 'n boerse afkeer vir skaapvleis" half sal verstaan. Met bogenoemde twee stellings aanvaar, moet daar tussen die gegewe-in-die-gedig en die relevante buitewerklikheid 'n sekere <u>verhouding</u>, 'n <u>verband</u> bestaan. Die buitewerklikheid is dan in hierdie geval 'n boek wat verskillende lesers in verskillende vorms ken: vertaald, verkort, vergemaklik. 'n Voorlopige gedagte as deel van die probleemstelling hierby: Bestaan dié <u>verhouding</u> by álle „verwysings"? en hou verwysing juis op om verwysing te wees waar die <u>verhouding</u>[25] - - - en oor dié vae term later, - - - ophou om te bestaan?

Die verhouding wat ons dalk raaksien tussen die woorde-wat-verwys en dit waarna verwys word, is egter in die twee aangehaalde vertalings verskillend:

Met 'n boerse afkeer vir skaapvleis - - -
met vaker rund- dan schapevlees

Met 'n boerse afkeer vir skaapvleis - - -
more mutton than beef.[26]

As ons den die <u>verhouding</u> in gedagte hou; meer doen, sê dat dit ons begryp van die betrokke sinsmede bepaal - - - of den gedeeltelik bepaal - - - ; dat ons juis aan die hand van die verhouding die skrywer se indirekte kommentaar op die hele aangeleentheid kan erken; dan is dit duidelik dat ons hier met twee maniere van begryp te doen

/ kan

---

25) Die kortste weg om te verhoed dat ek met hierdie <u>verhouding</u> by my leser verbyskryf, kan voorkom word deur te verwys na die feit dat Grové in <u>Die Towenaar in die Fles</u> praat van verwysing in <u>jukstaposisie.</u> Dit impliseer verhouding.

26) In die onderhawige geval kan die oorspronklike seker uitsluitsel gee. Die moontlikheid dat <u>lesers</u> net een vertaling ken, bly egter bestaan; so ook dat digters (die minder noukeuriges) kan skryf .... under the impression that .....

Dis slegs nodig om aan te dui hoe die eienaam opstaan en meteens die hele vriesweertoneeltjie in perspektief plaas. Trouens dit bly nie net 'n toneeltjie van die ys op die grag en 'n oormoedige eend wat maar te maklik 'n voorbeeld navolg nie, maar die - - - kan mens dit nie selfs 'n metafoor noem nie? - - - sinspeling op Petrus se mislukte poging op die water, toe die dissipels deur Christus besoek is, laat meteens 'n dubbele perspektief - - - ook oor die eend - - - oopgaan.

Verre sy dit van my om hier van „vlakke" te praat, nog minder sou mens sonder 'n volledige stilistiese analise enigsins wetenskaplik kon verklaar dat die Christusverhaal as diéper betekenis van die gedig funksioneer. Miskien - - - en die vermoede lyk die naaste aan die waarheid - - - bly dit maar beeld om-die-eend. Dit is in elk geval nie só ter sake nie.

Waarvan dit egter 'n baie gawe aanduiding bied, is dat die eienaam in gevalle soos hierdie by die eerste lees die ploffingspunt, die oomblik van insig, die sneller agter die begryp kan wees, juis omdat hy, saam met die anderstalige aanhaling, een van die mees opsigtelike verwysings bied. Ook omdat, soos ons al dikwels op gewys het, hy juis by uitstek die versperrende verwysing is, nie slegs die kortsluiter van die begryp nie maar ook die woord wat by die leser al 'n gewoonte-verwysing geword het. Trouens 'n vermoede dat die blote naam van die eend „Petrus" is, sal enige leser onmiddellik as vergesog verwerp. Dit is natuurlik uit die gedig ewe duidelik dat ons hier m.' 'n geïntegreerde verwysing te doen het. In die gedig dui héélwat woorde op 'n gebeurtenis wat meer is as net 'n toneeltjie met die eendeweer. Ons het 'n „mistiese", „uitverkore" voël, en die eende voel die „aanbreek van 'n tydvak van

/ mirakel"

kan hê; òf 'n gewone parallelle verwysing, of met verwysing in jukstaposisie. Die res van die gedig is 'n redelike parallelle weergawe van die feite (met dié wat ons in die boek aantref) en mens sou dus kon aanneem dat die vertaling wat ter sake is dié is van Buning en Van Dam.

Meer ook dié stelling is nie heeltemal sonder die twyfel nie. Die leser wat nie wil aanstem nie, sou wel die volgende argumente kan aanhaal: 1) die parallellisme tussen die twee stelle gegewens is nie deurgaans so parallel nie. Later (in die laaste twee strofes) ruil Cervantes en Kiesjot immers identiteite uit - - - wat die geskiedenis voor Cervantes se deur lê, word deur die gedig aan Kiesjot toegedig en andersom. Cervantes storm die windmeulens, Kiesjot veg by Lepanto.

2) Die res van die gegewens is in albei vertalings „parallel".

Ons steun dus hier op 'n mededeling daar die digter dat die Nederlandse vertaling en die oorspronklike gebruik is.

Die probleme wat die verwysing vir die leser kan inhou, blyk reeds redelik duidelik hieruit: wat van die man wat nét 'n Engelse of ander vertaling ken? Hy is in sy verkeerd verstaan net 'n trappie van die man wat „met 'n boerse afkeer vir skaapvleis" aanvaar het soos dit daar staan - - - sonder 'n verwysingsbybetekenis.

Die „Engelse" leser sou die verband tussen „boerse afkeer vir skaapvleis" en die stukkie in sý vertaling van Don Kiosjot waarna verwys word, anders ingesien het as die „Nederlandse" leser: vir hom sou die ironie gewees het soos die skoolboeke dit definieer: die teenoorgestelde van wat bedoel word, word gesê. Of dan minstens: die digter is willens en wetens besig om hier te verdraai en daardeur kom die ironie. Die Nederlandse leser sou 'n parallelle ironie hierin sien.

/ Vanselfsprekend

mirakel" en kakel „eerbiedig". Tog sou laasgenoemde mirakel ook bloot op die eienaardi[illegible] superioriteit van die seemeeu kan wys; nie net op die verwysingsbetekenis slaan nie. Net so sou mens oor „mistiese" en „uitverkore" kon redeneer. Immers 'n voël wat sonder meer iets kan doen wat die ander van sy spesie nie kan doen nie, sou maklik „uitverkore" kan heet in die normaalste en die mees onverwysende sin van die woord. En dit is nie 'n groot stuk gewaagdheid om die „wit en grys" kleur van die seemeeu as „mistie s" te beskryf nie. In elk geval nie 'n groter poëtiese waagstuk as om van die see-meeu as „wyd" te praat nie.

Op sigself lewer ander woorde wat die leser later gaan te pas bring by die Christusverskyning, by die verband meeu-christus, nie vir ons genoeg aanduiding om sonder meer 'n redelike gevolgtrekking in dié verwysingsrigting te maak nie. Die eienaam laat egter dadelik die meervoudige perspektief van die gedig ooprol.

My insiens, omdat die eienaam so maklik herkenbaar is. Eers ná die eienaam merk ons die pragtige integrasie van die perspektiewe. Ons kan dit as lang beeld afmaak, praat van vlakke, of soos ek reeds twee keer versigtigheids-halwe gedoen het, wys op 'n „meervoudige perspektief", maar dat die eienaam die sleutel bied, deur sy eie <u>spesifieke</u> verwysende aspek, deur sy konbaarheid, deur sy konsentrasie-binne-homself, kan moeilik betwyfel word.

Maar is dit nie verder ook mooi nie: dat die eend nie net in hierdie geval soos Petrus op die water probeer loop nie, maar meer is: net so <u>voortvarend</u> soos Petrus, volgens die geskiedenis was. Weer eens dalk: die verwysing as beeld.

Die eienaam, het dus onder andere die nut dat dit 'n ondubbelsinnige werklikheids-geskakeldheid, 'n presisering

/ van

Vanselfsprekend moet mens hierby vra: het die digter die reg om so „verkeerd" te verwys? En dan gee ons toe, en ons doen dit onmiddellik en onvoorwaardelik: seerseker wel. Anders sou ons nooit van verwysing in jukstaposisie kon praat nie, dan sou die verhouding waarmee ons so pas geswoeg het, deur die mat val - - - die verhouding sou altyd parallel wees en dearom sinloos word omdat die historiese verwysing áltyd historiese feit sal word. Teoreties gee ons immers lankal toe: historiese romans - - - of dít verwysing veronderstel sal ons later probeer vasstel, maar die voorbeeld geld - - - was nog nooit waar soos 'n geskiedenisboek voorgee om waar te wees nie. 'n Geskiedenisboek verteenwoordig 'n feite-wêreld, die gedig nie. Dat die verwysing juis op die grens tussen die „werklike" wêreld en fiksie-wêrelde beweeg, is een van die redes waarom hy literêr-teoreties so 'n probleem-kind geword het. (Dit sien ons al klaar hier waar ons gevra het: maar is die historiese roman dan verwysing?)

By die „verkeerd" verwys, die gebruikmaak van inligting wat van 'n digter afkomstig is, en die vraag of ons buite-kontekstueel beweeg, sal mens liefs die betoog hier moet verkort met 'n paar stellings:

1) Dat die buite-kontekstuele gegewens dalk nie so búíte-kontekstueel is as wat hulle wil voorkom nie, is baie moontlik; trouens ons standpunt in Hoofstuk III dui juis op die byna volkome integrasie van vreemde stof.

2) Om van 'n digter informasie te verkry oor sy werk, veronderstel nie noodwendig 'n leemte in die teks nie, en in hierdie geval, waar dit nie om 'n waarde-oordeel gaan nie, maar eerder oor 'n literêre verskynsel, staan dit die ondersoeker vry om, sê maar - - - om ook ánder in te sluit - - - Joyce se briewe na te gaan om inligting. Solank die waarde-oordeel nie daardeur geraak word nie. Daar is immers lesers

/ wat

van persoon en plek, 'n woord-ekonomiese beeld, 'n lokalisering ten opsigte van tyd en ruimte ('n Handvol gruis uit die Hantam) of minstens 'n skynpresisering meebring.

En laasgenoemde mag romanties wees soos die name wat Krige en Leipoldt so dikwels gebruik, of Tarka in Senzagakona by Opperman, of generies soos Ramses in Bergskilpad, of daar ter wille van die naaminhoud, of die „social suggestion". Of natuurlik bloot na-bootsing van die werklikheid in die karakter-naam of fiktiewe pleknaam. (Of, soos in Raka: name wat nié wil presiseer nie, soos die lokaliteit van die gedig nooit presies gepresiseerd is nie).

Deur hierdie mengelmoes baan die lesers gewapen met kennis, 'n ensiklopedie en hopelik liefde, hulle weg - - - met verskillende mates van sukses, frustrasie en vreugde. Maar omdat mens die laasts woord ook ten opsigte van die eienaam moet byskryf, sal ons liefs nie die digter sy voorreg ontsê nie om „..... aan alle dinge op aarde en in die hemel en in die waters onder die aarde, 'n naam te gee." [39]

As jy „Jan" roep in die skare .....

Juis omdat die eienaam egter so direk-verwysend funksioneer lewer een van die eienaam se kenmerke juis probleme op: die feit dat dieselfde naamklank gebruik word om soveel verskillende individue te identifiseer. Omdat 'n gedig juis soms problematies word omdat die leser nie presies weet wátter persoon genoem word nie - - - skree „Jan!" in 'n skare en 'n paar kyk om - - - word die probleem dan nóg groter.

N.P. van Wyk Louw se Ballade vir Jan se Fees[40] bied 'n uitnemende voorbeeld:

/ „Daar

---

39) Die aangehaalde intreerede van prof. Van Wyk Louw.

40) Nuwe Verse[2] - - - p. 31.

wat nié - - - ons keer terug na die Cervantesgeval - - - hulp van die digter sou nodig hê nie. Die tekortkoming is in hierdie geval by die leser, nie by die gedig nie. En ter verdediging van die leser: ons kan nie almal identiese belesenhede hê nie.

Die digter is dus nie in hierdie geval besig om van buite af redaksioneel reg te dokter „wat die digter verbrou het nie". [27] As die kritiek met 'n digter woordjie-woordjie onder die tafel deur speel, en dit gaan om inligting as sodanig, kan mens nog nie té veel daarop teë hê nie, mits die tekortkoming by die kritikus en nie by die gedig lê nie - - - want die kritiek klink maar net alwetend - - - en die kritiek se waarde-oordeel nie deur meer as net 'n beter verstaan beïnvloed word nie. „Genetiese" en „buite-kontekstueel" kán soms twee aparte dinge wees.

3) In verband met „verkeerd" verwys: In hierdie spesifieke geval kan ons tog nie van die digter verwag om verantwoordelikheid te aanvaar vir ál die vertalings wat al verskyn het nie. En hy het per slot van sake die reg om na oorspronklikes, weergawes en vertalings te verwys!

Hierdie reg is wyd; die leser soms magteloos! Maar ook hieroor later. Intussen ontsê ons die digter geen enkele bruikbare verwysingsveld nie.

Verder moet mens altyd in gedagte hou: die „verkeerd" verwys kan bewus-sinvol wees soos ons verfoeiding en boerse afkeer vir skaapvleis bewys het.

Ook in die laaste twee strofes van die voorbeeld-gedig kom dié verskynsel - - - ons het al kortliks daarop gewys - - - na vore:

Kennis van buite die gedig, voorkennis, bykennis, of gewoon kennis, as mens dit so verkies, speel 'n rol.

/ Binne

---

27) A.P. Grové in Beskouings oor Poësie, p. 52.

„Daar was wel duisende van daardie naam
sedert die eerste Jan - - - 'n Dover - - - aan die vloed
van die ou Jordaan sy lyf met wilde braam
en heuning en met sprinkane wou voed:
Eers Jokhanaan, ekstaties en verwoed;
Johannes tóé, Grieks bespiegelend; dan,
in die Lae Lande: geestig, kort en goed:
'n Dietse silwersmid, 'n Jan - - - óns Jan.

So baie variante van die faam
laat Clio - - - die ligsinnige - - - in haar stoet
met dié betiteling stroom: 'n santekraam
met Slim Jan, Dom Jan en Jan Rep; te voet
'n vors: Jan-sonder-land - - - ; 'n Heilige; 'n snoet;
en een wat ek verswyg: Jan-sonder-van.
Maar heel apart stap, sonder kroon, of hoed:
'n Dietse silwersmid, 'n Jan - - - óns Jan.

So baie ridders met of sonder blaam
vertrap mekaar om daardie Muse, en woed
en wed op woorde; betuig, betwis, beaam;
maar rondom hom groei daar 'n klein en soet
geklets: Denis; Michel - - - prins van bloed - - -
vér van die firma Jan en Alleman;
en ou Jan Goethe en Jan Bach kom groet
die Dietse silwersmid, 'n Jan - - - óns Jan.

Dus 'n reeks Janne wat elk een of ander aanslag op die grootheid gemaak het. Mens behoort hier nog iets te noem wat later by die bespreking van die simbolies weer ter sprake gebring sal word: naamlik, in hoeverre 'n verwysing allemansgoed of deelgoed is. Ons Janne bied in die eerste strofe alreeds 'n aanduiding van hoe die obskuurheid van 'n verwysing kan wissel van heldere algemeenbekendheid

/ tot

Binne die gedigstruktuur staan daar as aangebode feit: „staan by Lepanto teen die Turke". Dit is Don Kiesjot wat hier staan, en nie Cervantes soos die geskiedenis dit wil nie. Die laaste dubbelpunt staan na die woord Don. Dit is dus nog hý wat in die sinsdele tussen die kommapunte toegelig, verduidelik en beskryf word. Waar die gegewe uit die „werklikheid" in die eerste twee strofes feitelik met die gegewe-in-die-gedig klop, het ons hier met omgekeerde geskiedenis te doen. Misinterpretasie, of dan verkeerd begryp, is dus in die derde strofe sonder kennis van die historiese feite byna onafwendbaar. 'n Letterlike interpretasie van die teks kan slegs deur buite-kennis verhoed word. Ek wil herhaal dat die ironie miskien juis deur hierdie skalkse ernstige verdraaiing van die historiese bereik word.

Dieselfde omgekeerde geskiedenis - - - ons het dit ook alreeds „identiteits-omwisseling" genoem - - - kom dan in die vierde strofe weer.

Die leser staan voor 'n feit: Cervantes wórd sy skepsel en Kiesjót ís sy maker. Byna metafories.

Sowel die „parallelle" as 'n „omgekeerde" aanbod van feite is dus as gevolg van agtergrondkennis by die leser sinvol.

Om op te som:

1) Hoe skakel hierdie omgekeerde geskiedenis met ons boerae-afkeer-vir-skaapvleis-probleem? Met ander woorde, wat maak ons teoreties hier waar die in die gedig aangebode feit in teenstelling staan tot die feit uit die geskiedenis? In die huidige literatuurondersoek - - - dit wil sê as ek die teksgerigte, post-formalistiese literatuurstudie reg verstaan - - - sou ons by hierdie twee gevalle baie gou sê: dit maak nie saak watter soort boere die leser ken

/ nie;

tot die persoonlikste verwysing binne 'n vriendekring.

As ons lees van Jan, die Doper (met 'n klein spel met die ontwikkeling van die naam) dan weet elke leser wat enigsins kennis dra dat dit hier om Johannes die Doper, Jokhanaan, Johannes, gaan. Mens kan seker met redelike sekerheid sê dat ons hier 'n legitieme verwysing het. En die verduideliking, nass die eienaamlike vormontwikkeling, is duidelik, presies, daar is geen ruimte vir misverstand nie: „die Doper", die man wat in die woestyn van brame, heuning en sprinkane geleef het. Die historiese figuur is belangrik genoeg en die verduideliking rondom die naam voldoende. Geen misverstand kán ontstaan by die redelik ingeligte leser nie. En ter sake vir die betoog: baie lesers is hieroor ingelig. Die kommentaar oor die klánk van die naam sal 'n leser seker ook sonder tè veel moeite (ek praat van die „ekstaties en verwoed" en „Grieks en bespiegelend") as beskrywings van die eienaamsvórm kan beskou.[41] In dié spel, analogies ten opsigte van die eerste deel van strofe I, sal die leser by die laaste twee verse van die strofe ook wel vermoed dit gaan hier miskien nog grootliks om die lekker dietse klank van die naam Jan. Die feit dat die aanduiding agter na 'n persoon verwys - - - 'n Dietse silwersmid - - - tesame met die voorbeeld van 'n spesifieke verwysing na die persoon van Johannes die Doper en die dissipel Johannes, sal die leser egter wel die vraag laat vra: Wie is die Dietse silwersmid, die Jan?

Laat ons dit so stel: gestel die leser is nie in die geleentheid om by die digter of by een van sy vriende te gaan verneem wat hier aan die gang is nie, dan sal hy onmiddellik besef: dié gedig is vir my nie algeheel toeganklik

/ nie

41) Alhoewel daar duidelik tussen die „ekstaties en verwoed" en „Grieks en bespiegelend" onderskei kan word. Eersgenoemde het betrekking op die Doper, die tweede op die dissipel Johannes.

nie; dit maak nie saak of jy saamstem of nie saamstem nie. In die gedig staan: boere hou nie van skaapvleis nie, en Cervantes bestorm windmeulens. Dit maak nie saak as die boere wat jý ken nou juis skaapvleiseters by uitnemendheid is nie, wat híér staan ... , er staat .... , wat geskrywe is, is geskrywe ... Die leser, is verplig om hierdie fiktiewe boerse afkeer vir skaapvleis tydelik te aanvaar soos hy in sy grootste oomblik van werklikheidsbesef 'n Bestrysgeskiedenis as die waarheid aanvaar terwyl hy dit lees. Vir hom is die standbeeld nonl

Ek stel aan die hand hiervan 'n probleem en laat dit ook as probleem-stelling: aanvaar ons dat Cervantes <u>op die skape afstorm</u> vir die duur van die gedig, of is ons in ons begryp ook besig om rekening te hou met die feit dat daar ook 'n ander, 'n werklike geskiedenis bestaan?

Hierdie vraag word gedeeltelik deur die reeds behandelde stof afgemaak - - - soos ons later sal sê, nie hééltemal nie - - - as gevolg van die mooi dinge wat in die bybring van die agtergrond duidelik word. Ons kán Kiesjot en Cervantes hier nie aanvaar as nét karakters in die gedig nie.

Die relevante historiese gegewe is dus - - - en ons het dieselfde gevolgtrekking gemaak met ons proef oor n'e verstaan - - - wel in hierdie gedig ter sake, en word nie deur die gedig self opgeklaar nie, maar deur gegewens wat die gedig van buite af aanvra. Dit moet die leser voorsien.

2) Geen verdere bewysplase skyn nodig te wees om te oortuig dat die <u>verhouding</u> tussen die in die gedig aangebodene en dié dinge wat die leser uit eie kennis bybring, in rol in ons uiteindelike interpretasie van wat daar gesê word, speel nie. (Ons veralgemeen nié: dis in hiérdie gedig die geval).

Uit hierdie <u>verhouding</u> skyn onder andere die ironie gedeeltelik tereg te kom.

/ 4.

nie.

Die tweede en derde strofe sal hierdie gevoel van uitgeworpenheid uit die sinagoge net vererger, want ons Dietse silwersmid is net nie met die ensiklopedie op te klaar nie. en die vermoedens nog minder bevestigbaar, want silwersmede met dié naam was nie belangrik genoeg om in die Brittanica of Winkler Prins te beland nie. Die verklaring by hierdie naam Jan, van die spesifieke persoon waarna verwys word, is trouens misleidend - - - as mens nou op gesag van die digter aanvaar dat ons hier met 'n geleentheidsgedig te doen het wat spesifiek op Jan Gresshof dui, en dat Gresshof inderdaad seker nie sy roem aan die silwersmedery (in letterlike sin) te danke het nie, maar darem erg Diets mag wees, dan kán die klag gelê word: die gedig is slegs vir 'n klein groepie „verstaanbaar".

Die vraag word: is dit legitiem om te verwys na iets wat vir dié wat nié die digter of die geleentheid ken nie, selfs onnaspeurbaar sal bly deur watter naslaanwerk ook al? Die „persoonlike" [42] verwysing sal immers die neiging hê om vir 'n groot aantal lesers dig te bly. Oor hierdie vraag sou veel gesê kon word. Voorlopig kan mens met enkele opmerkings volstaan:

1) Is die Ballade vir Jan se Fees heeltemal onverteerbaar vir die leser wat net die historiese-naslaanbare name kan uitmaak? Seker nie. Met bietjie verbeeldingskrag sou die leser maklik dié loflied kon sien as 'n gedig oor 'n ware silwersmid? Of volgens ánder interpretasies?
2) Persoonlike verwysings het die neiging om ten opsigte van gedigte waarvan die opspoor die moeite loon, bekend te raak - - - vis kritiek, biografieë, geskiedenis, ens.

/ Hoeveel

---

42) Cf. pp. 235 - 239.

4. Direkte en bedekte aanduiding

In ons bespreking tot hier toe het ons die term verwysing soveel moontlik agterweë gelaat en die probleem van begryp probeer benader uit 'n kennishoek, omdat die verstaansprobleem en die verwysing al so dikwels met mekaar in verband gebring is.

Ons het hier duidelik stel dat die sprong tussen verwysing en begrip in hierdie studie nog gemaak moet word. Die moeilikhede in 'n gedig is seker nie verwysingsmoeilikhede nie en alle verwysings dalk nie moeilik-verstaanbaar nie.

Die oorgang (verwysing - begryp) sou, as mens eersgenoemde uit laasgenoemde wil benader, onmiddellik die eienaam in die gedrang bring.

Die verstaantoets het immers aan die lig gebring dat die eienaam uitgewys kan word as dié woordsoort waar die begryp nie slegs 'n half-verstaan word nie, maar 'n amper-niks-, 'n glad-nie-verstaan.

Vir dié wat die eiename nie kén nie, sou die gedig soos volg begrypbaar wees:

..... hommage à .....

Maar ook: ..... is méér:

het 'n skraal gesig, krom-neus,

groot snor; kortweg: is 'n Don:

én van .....

Ons staak liefs die verminking hier.

Wat wel - - - uit die gegewens wat ons uit woordeboeke en voorbeelde effens doelbewus gekies het - - - in argument en teenargument sal uitval t.o.v. die eienaam as verwysing, is die volgende:

Teen:

Die eiensam noem net, hy verwys maar net na sake soos

/ ander

Hoeveel gedigte van Vondel kan nie vandag in 'n bloemlesing staan met 'n vry algemeen-aanvaerde aantekening oor Konstantyntje of Maria nie? As die leser nóóit agterkom wie „Jan" was nie? Dan seker iets soos „Portrait of Lady Moreland": mooi nog, maar met 'n deel verlore.

3) Daarteenoor bly die aanklag voorlopig staan: die digter kán t.o.v. die potensieel-volledig verstaan sy leser laat kriewelrig raak.

4) „Identifikasie" is nie altyd so maklik nie, veral by „Janne". En dat dit probleme moet skep, is vanself-sprekend.

Die Eienaamsvorm

Om egter te beweer dat die vorm van die eienaam nooit 'n rol speel nie, sou sake onnodig simplisties stel. Daar word genoeg voorbeelde van die vervormde, verdraaide en veranderde eienaam (en dit is funksioneel in die gedig) aangetref om so 'n stelling onmoontlik te maak.

Uit die dikwels-verwysende Tristia dan nog 'n voorbeeld[43]

Henri Rousseau (die énigste Rousseau)[44]
se oupagrootjie was 'n blafhond vir Napoleon, glo,
en is behoorlik, honds, doodgeskiet - - - arme ou.

Tussen daardie oubaas en Rousseau
het heelwat saad op klippe en in dorings
en sommer ompad ook, geval; dus: ónonthou.

Maar Oom Henri self wat hard gewerk het
(of behoorlik; of terminste: binne perke)
het uitgehou - - - wat die chef net nie gemerk het;

/ en

---

43) XLV, p. 45.

44) Dus nie Jean-Jacques nie!

ander woordsoorte dit ook doen; sy verwysingsaspek kan dus beswaarlik verder gevoer word as dié van die gewone substantief. Van literêre verwysing is hier dus nie sprake nie, tensy die eienaam baie abnormaal gebruik word.

Daarvoor:

1) Die kritiek het nou eenmaal, soos reeds aangetoon, begin aanneem dat die eienaam verwys. En dan nie net na 'n saak verwys nie, maar na meer.
2) Die eienaam het hom in ons voorbeeldgedig anders gedra as ander redelike omdat dit juis hý was wat die begryp so geredelik belemmer het. Laasgenoemde lyk juis aan die hand van kennis en begryp verklaarbaar te wees.

Ons laat die eienaam as moontlik verwysing voorlopig en probeer 'n ander benadering.[28]

5. Sinspeling en Direkte verwysing

„Zinspelen, ... sprekende of schrijvende op iets of iemand doelen zonder het of hem met name te noemen, bedektelijk aanduiden of te kennen geven ....."

As mens hierdie woordeboekopinie goed lees, dan moet jy toegee dat die eienaam waarmee ons in ons voorbeeldgedig te doen gehad het - - - minstens dié wat in die eerste twee strofes voorkom - - - hier uitgeskakel moet word as sinspeling. Slegs in seldsame gevalle sou mens per eienaam bedektelijk kan aandui sonder om name te noem \ Moontlik is dit egter wel: die res van die geselskap moenie weet nie, dus sê een: „Jan Rap was toe / ook

28) 'n Kenner van wetenskaplike metodes sou miskien kon aanbeveel: definieer nou maar en wysig algaande.
'n Erkenning: die feit dat ek so naarsiglik probeer om woord, term en begrip bymekaar te bring, is:
1) om verstaanbaar te bly en nie nog 'n term te laat „ontwikkel" tot die onverstaanbaarheid wat veelomskrywing al van terme soos simbool, ekspressionisme, romantiek gemaak het nie;
2) dit bied 'n logiesklinkende skryfdraad om die ontrafeling chronologies-agtermekaar te kry. Gerieflikheidsreeling en metode dus. Veranderinge in 'n aanvangsdefinisie geskied net so arbitrêr soos gevolgtrekkings in my metode hierbo.

en toé: nét en nét nie meer gehou nie,
maar: het toe 'n „kunstenaar" geword:
en 'n „aap" sien uitkyk uit die oerwoud van 'n mou.

Oum Henrie: kom praat so bietjie hier apart
- - - jy lê vanaand ook al wit-kakebeen! - - -
in die spraak van jou hart: jou boulevard:
is die blom en die ysbeer nie vandag verward nie?

Ons laat die veelvuldige ánder verwysings daar en noteer: die vorm van die eienaam ondergaan mettertyd 'n verfamiliêring: Henri Rousseau, Rousseau (in strofe 2), Oom Henri, Oum Henrie. Ongeveer 1) Frans, formeel 2) Amper al gelyk 3) Nog 'n Franse Henri maar met die toegeneë, gemaklike, aanspreekvorm com daarby 4) En hier kry ons nie net die familiêre „oum" nie, maar dit word tot die Afrikaanse eienaamsvorm as sodanig gevoer: die Henri kry 'n „e" by.

Vanselfsprekend hou die res van die gedig tred met hierdie „verbroederliking", maar die eienaam praat in elk geval hard genoeg saam tot by die pragtige „Oum Henrie: kom praat so bietjie hier apart / - - - jy lê vanaand ook al witkakebeen! - - - / in die spraak van jou hart ....."

As 'n eienaam soveel kan sê náás sy verwysingsbetekenis[45] dan is die eienaam in 'n geval soos hierdie nie nét nie-karakter of nét karakter nie, maar kom daar iets by: die vormverwysing[46] van Tant'-Tolie-met-die-kanker[47] en Oum-Appie-Slagkraal[48] (om maar by die bynaam, wat nog bý alles 'n beskrywende aspek ook hett te bly); of die vertroulikheid wanneer Van Heerden Roland Holst op 'n vriende-

/ voornaam

---

45) Cf. Krige se gebruik van Petrus/Piet (Rooidag - - - p. 38) en die wyse waarop Oom Gert in Leipoldt se Oom Gert Vertel die seuns „noem".

46) Cf., p. 180 en verder. Die „tipiese" eienaam sal seker op die wyse verwys.

47) en 48) uit Tristia.

ook gister hier." (Of, en dit lyk vir 'n latere stelling belangrik: óns tweetjies ken die bynaam wat die ander nie ken nie, en sê: „Jan Rap ....") Om bedekteliik aan te dui, moet die spreker òf 'n deel van die geselskap wil uitsluit, òf deur middel van sy duisterheid 'n kleurtjie (spot, sinisme, ironie, sarkasme, geestigheid) mét sy woorde wil aanbied.

Die eiename soos Lepanto, Europa, La Mancha - - - dié wat nie by die vergelykings-hommage òf by die identiteitsomwisseling betrokke is nie - - - dui nie bedek aan nie, daarvoor noem hulle hulself te direk op hulle regte name.

Van bedekte aanduiding het ons in ons bespreking van voorkennis, grondstowwe en verhouding reeds heelwat voorbeelde onder oë gehad. (Die feit dat hierdie drie dinge juis by die bedekte aanduiding ter sprake was, is insiggewend)

Die volgende voorbeelde dan van bedekte aanduiding:

1) Die Cervantes-Kiesjot-Marais-hommage waar ooreenkomste net ten dele belig word, die res moet die leser self invul. Konnis word by die leser veronderstel.

2) 'n Verdere geval waar gedig plus grondstowwe eers die volle waarheid vertel; waar die teks baie duidelik op die Cervantes-geskrif sinspeel, daarna verwys: die geval skaapvleis.

By 'n „boerse afkeer vir skaapvleis" het ons op twee vlakke verstaan: die eerste: er staat wat er staat: die don hou nie van skaapvleis nie. Die tweede: dit staan ook in die boek. Dis, by wyse van spreke, amper 'n aanhaling uit die boek. Die verstaan van die teks, die letterlike verstaan, is nie genoeg nie, ons moet meer lees as wat daar staan. Bedek staan daar: sien Cervantes se boek Don Kiesjot, p..... Daar is sprake van 'n verswee andere plaats.

3) Die katolieksheid van ons Don. In ons bespreking het

/ die

voornaam aanspreek: Jany (Die Klop - - - p. 47); of die vervorming tot streekspraak: soos o.a. Jere Dzesus, Harpelus en Fontanel, Mies Victôria, by Blum, vele by Small, Martjie Louw in Oom Gert Vertel; asook selfgemaakte beskrywende eiename soos Tederland by Blum.

Williamson[49] stel dit so t.o.v. Eliot: „If Eliot's proper names do not acquire meaning from history or literature (met ander woorde as dit nie verwys nie) or etymology, they are used for their generic or social suggestion."

- - - Soos Ella Meissenheimer (Tristia, p. 30. Die digter deel mee dat dit nie spesifiek verwys nie; slegs met 'n jeugherinnering skakel) maar ten opsigte van „social suggestion" seker ook soos enige goedgekose fiktiewe naam in 'n gedig?

Die sinvolle verdraaiing van die verwysende eienaam sal egter ook hier by die totaalbeeld gereken moet word. Ook by die verdraaiing van die éienaam is Joyce natuurlik die meester:

„The use Joyce makes of the characters in the Gospel story, has been frequently discussed. 'Our four avunculists' (367.14) This is one of Joyce's names for his four old men who are obviously intended to represent the four evangelists. Their names are constantly used 'matt ... mark ... luked ... johl (245.29), 'matthued ... mark ... luked ... johtily' (223.30), 'symethen, sammarc, selluc and singin' (253.92) are examples of their use separately. Thrice they are combined into a single word: „Mamaljo" (397.11; 398.4; 476-32)"[50]

Verdraaiing, opstapeling, afkapping is dan, soos by

/ ander

---

49) George Williamson: A Reader's Guide to T.S. Eliot - - - p. 58.

50) James S. Atherton: The Books at the Wake, A study of literary Allusions in James Joyce's Finnigans Wake - - - p. 183.

die volgende aan die lig gekom: die goeie leser sal die volgende opstapeling van feite, die volgende reeks verbande en verbandreeks insien:

a) one Don is Spanjáárd;

b) hy woon in La Mancha - - - dié 'tipiese' Spaanse streek;

c) hy leef soos 'n egte Spanjaard;

d) die digter voeg „om ons Heer se lye" by die Cervantes-teks. Die don wéét waarom hy nie vleis eet nie;

e) op Vrydae eet hy uit oortuiging nie vleis nie, hy mag as hy wil.

Uit minstens twee van hierdie - - - in mindere mate ook in die res - - - is daar een gemene deler: die katoliek-Spaansheid van Kiesjot. En dit word nie gesê in soveel woorde nie, dit word bedek aangedui. Hier het ons dus 'n reeks feite nodig vir die bedekte aanduiding. Daar kan dus hier gekonstateer word: deur 'n reeks sinspelings ontstaan een groot sinspeling. Anders gestel: sou mens by b) en e) die sinspeling op Kiesjot se katoliekheid gesnap het as a), d) en e) nie ingesien is nie? En ek vra dit ten spyte van die streng geskakeldheid van die onderdele deur die dubbelpunt en ander elemente wat ons op bladsy 28 aangedui het.

Bloot volgens die begrip van die betrokke gedeeltes, het ons by 2) en 3) hierbo met iets anders te doen as in die geval van 1). By 'n <u>boerse afkeer vir skaapvleis</u> sal die leser naamlik nog kan halfverstaan sonder agtergrondskennis, immers die <u>woorde</u> is nog vir hom bekend. By die eienaam is die geval deurgaans anders: ook die wóórd is onverstaanbaar in sover dit die relevante historiese figuur betref, sover dit dié dinge betref wat van buite af in die gedig ter sake word. In die skaapvleisgeval kan die leser wel dink hy verstaan. In die geval van die eienaam word die verstaanstroom

/ so

ander rededele ook, in Joyce se werk t.o.v. die eienaam aan te toon.[51]

Presies hoe groot die probleem vir die nie-kennisdraende leser kan word by die eienaam, en ook natuurlik hoe die eienaam in verdraaide vorm kán funksioneer, word goed geïllustreer deur die bekende verwysende eienaame in die Joernaal van Jorik : Jorik, Manuel, Dabor, Barbas.

Ten opsigte van die naam Jorik, sê Antonissen[52] „Jorik ('n naam saamgestel uit letters van die digter se voorname) ....."

Sonder om hier in betoog te raak oor die legitimiteit van so iets, óf die sekerheid waarmee 'n kritikus so 'n afleiding kan maak, sou mens ten opsigte van hierdie naam mag beweer: dit impliseer (en in 'n gedig so vól lae, simbole en literêre kunsgrepe is dit immers hoogs moontlik) dat die digter hiermee kan sê: ek is ook in die gedig betrokke.

En so 'n instemmende opvatting t.o.v. Antonissen se stelling, sal nog verder deur ander eienaame in die Joernaal ondersteun word. Immers, Opperman gebruik nou maar die eienaam soos Eliot.

Barbas word in een van Jorik se „koerant-berigte"[53] vermeld:

„Toe die polisie op ou Barbas skiet
tussen die skares uit die bioskoop,
het dames nat sakdoekies uit verdriet
in die groot moordenaar se bloed gedoop,

/ en

---

51) Sinspeling deur verdraaide eienaame was natuurlik reeds mode: „Wie het over de gemaskerde Muze heeft, kan de sleutelliteratuur niet ongenoemd laten. Martialis en Juvnals, Molière en Swift hebben gebruik gemaakt van 'sleutels' om door snagrammen, pseudoniemen, paroniemen en metafrazen op eigen tijdgenoten te zinspelen." (Maskerade der Muze deur dr. Jan Grootaers - - - p. 65).

52) Die Afrikaanse Letterkunde van Aanvang tot Hede[2] - - - p. 320.

53) Joernaal van Jorik[4] - - - p. 47.

so te sê afgeskakel. Al wat hy kan verstaan, is dié dinge wat die teks laat blyk, en ander, (minder ter sake) soos dat dit 'n man se naam kan wees, ens.

Die verskil is ongeveer hier: in die eienaam kan die ongeligte leser nie tot 'n tweede vlak deurdring nie, maar ook nie tot die eerste nie. Daar is trouens in die geval van Lepanto, ens., weinig of geen sprake van 'n tweede vlak nie; by die hommage-gevalle minder, maar in geen enkele geval soveel as by die skaapvleisgeval en ons don se katolieksheid nie.

4) 'n Vierdie vorm van bedekte aanduiding word deur die identiteits-omwisseling van Cervantes met die karakter wat hy geskep het (en andersom) vorendag gebring. Hier noem die eienaam nie net homself nie, maar sy historiese betekenis word op 'n eienaardige manier saamgelees. Cervantes sinspeel nou - - - volgens ons Van Dale-definisie - - - op Kiesjot en Kiesjot op Cervantes?

Genoeg om daarop te let dat ons kennis ook hier 'n rol speel as ons nie deur die direk-verkeerd-om aanbod van die digter om die bos gelei wil wees nie. Weer sou ons twee verstaansvlakke kan aandui: die letterlik deur die eienaam-in-die-teks aangebodene en die jukstaposisionele vir dié wat die geskiedenis ken.

Ons het dus hierbo vier gevalle wat sinspeling sou kon heet. En as ons met die werkwoord „verwys" wil toets of elk van hierdie sinspelings na iets verwys, dan sou ons kon sê: Die woorde Cervantes, Kiesjot, en Marais verwys in hierdie verband van saamgebruik na sekere ooreenkomste in die feiteveld wat elk van hierdie woorde oproep; boerse afkeer vir skaapvleis sê nie slegs letterlik nie, maar verwys ook na die eerste bladsy van die boek Don Quichot van de Mancha; 'n reeks stellings verwys na Don Kiesjot se Spaans-katolieksheid; die feit dat Cervantes op windmeulens afstorm, verwys

/ na

en in die Gruwelkamer word sy beeld
tussen die boewebeelde uitgesoek .....

Die leser wat die geskiedenis van John Dillinger [illegible]n, sal onmiddellik (voor die bioskoop, sakdoekies in die bloed) die Barbas as 'n sinspeling op dié berugte se dood snap. Méér: sien hoedat Jorik se skuld aan dinge soos die verheerliking van die misdadiger - - - soos dit met John Dillinger die geval was - - - hom sy verraad laat pleeg. Máár die eienaam Barbas is volgens die naamklank alhoewel verdraaid (cf. maar die voorbeelde uit Joyce hierbo) terug te voer na Barabbas die „berugte gevangene", „oproermaker", „moordenaar" en „rower" om nou maar die beskrywing van al vier Evangelies aan te haal, wat deur Pilatus voor die volk gestel is sodat hulle tussen hom en Jesus moes kies. Die sinspeling in die enkele eienaam bring dus onmiddellik Jorik se verraad op 'n veel dieper vlak. Die Dillinger-sinspeling wat met parallelle mededeling opgebou word, sowel as die eienaamsverwysing, bring 'n reeks dinge - - - 'n keuse en wát gekies word - - - op Jorik se verraad ter toepassing.

'n Interessante teenstelling word juis deur die tweeledig-verwysende aard van Barbas met die gevalle Dabor en Manuel geskep. In laasgenoemde geval veral doen Opperman heelwat moeite om die Manuel-figuur met Christus-attribute te laai en sodoende dubbel-en-dwars te identifieer. Ook in Manuel is daar natuurlik klankooreenkomste met Immanuel, Emmanuel (God met ons) maar die eienaamsinhoud word versterk met verwysings soos:

„hol gesig en bietjie baard" - - - (p. 4)

„Waar Manuel staan - - - 'n taai ou kryger
met blink littekens van 'n wond of vyf
geruk deur haak, bajonet en spykers
op doelbewuste plekke in die lyf.

/ „Wees

die boek Don Quijote de la Mancha waar dié waardige held dit doen.

En hierby vra ons: En Lepanto, die eienaam wat net homself aanbied sonder té veel bowetone, verwys dié? En Europa? En Vrydag? [29]

Genoeg om te sê dat ons dié gevalle nie uitsluit as "verwysingswoorde" nie. Immers, ons moes kennis hê om hulle te verstaan, maar dalk verskillende sóórte kennis.

As hierdie woorde verwys, dan doen hulle dit redelik direk, nie op twee vlakke soos die bedekte sinspeling nie.

Ons onderskei dus: die sinspeling laat 'n meervlakkige verstaan toe vir die ingeligte leser. Die direkte verwysing - - - wat ons dan onderskei van verwysing, ons groot alleensluitende term rondom die werkwoord verwys - - - noem net homself, of dan beter gestel, één saak, sonder bowetone van begrypbaarheid.

Oor die vraag of enige woord wat 'n saak noem, dan verwysing of direkte verwysing moet heet, praat ons in die volgende hoofstuk.

* * *

'n Vermoede moet hier ter wille van die gang van sake gelug word:

1) Heelwat sinspelings in ons voorbeeldgedig het gedui op 'n nou verband tussen die aanhaling en die sinspeling. Ook die sitaat kan dus moontlik 'n vorm van die verwysing wees.

2) In die gesprek oor verhouding en kennis het 'n implikasie gelê van verwys-na-iets-buite. Ons sal ook moet ondersoek instel na die moontlikheid van 'n verwysing wat 'n die gedig verwys.

---

29) Cf. voetnoot 4) - - - p 35.

„Wees voorbereid wanneer ons jou kom haal,
selfs gunstelinge weet die uur nie eers;
ons kom en gaan word heimelik bepaal
deur welbehae van die Een wat heers." (p. 11)

„Onthou, jy moet ter wille van die doel
jouself, soos ek eenmaal, gewillig offer." (p. 12)

..... - - - „Kom in Sy naam.
Ek, wat hier eenmaal in die tyd en vlees
ook was, neem jou in Sy genade saam." (p. 59)

By Dabor? Sy teenstellige optrede t.o.v. Manuel dui aan dat hy iéts moet wees. Diabolos? Soos dit met die verdraaide eienaam gaan, is daar al genoeg ooreenkoms (vergelyk maar Joyce). Of, as dit dan die kwaad, of die dood, of die noodlot, of wat daar ook al met meer of minder grond in dié figuur gelees kan word, moet wees, dan sal dit seker ook só kan funksioneer. Suggestie is daar immers genoeg, en dit is juis die suggestiewe funksie wat die eienaam in 'n gedig vervul wat die gebruik daarvan soms so treffend maak.

Opperman laat dus, ten spyte van die feit en seker ter bestendiging van die reedsverwysende eienaam, sy figure met betekenis. Oor hoé dit gebeur, later.

Dat 'n geringe verdraaiing - - - of dan byvoeging in hierdie geval - - - 'n baie groot rol in die uiteindelike interpretasie van die gedig - - - én die eienaam - - - kan speel, blyk duidelik uit die volgende Tristia-gedig.[54]

/ H. Petrus

---

54) p. 14.

HOOFSTUK III

Benadering en definisie-moontlikhede

H. Petrus

'n Jakkals grawe in die sneeu
hy's rooi en spikkel teen die wit
en skrik en luister stywe-oor
na êrens-op-die-werf se spit.

My land, my dor, verlate land:
iets wens olywe groei in jou:
dat alles klein, Latyns, gaan word
en kalk-wit kerkies bou.

Die jakkals grawe in die son,
hy skop 'n bietjie nugter wit
rondom sy agterboudjies uit.
En Dowe-Peet hou aan met spit.

Selfs sonder om die verbande tussen die strofes te probeer lê, en dié is legio, is dit duidelik dat die gedig sonder sy titel 'n heelwat kleiner draagwydte sou gehad het. Dit is juis deur die H. voor Petrus in die titel dat die werk van Dowe-Peet uiteindelik nie net spitwerk is nie, maar byna tot die heiligheid verhef word. As Petrus - - - die heilige - - - simbool moet wees vir die Rooms-katolieke kerk (en daar is ook ander aanduidings dat dit die geval mag wees, soos die laaste drie verse van strofe 2) dan word Dowe-Peet - - - in naamsverband met die heilige tog - - - se doofheid baie meer as gewone hardhorendheid, sy werk nie net spitwerk nie, maar bearbeiding; die tweede strofe raak meteens betekenisvol.[55] Die jakkals bly beeld van 'n land, die wens van Latynsheid egter meer, ook in sy teenstellende verband t.o.v. die eerste strofe.

Dowe-Peet se werk is nou beeld van die onophoudelike

/ rooms-katolieke

---

55) Cf. J.C. Kannemeyer: Die Stem in die Literêre Kunswerk - - - pp. 26 - 28.

1. Weer Voorkennis

Uit die voorbeeldgedig het dit reeds geblyk dat ons by die verwysing, soos A.P. Grové dit stel, nie „..... by die gebruik van „voorkennis" kan verbykom nie. Niemand kan by die lees van 'n gedig volkome ontslae raak van sy eie voorraad kennis en menslike ervaring nie."[1)]

Daar sal dus met kennis-om-die-gedig rekening gehou moet word wanneer 'n omskrywing van die begrip aangepak word. Hieruit volg dat die „ervaringsveld" van die leser in die gedrang sal kom. Laasgenoemde is uit die aard van die saak 'n gevaarlike begrip, maar omdat kennis en verwysing so gereeld 'n verband skyn te toon, sou mens dit tog in 'n voorlopige definisie saam kan gebruik; selfs die kennis-aspek as een van die verwysing se kenmerke isoleer:-

„Die verwysing word altyd gekenmerk deur die feit dat dit 'n sekere ingeligtheid by die leser veronderstel."

of

„Wanneer daar verwys word, word 'n volledige uiteensetting van die feite wat ter sake word, nie saamgegee nie; aangebode feite word nie verduidelik nie, slegs in erkenbare vorm (vir die ingeligte) aangebied. Die leser moet self snap waaroor dit gaan. Die in-die-gedig-aangebodene is nie 'n absoluut-volledige aanbod nie, die leser bring altyd sy ervaringswêreld by om die helfgenoemde op te klaar of aan te vul tot 'n verstaanbare (of volledig-verstaanbare) geheel."

Rondom bogenoemde twee stellings lê oënskynlik baie aanvegbaarhede. Ons stuur daarby verby, noem slegs die volgende:

/ Kennis

---

1) Beskouings oor Poësie - - - p. 62.

rooms-katolieke bearbeiding en die doofheid aanduiding van hoe min Dowe-Peet hom van buite laat beïnvloed.

Die „H" gee dus hier 'n duidelike genoeg aanduiding van 'n „dieper betekenis".

Die ooreenkoms: eienaam/verwysing

In die reedsaangehaalde intreerede van professor N.P. van Wyk Louw staan die volgende opmerking:

„..... as ons die verwysing, die sitaat, die insinspeling wil opneem in 'n stilistiek op linguistiese grondslag, sal ons dan nie vind dat die teorie van die eienaam (die naam vir die individuum ineffabile) hier grondslag van ons beskouings moet wees nie? ... die teorie van die eienaam in sy stilistiese funksie, waaraan ons tot dusver so byna geen aandag geskenk het.

„Ek kan hier geen adstruksie gee nie, alleen 'n aanduiding van 'n besprekingsrigting.

„Dit is duidelik dat die eienaam, sê Dante of Piet Cronjé, taalkundig in 'n ander toestand verkeer as 'n soortnaam soos kat. Ek herhaal die bekende stelling: die individu kan nooit volledig uitgesê word nie; die woordeboek kan vir ons die woord kat verklaar, maar die volledigste biografie kan nog nie vir Dante „uit-sê" nie. En wat vir die persoonsnaam geld, geld vir die pleknaam (Athene of Urbino), en die historiese „feitenaam", „gebeurtenisnaam" (Trasimeno of Majoeba). Juis hierdie rykdom aan konnotasie gee aan sulke woorde hulle slaankrag in die poësie.

„En nou wil ek verder gaan en die vermoede uitspreek dat die aanhaling, die vertaalde aanhaling, die literêre verwysing en ander meer van hierdie groep, in die poësie op dieselfde wyse fungeer as die eienaam - - - en nié op dieselfde wyse as die soortnaam nie

/ „Wanneer

Kennis is 'n begrip wat problematies kan word. Tog kan kennis in literêr-teoretiese gebruik, geskei word van filosofiese oorwegings, al bly dit selfs dan nog 'n moeilike begrip.

By kennis en ervaring waarmee 'n leser 'n gedig benader, sou ons naamlik onmiddellik taalkennis of taalgewoonte veronderstel. Dit is immers die basiese vereiste vir toegang tot die fiktiewe feite-wêreld van 'n gedig.

Net so sal ons kennis moet hê van sake (waaroor ons met woorde praat). En al is dié kennis nie altyd spesifiek en uitgebreid nie, moet 'n leser, voordat selfs 'n enkele woord verstaanbaar word, die saak wat deur die woord genoem word (en die woord), op een of ander wyse in sy totale ervaringsveld opgeneem hê.

Soos reeds gesê, is dit nodig dat letterkunde én taalkunde met die verwysing sal slaags raak, maar dat die benaderingswyse uit die aard van die saak sal verskil. Die verskynsel oorskry die niemandsland tussen taal- en letterkunde; soos die geval is met die beeld kan albei wetenskappe die verwysing bestudeer. Die sprong wat ons dus hier wil maak óór die taalaspek van kennis heen, is vir die literatuurstudie geen vreemde nie.

Wanneer ons dan by die verwysing van kennis praat, sluit ons kennis van die taalsisteem[2] kunsmatig uit. Dit dan ten spyte van die feit dat die verwysing hom ook as

/ taalverskynsel

---

2) Dié taalkundige term kom hier nuttig te pas: die gebruik daarvan verwy komplikasies wat bogenoemde betoog vir die aanhaling-uit-die-taal (cf. pp. 180 v. en 189 v.) kan inhou.

„Wanneer mens by Eliot lees:

Our peace in his will,

dan klink die nogal kaal versreël vir iemand wat die verwysing snap skielik met al die bowetone van een van Dante se grootste en klinkendste reëls:

„E'n la sua voluntate è nostra pace

„En: die aanhaling kom tot ons met die individualiteit of eenmaligheid, én met die onuitputlikheid van konnotasie wat kenmerk van die persoons-naam is."

Uit wat reeds ten opsigte van die eienaam gesê is (ander soorte verwysing kom later aan die beurt) is dit reeds duidelik waarom ons Louw grootliks moet gelyk gee:

1) Dat „kennis" by verwysing én eienaam sy rol speel: albei „cater for all degrees of knowledge"; is slegs „keys to information."
2) Albei is spesifiek, dui grotendeels individueel aan.
3) Albei word slegs deur die struktuur en konteks begrens; ánders konnoteer hulle wýd.
4) Albei is „tydruimtelik gebonde". 56)
5) Albei skep gemaklik genoeg „tussentaalse" oorgange.

Miskien is illustrasie hiervan juis dat die eienaam hoewel hy seker etimologies gebonde is, en nog te herken is aan sy oorsprong („Jan" hét nou maar sy Dietse klank), in énige taal, binne 'n „kennis-situasie" presies dieselfde beteken - - - soos die verwysing sekert

6) En dan miskien 'n laaste: die aanduiding wat gevind kan word in die feit dat die eienaam verwysing kan wees.

Daar skyn selfs in die volgende 'n aanduiding te kan wees wat met bostaande bedoel word:

/ As

---

56) Cf. p. 101 v.

taalverskynsel aan ons opdring en net deur taalgebruik - - - of byna altyd met behulp van taal? - - - kan geskied.

Positief sluit dit in:

Kennis van die kultuur, die geskiedenis, die letterkunde, enige vakgebied buite die taalsisteem, kennis van dié dinge wat verduidelik sou moes word vir die man wat die taal redelik goed beheer, maar nie die kultuur- of vakgebiede se feitekennis besit nie.

Dat hierdie indelingsbeginsel sy eie probleme meebring, is voor die hand liggend. Immers, se onderskeidingsbeginsel is dit onprakties, want wie sou kon sê waar <u>taalsisteem</u> ophou en <u>kennis</u> begin? Selfs die volgende moontlike onderskeidingsbeginsel sal ons opvatting t.o.v. <u>kennis</u> slegs gedeeltelik verder verduidelik: <u>kennis</u> soos die ensiklopedie dit aanbied, teenoor kennis wat die vertalende woordeboek verskaf. [3]

Met natuurlik hierdie besinning daarby: kán mens Afrikaans ken sonder om te wéét wat <u>Hantam</u> of <u>Bloedrivier</u> beteken?

In die benadering deur <u>kennis</u> moet ons aan die hand van die voorbeeldgedig juis onthou dat die eienaam wat as voorbeeld moes dien, nie noodwendig „dubbelbetekenisse" gehad het nie. Wanneer ons later van „dubbelbetekenisse" praat, maak ons die indeling op literêre grondslag. Vir die taalkundige maak dit immers nie saak of <u>Cervantes</u> in 'n

/ geskiedenisboek

---

3) Ons wil nie hier in die leksikografie verval nie, slegs 'n aanduiding bied van wat ons onder <u>kennis</u> verstaan. Leksikograwe het in elk geval nog nooit presies bepaal waar die terreine van woordeboek en ensiklopedie hulle gemeenskaplike grens het nie. Vergelyk maar dr. F.J. Snyman se artikel <u>Aspekte van die Leksikografie</u> waar die eienaam onder andere bespreek word (<u>Jaarboek van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns</u>, 1963, Nuwe Reeks, nr. 3, pp. 117 - 125). Omdat die <u>verklarende</u> woordeboek moontlik al klaar 'n stappie in die rigting van die ensiklopedie kan wees, praat ons dan van <u>vertalende</u> woordeboek.

As ons naamlik 'n gedig sien met die titel Jona, dan aanvaar ons dit as 'n eienaam, dit is vir ons die spesifieke aanduiding van die man wat die ontmoeting met die vis gehad het. (Mits ons basiese toets, naamlik of dit bloot 'n karakternaam of 'n verwysingsnaam is, na laasgenoemde kant uitval.)

Ons kan egter ook die naam in dieselfde, maar dan aanverwante, sin gebruik: Jona deur Opperman. Nou bedoel ons nie meer in die eerste plek die mán Jona nie, maar die gedig Jona wat deur Opperman geskryf is. As ons nog primêr die mán daarin sou lees, dan kan dit alleen maar beteken dat Opperman die mán gemaak het. Só hoog reik die ivore toring darem na die beste van my wete nog nie, al klínk dit soms ver van bo af!

En dan sou mens kon uitbrei uit die eienaam uit:

bv.: „H. Theresa van Avila flap uit"

Tot waar ons voorbeeld ook die eerste reël van die gedig of deel daarvan waar dit as titel gebruik word, gaan insluit:

bv.: „Jy was bly in jou mooi oë" (Tristia --- p. 81). Dit is die titel wat op bladsy 137 vir die gedig aangegee word.

Nou kan ons praat van: „Jy was bly in jou mooi oë" deur N.P. van Wyk Louw of van iets soos Lied van die Fascistiese bomwerpers deur Uys Krige.

In elk van hierdie gevalle funksioneer die hele sin as eienaam, alhoewel dit binne-in hom 'n eienaam kan insluit. Dit is immers nou naam van die gedig, dit bevat as geheel die aspekte wat ons as moontlike eienskappe van die eienaam aangedui het: die uiterste presisering, voorkennis in die gewone onverduidslikende sinsverband, ens., ens. Dit is as geheel die etiket wat net vir die gedig geld.

/ Terselfdertyd

geskiedenisboek of gedig staan nie. By die sinspeling sou mens egter wel van dubbelbetekenis (betekenis in „ontaalkundige" gebruik) kon praat: die verstaan van die taal soos dit daar staan en die byverstaan (deur middel van kennis) van dinge wat nie direk in die teks aangebied word nie. 'n Deel word gesê, 'n deel nie.

Die eienaam daarenteen noem eng (die persoon in die gedig) en wyer vir die ingeligte (persoon in sy historiese verband).

Vir kennis is die eienaam dus probleem: omdat, as dit verwys, dit slegs verwys soos 'n „normale" substantief - - - na sy saak. Hy tree dus (taalkundig gesproke?) baie normaal op: die eienaam is slegs 'n etiket wat aan iemand gehang word. Die probleem ontstaan eers ná die sprong óór die taalkundige aspek heen tot in die letterkunde.

Ons het daarop gewys dat dit juis die eienaam is wat die begrypstroom so maklik afskakel en tog is daar by die eienaam nie noodwendig van 'n duidelike onderskeid tussen sy „noem" en „meer-noem" sprake nie.[4] Prinsipieel kan Cervantes en Turke op dieselfde vlak lê - - - slegs 'n graduele verskil t.o.v. bekendheid vertoon.

Hierby sou mens 'n „oplossing" kon bied:-

Dis 'n kwessie van die algemeen-bekende teenoor die minder-minder-bekende. Die moontlikheid bestaan dat die minder-bekende juis duideliker as „verwysing" aangevoel word - - - veral ook wanneer dit onbekend is en die begryp belemmer - - - as die alledaagse. Nogtans sou dit nie vergesog wees om te beweer dat Jan wat ons ervaringsvelde betref, anders is as kat nie. Kat is dalk deel van die taalsisteem, maar

/ die

4) T.o.v. die sinspeling (cf. Hoofstuk II) was ons onderskeidingsbeginsel dat ons meervlakkig kan verstaan: die aangebodene-in-die-teks plus dit wat ons uit sie ervaring bylees.

Terselfdertyd egter is dit <u>aanhaling uit die gedig</u>. As 'n logiese kring so maklik sluit dan lyk dit asof Van Wyk Louw se vermoede juis kan wees en dat 'n bensdering soos hierbo aangetoon nie vir taalkundiges heeltemal vrugteloos sal wees nie.

Dat die ooreenkoms egter nie deurgaans sal steek hou nie, die volgende:

1) Die feit dat ons sommige eiename as nie-verwysend moes uitsonder.
2) Die feit dat die vormverwysing moontlik ánders kan funksioneer.
3) Ons studie is literêr ingestel en - - - daarom het sekere eiename al klaar nie-verwysend moes heet - - - dus is dit moontlik dat ons uitgangspunte taalkundig van weinig nut kan wees.

'n Vermoede dus: wanneer die verwysing in die spreektaal, die situasie-gebonde kennis-aspek binne die spreek-en-hoor-situasie, die grap, die skimp, en vele ander verwysende taalaspekte bestudeer word, sal die ooreenkoms eienaam-verwysing steeds sterker blyk. En vir dié onderskeiding sou <u>kennis</u>, buite kennis van die taalsisteem as sodanig om, 'n uitgangspunt vir 'n taalkundige onderskeiding kon bied.

Maar dit is 'n vermoede, (soos professor Louw dit ook gekwalifiseer het) en nie deel van die terrein waarop hierdie studie moet beweeg nie. Ook óns literêre uitgangspunt het egter Louw se vermoede grootliks bevestig.

In die hoofstukke hierna sal bevestiging én teenspraak van die vermoede telkens geïmpliseerd lê. Maar dat daar verwantskap bestaan, het ons òf bewys, òf dié hoofstuk is nutteloos.

die bepaalde Jan is dit sknars?[5]

Om nou maar 'n uitspraak deur 'n taalkundige te kies wat gerieflik verband hou met ons woordeboek-ensiklopedie-eienaam-bespreking:[6]

„Want 'n eienaam wat toegeken is, het as woord 'n unicum, bv. 'n persoon of plek, as funksionele betekenis, wat vir die gewone eentalige woordeboek in die reël 'n te beperkte toepaslikheid is."

Ons stel dit liefs ooreenvoudig t.o.v. die huidige betoog: die „inhoud" van die eienaam Gary Player is nie aan té veel taalgebruikers bekend nie, maar „kat" is seker aan 99% bekend.

Dit sou dus ook moontlik wees om kennis in bogenoemde opsig as onderskeidingsbeginsel ten opsigte van wat verwysing kan heet en wat nie so mag heet nie, te betrek. Dit bied minstens 'n vae onderskeiding ten opsigte van wat ons met spesifieke kennis wil bedoel.

By hierdie bewering sal die probleem uitwaaier, die eienaam in kunsmatige groepe uiteenval: die „algemene" eienaam (Vrydag[7] in ons voorbeeldgedig) en die eienaam waarvan die „inhoud" slegs aan 'n deel van die taalgebruikers bekend is - - - John.

Met 'n legio taalkundige komplikasies daarby:

„My John is tall, dark, and differs markedly in character and ability, not to speak of age, from my neighbour's small

---

5) Hieroor meer In Hoofstuk IV.

6) Die so pas aangehaalde artikel van dr. F.J. Snyman, Akademiejaarboek, 1963 - - - p. 121.

7) Vrydag is natuurlik as „algemeen-bekende" en omdat dit elke week hergebruik word, 'n probleem. Ook vir die taalkundiges:
„The French write jeudi and janvier where we write Thursday and January, and I believe I am right in saying that most French grammarians would not admit month-names and day-names as proper names." (Sir Alan Gardiner: The Theory of Proper Names, London, 1954.) Taalkundiges is dus ook nie so seker nie! Vergelyk p. 85 waar 'n artikel deur J.G.H. Combrink genoem word.

HOOFSTUK V

Die Aanhaling

Referat, Allusion, Pastiche, Parodie, sie sind alle mit dem eigentlichen Zitat irgendwie verschwistert.....

- - -Meyer: Das Zitat in der Erzählkunst.

small and fair-haired John. The two names John have, accordingly, a different sense ... "

Só spesifiek kan die eienaam noem. So bring die leser wat die kennis besit telkens spesifieke kennis by.

Nog 'n enkele aanhaling in verband met die eienaam en kennis sou die volgende kon wees:-

"When we predicate of anything its proper name; when we say, pointing to a man, this is Brown or Smith, or pointing to a city, that is York, we do not, merely by so doing, convey to the reader any information about them except that those are their names. By enabling him to identify the individuals, we may connect them with information previously possessed by him; by saying, This is York, we may tell him that it contains the Minster. But this is in virtue of what he has previously heard concerning York; not by anything implied in the name." 8)

Die leser vir wie Mill hier as voorbeeld noem, gebruik sy ervaring - - - dit word minstens ten opsigte van die naam wat genoem word op een of ander wyse in die leser geaktiveer.

Die drie uitsprake deur taalkundiges wat ons hierbo aangehaal het, dui dus in die rigting waarin die betoog loop: dat die mate van bekendheid wat 'n eienaam in spesifieke gebruik geniet, te doen kán hé met die verwysende aspek daarvan. Dit verklaar dan ook: dat die kennis wat gebruik moet word vir die begryp van die eienaam (soos dit in ons voorbeeldgedig staan) spesifiek genoem kan word; waarom die eienaam juis die woordsoort is wat die begryp so maklik belemmer.

/ 'n

---

8) J.S. Mill, System of Logic, Boek I, Hoofstuk 2 par. 5 - - - soos aangehaal deur Gardiner.

Aanhaling as verwysing

Die gedig wat as uitgangspunt gekies is vir hierdie studie (Cervantes: Hommage à Eugène Marais deur N.P. van Wyk Louw) het reeds voorbeelde gebied van die woordelikse - - - of amper-woordelikse - - - gebruik van 'n „ander" teks deur 'n digter. Daar is trouens op gewys dat Van Wyk Louw soms besig was om Cervantes „aan te haal". Aanhaling kan dus, uit ons oorspronklike betoog reeds as 'n vorm van verwysing beskou word.

Om hier in 'n herhaling van bewysplase te verval, sou sinloos wees. Die kennis-aspek, die byroep van 'n sfeer, wat ons as kenmerke van die verwysing uitgesonder het, sal op die aanhaling ook van toepassing wees. Om maar 'n sirkelbetoog te erken: die verwysing is onder andere aan die hand van die „aanhaling" van „kenmerke" voorsien.

Ter wille van die volledigheid: Wanneer Opperman in Ballade van die Grysland[1] die woorde van Totius gebruik - - - met aanhalingstekens en nadat 'n aanhaling uit Trekkerswee onder die titel 'n verband tussen hierdie twee gedigte lê - - - pres ons van verwysing:

> Die dag breek grou: ‚op tafelblad'
> links in my smalle kamer
> ‚staan leë bottels in hul nat'.

Sodra die leser bewus is van die feit dat Opperman besig is om aan te haal - - - en hy kan skaars anders: aanhalingstekens, 'n woordelikse ooreenkoms tussen die Grysland- en Trekkerswee-woorde op die bepaalde plek - - - én hy is in staat om die verband in te sien met die woorde van Trekkerswee, dan is hy onmiddellik besig om kennis by te bring. Die verband wat die aanhaling bo-aan die gedig met Trekkerswee

/ skep

---

1) Negester oor Ninevé - - - p. 13.

'n Definisie wat „bekendheid" en „kennis" as uitgangspunt het, sou minstens die eienaam onder die verwysing kon tuisbring. Maar dan seker nie nét die eienaam nie, maar ook dialektiese woorde, streekwoorde en tegniese terme, sal problematies word. Ook om hulle taalsistematiese toerekenbaarheid.

Daarteenoor is dit duidelik dat wanneer kennis van die taalsisteem / ensiklopediese kennis gebruik word as onderskeidingsbeginsel t.o.v. die verwysing, 'n toetsmiddel gebruik word wat in die vaagheid vervloei. Net so sal meer- of minderbekendheid sy probleme oplewer: immers, hoe weet mens (sonder lang tabelle statistiek, taalatlasse, landswye opnames) hoeveel en watter agtergrondskennis, eienaam, sinspelings, aan hoeveel en watter dele van die Afrikaanssprekendes bekend is?

As die verwysing, soos ons later sal beweer, 'n groot taal-literêre meganisme is wat die skrywer en spreker in gebruikleen het, dan kan dié beginsel moontlik te eng onderskei.

Mens sou 'n gedagte moet hou dat die mees gewone substantief - - - of Vrydag - - - in 'n gedig sou kon optree soos Eugène Marais.

Die probleem van kultuurbesit-taalkennis word dus deur ons erg kunsmatige kennis-benadering skaars opgelos.

Die voorlopige definisie sou dus so verbreed kon word:

Daar kan van verwysing gepraat word wanneer sekere kennis (buite die taalkennis om) by die leser veronderstel word. (Met ander woorde: die aanbod van 'n teks as sodanig verklaar nie alles wat legitiem daarin gelees kán word, uitdruklik nie.) Kennis dan, wat nie in besit is van alle lesers wat 'n gegewe standaardtaal potensieel beheer nie.

of

/ One

skep,[2] word verstewig, die aanhaling roep die Trekkerswee-sfeer by, die strofe staan meteens in ander perspektief; ons sien die „man" se toestand in meer as een opsig geprojekteer teen 'n Trekkerswee-agtergrond. Maar voordat dit gebeur, gebr..k die leser kennis. Daar is 'n verband tussen verwyser en objek. En so sou mens dan kon voortgaan met die herhaling van „bewyse".

Opperman is nie hier besig om soos 'n epigoon oor te neem nie - - - dit bewys die aanhalingstekens al - - - maar hy doen dit bewus en vrá daardeur die leser om by die lees van die ballade bewus te wees van die feit dat die woorde uit 'n gedig met aanverwante tema, met 'n aanverwante probleemstelling, kom. 'n Sinvolle verband word geskep.

Dit sou selfs hier moontlik wees om grof te veralgemeen: enige aanhaling, enige woordelikse oorname van die woorde wat jyself of iemand anders elders gebesig het, is verwysing, solank die aanhaler wil hê dat die aangehaalde as aanhaling erken word. Dit geld vir die kunswerk, die gesprek, die politieke toespraak.

In die geval van die epigonisme sal dit seker nie die geval wees nie, juis omdat die aanhaler die aanhaling nie as aanhaling aanbied nie. Ook seker nie in gevalle waar die gelykluidenheid van dele slegs toevallig is nie. Duisende skrywers in tientalle tale het seker al geskryf „Daar kom die man ..." sonder om mekaar bewus aan te haal.

Ons praat dus in die geval van aanhaling (voorlopig) van dié aanhalings wat duidelik 'n sfeer van elders byroep, wat as aanhalings aangebied word en as sodanig erken word, en wíl herken word. Met ander woorde: aanhalings wat sinvol / herkenbaar

---

2) Die vroegere boere-paradijs
is nou een molshoop, groot en grijs

Die sub-titel en onderskrif is nou meteens ook by hierdie studie betrek

Ons praat van verwysing waar die teks op die vlak van volledig-begryp nie genoegsaam in homself is nie, maar waar die leser sekere spesifieke, empiriese kennis uit sy kultuuragtergrond, vergaderde kennis, ervaringswêreld moet bybring om volledig te begryp.[9)]

By hierdie definisie hou ons dan weer in gedagte:

1) Dat die verhouding waaroor ons dit in Hoofstuk II gehad het, nog in hierdie definisie agterweë bly.

2) Dat, oppervlakkig gesproke, dit 'n leemte in die teks veronderstel.

3) Dit sluit alle gevalle in waar die spreker of skrywer aandui sonder om te verduidelik waaroor dit gaan; slegs direkte, gemeenplasige stellings sal derhalwe buite hierdie definisie val.

4) Dit sluit minstens ons problematiese eienaamsgevalle in (waar daar direk deur die eienaam verwys word, of waar daar gesinspeel word).

5) Die probleem van die interne verwysing, die verwysing van een deel van 'n werk na 'n ander, bly ons nog by, maar ook dit word moontlik as ons enige deel van 'n teks wat klaar gelees is as opgedane kennis beskou.

2. Dubbelsinnigheid; sinspeling; direkte verwysing

Ons het, toe ons die voorbeelde van wat sinspeling genoem is uit die voorbeeldgedig gehaal het, reeds daarop gewys dat daar by die sinspeling van twee soorte begryp sprake kan wees. Aan die hand hiervan het ons die sinspeling van

/ direkte

---

9) Dit word dus duidelik dat begrippe soos kultuurmorfologie (Hellinga en Scholtz - - - p. 29) en situasie hier ter sake raak. Die begrippe taalsisteem/verwysingsbron en taalsisteem/kultuurmorfologie kan egter skaars in 'n alreeds te lang betoog betrek word. Maar die volgende moet duidelik in gedagte gehou word: die áántal lesers wat nie 'n verwysing kan snap nie, sê nie noodwendig iets oor die áárd van so 'n verwysing nie. Tog is dit vir die literatuurstudie ter sake: vergelyk die voetnoot op p. 150 en die bespreking van „ervaringsvelde" in Hoofstuk VII.

herkenbaar is as woorde wat van elders kom. In die skryf én spreektaal seker, want die spot, die grap en die erns word dikwels juis so in 'n gesprek ingetrek.

Die leser kan op 'n hele paar maniere daarvan bewus word dat 'n gedeelte van 'n gedig of ander geskrif „aanhaling" is. Tipografiese aanduidings (soos aanhalingstekens), sinstrukture en baie ander dinge kan 'n aanduiding bied van die vreemdheid van die liggaam wat in die nuwe struktuur ingemessel word. 'n Sleutelwoord, 'n wending, 'n tipiese frase, sal almal al 'n vermoede kan laat ontstaan dat dit nie „eie" woorde is wat gebruik word nie, maar „ander" woorde.[3)]

Basies sal die bevestiging van bogenoemde vermoede seker juis in die ooreenkomste sit: woordorde, woordklank. Herkenbaarheid deur vorm-ooreenkoms dus.

Uit hierdie voor-die-hand-liggend-elementêre - - - en dalk onnodig genoemde - - - stelling, vloei daar egter soveel voort, dat mens die aanhaling en sy vertakkinge vér sal kan gaan soek.

Aangesien die betoog hier drieledig word, sal ons telkens na bogenoemde eenvoudige stelling moet terugverwys. Genoeg om te sê: 1) die <u>vorm</u> speel 'n rol by die erkenning van die aanhaling.

2) die aanhaling (as vreemde liggaam) lewer sy probleme van assimilasie en dissimilasie, en funksioneer juis dikwels deels a.g.v. dié twee aspekte.

3) Die aanhaling funksioneer verwysend: deur <u>kennis</u> te vra; deur verbande te lê tussen verwyser en objek. Verwyser en objek sal dus jukstaposioneel of parallel

/ in

---

3) Vergelyk o.a. die toon van die kleuterrympie binne die struktuur van 'n ernstige gedig soos <u>Trippe Trappe Trone</u> by <u>Jorik</u>. Verder bespreek - - - pp. 172 v. en 289 v.

direkte verwysing geskei. Die „soorte" begryp was dan: die bloot letterlike begryp van woorde, frases of sinne soos dit daar staan, en die „dubbelbegryp", die begryp van nie slegs die hierbo-genoemde letterlike aanbod nie, maar daarby ook die „verwysingsbegryp", die gedeelte van die aanbod wat die leser self moet snap.

Daar kan dus ook sprake wees van 'n dubbele aanbod, waarvan een deel die letterlike is, die ander ons probleem.

Ook dit kan as 'n eienskap van die verwysing afgesonder word, of dan minstens van dié verwysings wat ons tot dusver onder oë gehad het. Dieselfde geld ook, uit hierdie hoek gesien, van die eienaam. Maar laat ons ook hierby betrek 'n ander rededeel as voorbeeld van die sinspeling:

Sê maar die gevalle groot snor en Cervantes:

groot snor - letterlike begryp
+
groot snor - so het Cervantes homself beskryf.
teenoor
Cervantes - in die gedig aangebied
+
Cervantes - soos die geskiedenis hom oorlewer.

Tog moet mens dit hier uiters duidelik stel, en so hou: dit gaan hier nie om die gewone dubbelsinnigheid nie, alhoewel mens seer seker ook van die verwysing en die sinspeling as „dubbelsinnig" sou kon praat. Die term dubbelsinnig, die ambiguity van Empson,[10] kan op die sinspeling van toepassing gemaak word; die verwysing en die sinspeling sou dubbelsinnig kon heet. Maar dan: die volgende soort dubbelsinnigheid is in ons studie nié ter sake.

Die beste voorbeeld sou seker wees waar die dubbelsinnigheid deur die gedig self verduidelik word, soos in Tristia, p. 7. Die derde strofe van hierdie gedig lui soos

/ volg

---

10) William Empson, Seven Types of Ambiguity.

in verband kan staan (met graduele verskille tussen laasgenoemde twee uiterstes).

Die aanhaling en vorm

In die voorbeeld wat hierbo uit Ballade van die Grysland aangehaal is, sou die leser kon opmerk: hier het ons raasegte, parallelle aanhaling - - - aanhaling wat, sover dit vorm betref, klop tot in die laaste letter. Van verdraaiing, van verandering is daar geen sprake nie.

Nogtans sou mens op „aanhalings" kon wys waar die woorde nie presies honderd persent dieselfde is as in die „oorspronklike" nie.

A.G. Visser bied 'n goeie voorbeeld:[4)]

In die Dieretuin, Pretoria

O wad some power giftie gie us
To see ourselves as others see us
Robert Burns.

Die sjimpansee in ysterkou
Sit sy beskouers te beskou
En weerloos hoor die Hoër Asp
Die Laer Mensdom ginnegaap;
Verneem, terwyl sy oë vlam:
„Die mense en die Ape stam
„Van een oervadër en oermoeder."
„Ben ik," skrik hy, „mijns hoeders broeder?"
„Ek is gewoond aan plaag en terg,
„Maar wat te erg is, is te erg;
„Was ek in staat my te verdedig,
„So grof sou niemand my beledig!"

Geen twyfel kan bestaan oor die feit dat die gekursiveerde gedeelte aangehaal word nie. Dit staan in
/ kursief

---

4) Die Purper Iris en Ander Nagelate Gedigte - - - p. 86.

volg:

miskien nog van Gods weë weet:
- - - Sy paaie en Sy pyn:
maar ingewikkeld alles ken
en mens wil wees én rein.

Die teks „verduidelik" die feit dat <u>weë</u> op meer as een manier verstaan wil word. Volgens die aangehaalde strofe is dit duidelik - - - veral ná die dubbelpunt en die aandagstreep, dat <u>weë</u> hier op twee maniere noem: „Weë" - - - die meervoud van pad - - - <u>Sy paaie</u>; maar ook as die meervoud van „wee" soos ons dit onder andere het in die samestelling „Trekkerswee" - - - <u>Sy pyn</u>.

Taalkundig, sou ons miskien hier moes gepraat het van 'n dubbele verwysingsmoontlikheid: hier het ons naamlik 'n woord wat na twee sake uitwys, maar sou dit 'n parallelle geval wees met die „dubbelsinnigheid" waarmee ons in die Cervantesgedig te doen gehad het? Seker nie.

Aan die hand van die voorbeeldgedig sou mens dalk in die geval van iets soos „'n boerse afkeer vir skaapvleis", selfs kon praat van meer betekenisfasette as net twee:

a. <u>Boerse afkeer vir skaapvleis</u> - - - soos dit daar staan.

b. <u>Boerse afkeer vir skaapvleis</u> - - - die Don hoef hom nie van vleis te onthou nie; dit staan geskryf in die boek <u>Don Quijote de la Mancha</u>.

c. <u>Boerse afkeer vir skaapvleis</u> - - - sou 'n Suid-Afrikaanse leser hééltemal dwaal as hy hier praat van 'n klein stekie in die rigting van óns boere? Miskien is dit juis hierdie aspek van die verwysing wat bewese uitsprake of verklarings halfwaar en wye interpretasies net-so-waar maak. Aan die gedagte oor die prinsipe van die saak kan mens nie ontkom nie: lesers wat c- by b-

/ sit

kursief en in 'n ander taal geskryf. (Hoeveel makliker was die Bybelse verwysing in die Afrikaanse poësie nie herkenbaar toe dit nog uit die Nederlands gekom het nie.)

Vormooreenkoms is daar dus genoeg om die objek onmiddellik met die aanhalingsverwysing in verband te bring. Kain is besig om te antwoord: „Ben ik mijn broeders hoeder?" - - - 'n vraag wat in Afrikaans reeds „spreukmakend" [5] geword het. 'n Nie-kriptiese aanhaling wat onmiddellik as aanhaling herken word, dus.

Daar is egter 'n verandering in die verwyser. Ten opsigte van die objek is die laaste twee woorde omgeruil:

Ben ik mijn broeders hoeder

teenoor

Ben ik mijn hoeders broeder

Dit word dus nodig om te konstateer: dat die moontlikheid dat 'n aanhaling 'n variant kan bevat en terselfdertyd nog as „aanhaling" erken word, bestaan. En in ons voorbeeld lê die rede voor die hand: die ooreenkomste is sterk genoeg om die verband tussen verwyser en objek te lê sodat selfs 'n variant - - - en in hierdie geval 'n baie sterk funksionele variant - - - kan voorkom, sonder om hierdie verband te ontken.

Trouens, dié variant sal juis ook funksioneel kan word wanneer dit, soos in die geval hierbo, die verband tussen objek en verwyser behou. Die teenoorgestelde funksioneer binne die ooreenkomatige.

Die opposisie tussen hierdie twee sinne (verwyser en objek) is immers ook van die vorm afhanklik: die geslaagde werking van die verdraaide aanhaling lê daarin, dat dit,


/ soos

---

5) As voorbrand vir wat later oor idioom en aanhaling gesê gaan word, gebruik ons 'n term van Scholtz: Beskouings oor poesie - - - p. 118.


sit, of c- bo b- verkies, sondig prinsipieel nie méér as dié wat met bewyse kom vir b- nie: almal lees teen 'n agtergrond. En sou verdere kennis van die Spaanse landskap, La Mancha en sy mense nie dalk die boerse afkeer verder kon opklaar nie?

Die voorbeelde hierbo (groot snor en Cervantes) sou albei aan 'n definisie wat dié dubbele aanbod (uitgenome die dubbelsinnigheid wat ons hierbo verduidelik het en wat nié noodwendig in die geval van die eienaam geld nie) as uitgangspunt het, kon voldoen, maar dan elk op sy eie wyse. 'n Skematiese voorstelling sou heelwat woorde bespaar:



in die geval van groot snor.

maar:



Hierteenoor kan mens die dubbelsinnigheid so voorstel:



Ter verduideliking moet mens hier byvoeg dat die geval Cervantes „twee" betekenisse opdoen omdat hy in 'n gedig voorkom. In 'n normale aanbod in 'n geskiedenisbosk sou ons immers beswaarlik van Cervantes as 'n verwysende woord kan praat. Hy doen dus sy verwysingsfaset op slegs omdat hy in 'n kunswerk aangebied word. Ons kan hier slegs praat van 'n literêre verwysing, beswaarlik van meer.

/ Aan

soos in die betrokke geval, ten spyte van variasie-wees, nog so saam met die oorspronklike klink.

Visser se woordspel wen juis aan slaankrag omdat hy maar nodig het om enkele medeklinkers te verander. Dit versterk die vermoede dat die gelykluidendheid hier tog 'n funksie vervul naas die variasie wat gebruik word om die aanhaling in die nuwe situasie in te pas.

Die vervormde of verdraaide aanhaling of aanhaling-met-variasie kan dus funksioneer deur ooreenkoms en deur die variant.

Waar die Totius-woorde onmiddellik en „net so" in die nuwe situasie „gepas" het, so is hier 'n verandering nodig om dit te laat pas. Dit moet geskaaf word sodat dit kan voeg. Visser se aanhaling is juis geslaagd omdat hy in die proses 'n interessante woordspel as middel kon gebruik.

Daar sou ook 'n derde rede kon wees vir dié aanhaling se trefkrag: die feit dat die aanhaling in 'n sfeer staan wat so vér van die Bybelse verwyder is: 'n dieretuin. - - - Dus die oorplaas van die ernstige na die aap se mond. By wyse van spreke „dieselfde woorde in 'n byna teenoorgestelde sfeer."

Die leser sal onder andere getref word deur die feit dat dié geringe woordverskuiwing (of die verskuiwing van enkele klanke) ook die hele „genoemde" laat omswaai - - - 'n nuwe feitekompleks maak: die weerbarstige vraag nie meer laat slaan op 'n man wat nie sy broer se oppasser is nie, maar 'n aap se geskokte besef van sy broederskap met sy oppasser. Die verdraaiing binne hierdie aanhaling „werk" dus op vele wyses tegelyk. Daar is : ooreenkoms, variasie, 'n nuwe sfeer waarin die amper-bekende woorde staan, 'n jukstaposisioneel genoemde.

Maar al vier bogenoemde dinge impliseer: 'n bewus-wees

/ van

Aan die hand hiervan loop ons dan in nog 'n eienskap van die literêre verwysing vas wat ons aandag verdien: die feit dat dit ten opsigte van gedig en sy grondstowwe problematies word.

Wat egter in hierdie studie wel nuttig kan wees, is om dié dele van die gedig wat verwys die <u>verwyser</u> te noem, en dit waarna verwys word, die <u>verwysingsvoorwerp</u> of <u>objek</u>.

Waar die verwyser dan <u>byna</u> altyd 'n stukkie taal sal wees (<u>boerse afkeer vir skaapvleis</u>) en die objek sal wees: die gedeelte wat genoem word buite die letterlike betekenis van die aanbod om; dié deel wat „genoem word sonder om genoem te word"; dié deel van die „genoemde" wat die leser self moet voorsien.

3. <u>Binne/buite die gedig</u>

Toe ons probeer aandui het dat die voorbeeld <u>Cervantes</u> ook op twee maniere „beteken", moes ons die onderskeid wat gemaak kan word tussen die sake waarna hierdie woord in daardie verband gelyktydig skyn uit te wys, hieraan knoop: die een is binne die gedig gelee en die ander daarbuite.

Met <u>binne</u> en <u>buite</u> is dit vanselfsprekend dat ons 'n halwe waarheid verkondig. Ons het trouens juis 'n lang ompad geloop om aan te dui dat Cervantes-as-historiesefiguur in die betrokke gedig ter sake is, omdat die leser gedurig besig is om 1) van <u>voorkennis</u> gebruik te maak en 2) om die-in-die-gedig-aangebode-Cervantes 'n <u>verhouding</u> tot die Cervantes wat ons uit die geskiedenis ken, te sien.

<u>Binne/buite</u> as onderskeidingsbeginsel tussen die twee „dele" van 'n „dubbele" aanbod van feite, is uitermate sleg 'n indeling wat ons hier gemaklikheidshalwe maak, want, en dit moet ons duidelik hou: die <u>woord</u>

/ Cervantes

van die oorspronklike, die herkenning daarvan vóórdat die aanhaling voltooi is, en die vooruitverwag van wat die volgende woorde gaan wees[6] (die leser verwag die voltooiing van die aanhaling sóós hy dit kén), 'n bewuswording van 'n verandering of variant, én van die ommeswaai in die feite-aanbod, of 'n teenstelling tussen die verwagte en die aangebodene.

Vorm en variant; ooreenkoms en verskil ten opsigte van „gestalt" én feit, speel dus 'n rol. (Woordvolgorde as „betekenisdraende" element sal slegs die taalkunde interesseer, dié laat ons daar.) Vormooreenkomste en -verskille staan dus - - - soos die groot verskil in die feite-aanbod - - - in skerp reliëf.

„Variante" sou egter ook on vele ander maniere kan funksioneer of nodig word. Soos die aanhaling uit Totius in die Opperman-gedig hierbo „aangepas" is om in die sinstruktuur en die opset van die gedig wat hom moet ontvang, te pas, so sou enkele vervormings van 'n aanhaling wel deeglik daarop bereken kon wees om die aanhaling in en aan te pas. Miskien lê die geslaagdheid van aanhalings soos Ben ik mijn hoeders broeder juis daarin dat dit naas die blote aanpassing in 'n nuwe struktuur tog nog as aanhaling erkenbaar bly; tog nog deur sy verandering en aanpassing sinvolle variante bekom; tog nog deur ooreenkoms én verskil funksioneer. (Soos dit uit latere voorbeelde maar alte duidelik sal blyk, alhoewel ons dit nie telkens sal aantoon nie.)

Die beste bewys vir die „saamklink" van die „oorspronklike", van die objek naas die verwyser wat hierbo genoem is, sal seker wees: die halwe woord vir die goeie begryper, - - - die onvoltooide aanhaling. / In

6) Sig vormende vorm kan die taalkundiges ontleed. Dat dit hier 'n (maar in die aanhaling altyd 'n bietjie abnormale) rol speel (soos in die later-besproekte Gravygeval), is duidelik.

Cervantes, soos dit in die gedig voorkom, bied onmiddellik historiese figuur én karakter in die gedig aan. Daarom dat ons die term „dubbelsinnig" ook hier sou kon gebruik.

Vir die literatuurstudie word die kwessie binne-buite egter onmiddellik problematies, juis omdat die huidige literêre teorie in leer verkondig wat oënskynlik so 'n toestand van sake onhoudbaar maak.

Volgens enger opvatting sou dit ongeveer soos volg kon opgesom word: 11)

Die wêreld van die gedig is 'n eenheid, 'n onaantasbare onafhanklike eenheid, wat genoegsaam in homself is, homself buite sy maker en sy tyd verklaar, homself en net homself aanbied as onbreekbare geheel, met sy eie wyse van verstaan-wil-word, ens. So moet hy dan ook beoordeel word: aan geen wet nie, maar volgens sy eie wette en struktuur.

Of, soos Grové dit opsom: „Die gedig - - - dit skyn die houding te wees - - - moet bestudeer word asof hy êrens vanuit die see in 'n bottel na ons toe aangedryf kom." 12)

Oor die feit of mens hierdie stelling van die moderne literatuurwetenskap só letterlik moet opneem, kan daar lank geredeneer word, maar om eers die probleem duideliker met die verwysingsprobleem te skakel, die volgende:

As ons die verwysingsdefinisie moet uitbrei om ook die eiesame se ekstra noem in te sluit, sal ongeveer die volgende moet bygevoeg word:

„Die verwysing onderskei hom van ander mededelinge in dié

/ sin

---

11) Vergelyk Hellinga en Scholtz - - - p. 86. - Die woord in die literatuur verwys nie na die „werklike" wêreld nie, maar na die wêreld-in-die-werk - - - 'n kamma-wêreld met sy eie tydruimtelike grense wat deur 'n besondere integrasie-wyse tot stand kom." Ter ondersteuning haal H. en S. uit Das sprachliche Kunstwerk (Kayser) en Theory of Literature (Wellek en Warren) aan. Vergelyk ook ons aanhalings op pp. 60 en 64 uit Wellek en Warren en Vestdyk se Glanzende Kiemcel.

12) Beskouings oor Poësie - - - p. 51.

In die Joernaal van Jorik maak Opperman dikwels gebruik van dié aanhaling wat iets aan die leser oorlaat, voltooiing vra, wat soms meer wil sê as die volle. Jorik word deur die Sanhedrin voor die volgende keuse gestel:[7]

Sy hoed of ... wiens brood men eet diens woord ....
Sê: Gee ontspanning, hou die massas dop;
gee elke dag 'n mooi nooi en 'n moord;
en stoot die sirkulasiesyfers op.

En stel hom sonder doekies die geval:
van harte hoop ons tog hy het geen hoed!
En natuurlik .... by elke honderdtal
word hy met dertig daalders meer vergoed.

En stel dit só: Mene, mene, tekel ....
Wys op die naderende storm
tussen die Kruis, die Hamer en die Sekel,
en hoe ons Swartes die voorhoede vorm.

Hierdie voorbeeld bied ten opsigte van die aanhaling die volgende:

1) Die onvoltooide aanhalings (... wiens brood men eet diens woord ... en Mene, mene, tekel ..... is, uit hoofde van anderstaligheid seker baie duidelik aanhaling) vra om voltooiing; die leser sal dus, ten spyte van die feit dat hy slegs 'n „halwe" aanhaling voor hom het, die hele objek nass hierdie halwe verwyser hoor klink. Met tog ook dalk 'n verskil: in bersgenoemde geval vra 'n spreekwoord voltooiing en dié spreuk is baie duidelik van toepassing - - - as geheel - - - op die Jorikgeval: hy spreek woorde en word betaal.

/ In

---

7) Joernaal van Jorik - - - p. 46. Ek kursiveer.

sin, dat hy òf net betrekking het op 'n feit buite die wêreld-van-die-gedig waarvan die leser sélf bewus moet wees, (Eugéne Marais in die titel van die aangehaalde gedig) òf op twee dinge: 'n feit wat binne die gedigsituasie volkome verstaanbaar is, én uitwys na 'n feit buite die gedig („boerse afkeer vir skaapvleis"). - - - 'n Mededeling wat m.a.w. nie deur die gedig genoegsaam aangebied of verklaar word sodat 'n letterlike interpretasie voldoende is nie."

Heelwat terminologiese probleme sal miskien wegval as mens dit simplistiés aan die hand van die Engels stel: one moet van verwysing praat waar fact binne die fiction ter sake raak. By implikasie het ons dan dat die onderskeidingsbeginsel tussen wat verwysing is en wat nie is nie, juis daar moet lê waar die wêreld-van-die-gedig deur die nonfiktiewe buitewêreld geraak word.

Twee probleme wat hieruit voortvloei moet aan die orde gestel word, al is dit dan maar slegs om 'n standpunt oor elk in te neem. Mens sou dit so kan noem;

1) Die sogenaamde referential aspect;

2) Die probleem van die isoleerbaarheid van die wêreld-van-die-gedig.

C.J.M. Nienaber [13] gebruik die term referential aspect aan die hand van sekere eienaam wat in Maria van Elisabeth Eybers voorkom - - - eienaam wat in ons terminologie verwysing sou kon heet.

„Ten eerste let ons op die eienaam (in die nagaan na watter sake die woorde verwys en die wyse waarop dit geskied - - - du P.) - - - en in samehang daarmee die voornaamwoord - - - wat in hierdie gedig op verskillende maniere nadruk verkr het, naamlik Maria, Josef, Getsemane, Johannes en ‚hy' - - - ‚Ek'."

/ Wat

13) C.J.M. Nienaber: Die Taal as Tolk ('n Stilistiese Analise van Elisabeth Eybers se Maria) - - - p. 53.

In die aanhaling uit die Bybel is die Mene, mene, tekel inderdaad as halwe aanhaling voldoende: getel, getel, geweeg of soos die Bybel dit vertaal (Daniël 5, vers 26 en 27):

Mené - - - God het u koningskap getel en daar 'n end aan gemaak;
tekél - - - u is op die weegskaal geweeg en te lig bevind;

Of die leser van die Joernaal ook ufarsín moet bylees, is te betwyfel. Die moontlikheid dat dié aanhaling dalk weinig meer wil wees as die aanduiding van die gewone Afrikaanse spreuk „Geweeg en te lig bevind" moet vanselfsprekend in gedagte gehou word.

Terloops kan daar op gewys word dat die aanhalings[8] wat hierbo gekursiveer is, uiteindelik neerkom op die knap gebruik van die eufemisme, die sagkens-stel van 'n baie sterk ultimatum aan Jorik. Die dreigemente word bedek deur die halwe aanhaling.

Dit sou verkeerd wees om te beweer dat alle variante altyd onmiddellik as variant gelees wil word. Soos reeds gesê, kan die aanhaling verander word bloot om dit by 'n nuwe struktuur te laat inpas.

Wanneer Gilliland (in Skipbreukelinge)[9] skryf: „Ek hoor van oorloë gerugte ..." dan lees die leser inderdaad die „oorspronklike" daarmee saam, Gilliland verwys daarna, maar, behalwe dat die Ek moontlik 'n tyd-ruimtelike anker is en die ek-ver.-die-gedig se betrokkenheid by die Bybelse voorspelling daaruit blyk, lees die leser skaars 'n broeders-hoeder-variant daarin. Of wanneer ons in dieselfde gedig die volgende lees, staan ons voor nóg 'n

/ gebruik

---

8) Vergelyk t.o.v. sy hoed en sonder doekies wat later (p. 193 e.v.) gese word oor die aanhaling uit die taal.

9) p. 49, Veulhoek.

„Wat voor die hand lê, is die feit dat die eienaam sowel as die voornaamwoord in sy „referential aspect" [14] gekén moet word om die situasie te kan help integreer. Vergelyk die slotkoeplet van Opperman se Wildernis:

buite agter 'n miershoop lê
die maer lyk van Eugène Marais.

„Kennelik is ‚Eugène Marais' in hierdie gedig nie sommer ‚maar net 'n naam nie, net soos ‚die name wat voorkom in Yeats se Lapis Lazuli:

All perform their tragic play,
There struts Hamlet, there is Lear,
That's Ophelia, that Cordelia .... "

Nienaber se stelling hierbo en die gebruik van die term referential aspect raak ons studie van die verwysing. Dit is duidelik dat Nienaber dit hier oor soortgelyke gevalle het as ons „Cervantes", byvoorbeeld.

Die Wellek en Warren-term wat hier gebruik word, word egter wederregtelik bygebring. Ons haal die gedeelte waarna Nienaber verwys, breed aan:

„But the nature of literature emerges most clearly under the referential aspect. The center of literary art is obviously to be found in the traditional genres of the lyric, the epic, the drama. In all of them, the reference is to a world of fiction, of imagination. The statements in a novel, in a poem, or in a drama are not literally true; they are not logical propositions. There is a central and important difference between a statement, even in a historical novel or a novel by Balzac which seems to convey „information" about

/ actual

---

14) Hierby 'n voetnoot: „Dis 'n term van Wellek en Warren ..... p. 15. Merwe Scholtz gebruik die term „'n linguistiese verwysing.moontlikheid in Standpunte ....."

gebruik van die aanhaling:

„Ek soek 'n ander stasie, op Edna wagtende.
Dit is die oggenddiens: die Huis
van my Vader, wonings is daar baie:

O Irkalla, Huis van Stof en Duister ... "

Die weerskante-toe-skakel van die huise in die hoofkarakter se gedagte daar gelaat: die variant is hier nie sinvol as variant nie: skakel bloot die aanhaling in by die sin- en gedig-struktuur.

Wanneer W.E.G. Louw in Ballade van die Wêreld se Beloop dieselfde aanhaling gebruik, kom die variante in elke geval na vore, maar nog iets verder gebeur: die aanhaling staan telkens in 'n ander situasie:-

Ons hoop maar só:

„Die huis van ons Vader het baie wonings."

„Goddank, die huis van ons Vader het baie wonings!"

- - - en bid: „Die huis van ons Vader het mos baie wonings?"

- - - en sug: „Die Huis van My Vader het baie wonings."

In elk van hierdie gevalle het ons dan 'n „aanpassing" van die aanhaling by 'n situasie, maar ook die variant - - - tot in die punktuasie - - - en die klemverskuiwing wat vir die wakker leser variant en sinvolle variant sal wees.

Dit skyn 'n goeie bewys te wees vir die feit dat daar tussen die verwyser en objek 'n duidelike verband (verhouding) ontstaan. Die plek waar daar aangehaal word, die situasie waarbinne die aanhaling hom moet aanpas of moet lê en protesteer, dra net soveel by tot die uiteindelike funksie daarvan as die plek vanwaar dit gehaal word. Visser haal die Bybel aan voor 'n apehok, Leipoldt 'n lokasie-liedjie en

/ kindergebedjie

actual happenings, and the same information appearing in a book of history or sociology. Even the subjective lyric, the "I" of the poet is a fictional, dramatic "I". A character in a novel differs from a historical figure or a figure in real life. He is made only of the sentences describing him or put into his mouth by the author. He has no past, no future, and sometimes no continuity of life. This elementary reflection disposes of much criticism devoted to Hamlet in Wittenberg, the influence of Hamlet's father on his son....."

Wat ons aan die hand van die verwysing en die werklikheid gaan beweer het, is dus byna die teenoorgestelde van wat Wellek en Warren hier sê. Volgens hulle is die reference in die eerste plek "to a world of fiction" ..... toe óns van verwysing gepraat het, is beweer dat daar uit 'n world of fiction soms na 'n world of fact verwys word.

Vir Nienaber, om die referential aspect gelyk te stel met Scholtz se linguistiese verwysingsmoontlikheid is foutief.

Die probleem kan só benader word:

Ons het byvoorbeeld 'n Caesar, wat werklik bestaan het, hy is in die dokumente soos die geskiedenisboek aangeteken en opgeteken, hy is 'n historiese feit, en, soos menige Romein sou kon getuig, nie fiktief nie.

Shakespeare skryf, met sy dood as agtergrond, 'n fiktiewe drama, gebruik sy naam, die name van mense om hom. Die woorde wat hy praat is fiktief, daar word uit sy totale lewensloop net die laaste gedeelte geneem en daaruit word weggelaat, bygedig, 'n paar fiktiewe soldate na smaak bygevoeg. Vir die leser word dié man as die totale, die ware Caesar[15] aangebied. Maar dit is fiksie. Die blote feit

/ dat

---

15) Cf. Hoofstuk IV oor dié eienskap van die eienaam: dat Caesar as hy nog verband hou met die historiese figuur, nog verwys, maar dat 'n hond Caesar, se naam slegs in geïsoleerde gevalle nog na die historiese figuur waarna hy vernoem is, kan verwys. En ook Caesar (die hond) kan na verwys word.

kindergebedjie by die dood van 'n kind; Opperman laat kindertjies met kanonnetjies en atome speel.

Of in Kunsmis laat Opperman 'n psigiater sý spelatjie op nóg ander wyse speel.[10]

Die aanhaling as vreemde liggaam

„Nun ist das literarische Zitat ein Element, dem die Heterogeneität deutlicher an der Stirn geschrieben steht als jedem andern: ist es doch ein Stück vorgeprägtes, nämlich schon von einem anderen Autor gemünztes Sprachgut." (Das Zitat in der Erzählkunst - - - p. 12).

Om ná ons betoog oor die wêreld-van-die-gedig in 'n verdere betoog te verval oor Meyer se stelling hierbo, is skaars die moeite werd. Indien verdere bewysvoering in hierdie stadium nodig sou wees, sou die byroep van 'n enkele voorbeeld van die sitaat uit 'n ander taal reeds die aanhaling as vreemdsoortig-herkenbare binne 'n gedigstruktuur voldoende illustreer. 'n Geval soos die volgende is voldoende, al is dit dan slegs ter verdere adstruksie van iets wat reeds baie duidelik was toe ons gepraat het oor die gebruik wat Visser van die Bybelse aanhaling maak.

Dié voorbeeld uit die heel vreemde (m.a.w. nie uit die aanverwante tale en alombekende soos die Statebybel vir die Afrikaner van 1930 was nie) sal egter ook die „wisselende" vreemdheid kan illustreer.

Op bladsy 52 van Verklaarde Nag maak Ernst van Heerden gebruik van 'n aanhaling uit die Duits wat vir die Afrikaanse leser wat nog nie „verliteratuurd" geraak het nie, „kriptïes" sou kon heet. Die gedig lui:

/ Ek

---

10) Cf. Kuns-mis - - - p. 41 en Kleuter-verseboek - - - p. 68.

dat dit in die drama na ons toe kom, laat ons 'n fiktiewe wêreld veronderstel. Of dan, laat dié wat met die literatuur en sy vorms vertroud is, die verslaafdes aan die literatuur, 'n fiksiewêreld veronderstel.[16]

Tot sover kan mens nie anders as om Wellek en Warren gelyk te gee nie.

Tog moet ons daarby noem: is ons geval Cervantes nou presíés dieselfde as die Caesar-geval? Of in die gedig wat Nienaber noem: is Maria net karakter of ook feit buite die gedig? En is haar „feit-bestaan" in die gedig ter sake?

Is Caesar, die feit, ter sake in die fiktiewe wêreld wat deur Shakespeare om sy moord gebou word?

'n Stappie verder: Hoe onderskei ons tussen die fiktiewe dialoog en die Jy ook Brutus? Of die historiese feit 15 Maart?

Ongeveer by laasgenoemde twee gevalle sal ons van verwysing moet begin praat ..... juis omdat 'n feit ás feit in die fiksie ter sake word.

Dit is dus moontlik dat die onderskeid tussen wat nie verwysing is nie en wat wel is, moontlik juis by die verhouding fiksie-feit moet lê, ook dat as ons nié van verhouding praat nie, ons onmoontlik sal kan onderskei wáár die feit in die fiksie ter sake word.

By die feit dat Wellek en Warren, volgens die aangehaalde gedeelte geoordeel, dus 'n aanvaarbare algemene definisie van die kunswerk gemaak het, moet ons konstateer, dat hierdie definisie slegs as effens onnoukeurige veralgemening ten opsigte van sekere soorte literatuur steek hou. Die uitsondering op hierdie veralgemening is juis die verwysing - - - én dikwels die eienaam.

/ Dit

---

16) Daar kan altyd bygevra word: Kon Shakespeare ook vir Caesar 'n fiktiewe lewe laat lewe het wat glad nie met die feite-geskiedenis strook nie?

Ek soek 'n Reisgenoot

Die treinsirene loei sy parabool,
swaar ruk die romp
hom oor die klinkende verset
van spoor in spoor;

die hortende slag en klep vereffen tot die
lang gesoem
wat ritmies
en somnabulisties ruis;
Mynkrat, kou of tralie-sel?

Die tyd vergaan met drome ....
Awater en sy aandkoerant
wieg oorkant in die landskapsglas;
is dit Duits wat hy daar lees?

O dieses ist das Tier, das es nicht gibt...

11)

Die voorbeeld hierbo lewer dan vier aanhalings op:

(1) Ek soek 'n reisgenoot ..... (Nijhoff)

(2) Die tyd vergaan met drome ..... (Bloem)

(3) Awater en sy aandkoerant
wieg oorkant in die landskapsglas:
is dit Duits wat hy daar lees? (Nijhoff)

(4) O dieses ist das Tier, das es nicht gibt ... (Rilke)

/ Mens

---

11) (1) Motto van Awater.

(2) J.C. Bloem: Huiswaarts Reizende, p. 108 van Verzamelde Gedichten.

(3) Awater.

(4) Uit Das Einhorn van Rilke.

Aangedui deur: H.C.L. Aucamp in Die Poësie van Ernst van Heerden - - - pp. 45 - 46.

Dit lyk aan die hand van die vroeëre betoog oor die Van Wyk Louw-gedig asof die verwysing die tussenganger is tussen die fiksie-wêreld en die dokumenteerbare wêreld. Maar ook dit los vanselfsprekend ons probleem nie op nie. Uit Caesar, Cervantes en Maria blyk die volgende moontlikhede:

1) Ons moet die fiksie tydelik aanvaar as die werklikheid, en dit doen enige goeie leser. Behalwe natuurlik dat ons sal moet byvoeg: uitgenome die verwysing.

2) Die skrywer kan verwag dat ons sowel die in die gedig aangebodene, as die „feit" in gedagte moet hou. Met ander woorde, soos ons in die geval van die voorbeeldgedig gesien het, die gedig as fiksie aanvaar met die feite-wêreld gedurig byderhand vir vergelykingsdoeleindes;

3) Die gedig aanvaar as getroue feitelike verslag - - - maar dit sou van digters (soos Plato gemeen het) leuenaars maak;

4) Die gedig aanvaar as geselekteerde werklikheid wat as fiksie aangebied word.

Miskien kan mens die saak nog voorlopig verder vertroebel deur daarop te wys dat die verskil tussen dokument en kunswerk so byna onmoontlik bepaalbaar is (die goedgeskrewe dokument, bv., is soms beter kuns as die swak geskrewe fiksie); ook dat ons nêrens in 'n gedig aan die werklikheid kan ontkom nie.[17]

Ons noteer hierby slegs dat dit by Wellek en Warren om gehele gaan, en by ons, tot dusver, oor dele of gedeeltes.

Die hele probleem sal egter in beter perspektief val as ook die tweede vraag wat hierbo gevra is, bygebring word: die probleem van die isoleerbaarheid van die wêreld-van-die-

/ gedig

---

17) Vergelyk wat hieronder volg oor kultuuragtergrond en gedig; en oor die geval Slak in Van Heerden se werk.

Mens sou kon aanstip: byna 'n progressiewe vervreemding van 'n alreeds vreemde liggaam: die táál word ook uiteindelik vreemd. En bynoteer: dat die aanhaling wat nievertaald uit 'n ander taal oorgeneem word, selfs nog meer „vreemd" binne die nuwe struktuur moet voorkom, nie verbloemd is nie, maar homself as aanhaling steeds meer op die voorgrond druk.

Indien ons die oorspronklike indelingsbeginsel wat aan die hand van die woordeboekmenings geformuleer is in gedagte hou, sou ons kon sê: hier is die aanhaling uit 'n ander taal direkte verwysing, die aanhaling wat vertaald na ons toe kom sinspeling.

Juis omdat die aanhaling wat uit 'n ander taal kom, so duidelik as aanhaling te herken is, kan daar terloops op 'n interessante moontlikheid gewys word: die feit dat die aanhalingsverwysing ook uit 'n enkele woord kan bestaan. By 'n latere onderskeiding tussen soorte verwysings word die bestaan van dié verskynsel wel deeglik van belang.[12] Dit bied 'n vermoede dat daar basies tussen twee soorte verwysings onderskei kan word: die verwysing wat slegs of óók deur die vorm waarin dit aangebied word, ter sake raak as verwysing, teenoor die verwysing wat onafhanklik van die woorde waarin dit aangebied word, slegs na die feit verwys.[13]

'n Voorbeeld waarin die enkele vreemde woord as aanhaling beskou sou kon word, kom voor in Tristia:[14]

> en dat die Grote later, hy wat bruin was - - -
> bruingeskroei (het hul gesê) van helle-reise - - -
> in die klare en nuut-Latynse[15] spraak
> elke synskring moes afsluit met sy „stelle".

/ Die

---

12) Cf. pp. 154 v. en 162 v.
13) Cf. pp. 157 v. en 162 v.
14) p. 52.
15) Nova latina

gedig, of die outonome gedig.[18]

In 'n studie oor Opperman se Spikkelkoei bewys dr. Lindes[19] dat dié betrokke gedig (volgens ek verstaan uit die werk lyk dit asof sy die saak nie tot 'n veralgemening wil voer nie) homself nie afhanklik maak van sy grondstowwe nie, trouens, dat wat uit die gedig se sprokiesagtergrond in die begrypsbenadering kán bygehaal word, nie noodwendig ter sake is nie, maar dat die gedig sy eie feitewêreld genoegsaam opklaar. Agtergrondsgegewens bly slegs kanttekeninge; interessant maar nie noodsaaklik nie.

In 'n artikel[20] wys A.P. Grové aan die hand van hierdie studie op legitieme en onwettige „verbrekings" van die wêreld-van-die-gedig soos voetnote, heenwysing, die gebruikmaak van een of ander oerpatroon, ens.

Aan die hand van dieselfde proefskrif wys Belcher[21] daarop dat siklusse, en selfs gewone taalgebruik 'n verbreking van hierdie outonome wêreld veronderstel. Selfs 'n eenvoudige geval soos die man loop op straat is besig om uit te wys ... elke woord na sy saak.

Ek twyfel of òf dr. Lindes, òf die moderne literatuurwetenskap die outonomiteit van 'n gedig so absoluut bedoel het. Dit lyk meer asof daar in 'n stryd teen die gedurige bybring van die ekstra-kontekstuele miskien by wyse van spreke te apodiktïes gepraat is. Ek kan egter nie insien dat die voorstanders van die outonome gedig dit só ver sou wou dryf

/ dat

---

18) Vestdÿk in De Glanzende Kiemcel - - - p. 210 stel dit: „Een gedicht is een klein, in zichzelf afgerond universum, een mikrokosmos, die zichzelf genoeg is" - - - waarin 'n onderdeel van die heelal om ons heen weerspieël word.

19) Dr. Elize Lindes: Veelheid en Binding.

20) Die reeds aangehaalde Towenaar in die Fles (Beskouings oor Poësie).

21) Cf. R.K. Belcher: Die Poëties-psigologiese grondslag van die Sonnetvorm. - - - p. 66 en verder.

Die woord <u>stelle</u> waarmee Dante elke „synskring" afsluit, kan, juis omdat dit uit die vreemde taal kom, nie anders beskou word as 'n aanhaling nie.

Daarteenoor sou mens kon stel: „synskring". By laasgenoemde is daar nog sprake van verwysing, maar nie meer aanhaling nie!

Ac vreemde liggaam sal die verwysing deur middel van aanhaling egter maar weer graduele verskille vertoon. Aanhalings is immers nie altyd as aanhaling te herken nie; skyn soms juis enigsins verbloemd aangebied te word. Soos wanneer Blum skryf: [16]

Dit is die winterwind wat waai.
Ja-nee wat help dit om te kla?
„[illegible]aardelank by haar gedraai ... "
„Wat het geword van Ursula?"
„Haar bruidsgoed was nou rêrig fraai ...
Nog bietjie tee, Piet?" „Dankie, ja."
„Borduurwerk op haar nagkabaai ... "
Wat <u>het</u> geword van Ursula?

Die eerste reël hierbo is woordeliks dieselfde as die eerste van die bekendes uit die fragment <u>Die Brand</u> van Jan F.E. Celliers. Weliswaar sal dié reël deur baie Afrikaanse lesers onmiddellik as aanhaling herken word, dit staan immers in 'n bekende gedig van 'n bekende digter, ook in vele handboeke vir skoolgebruik om alliterasie te illustreer. Onmiddellik sal die leser met genoegsame <u>kennis</u> dus kan sê: „Al vreemde liggaam uit Jan Celliers se <u>Brand</u>!"

Miskien anders is die aanhalings wat Grové aandui in sy reeds dikwels gebruikte artikel <u>Die Towenaar in die Fles</u>.

/ Grové

---

16) <u>Steenbok tot Poolsee</u> - - - p. 61. (Die gedig: <u>Ballade van Getroude Bemindes</u>.)

dat selfs die taal van 'n gedig en die „sake" wat genoem word as „eksterne" faktore beskou kan word niet.

Die terugkeer na die teks - - - waaruit hierdie benaderingswyse oënskynlik gespruit het - - - het sóveel seker nie veronderstel nie.

Sonder om ook hier in 'n diskussie van menings te verval: as die gedig gesien moet word as iets wat 'n Marsiaan in sý taal in sý bottel in óns see kom gooi het, dan stem mens daarmee nie saam nie; as die stelling sou lui dat <u>geen</u> eksterne feitkennis nodig kan wees vir <u>enige</u> gedig nie, dan is die opvatting uit die aard van wat reeds hier gesê is, in die oog lopend foutief.

Die standpunt sou mens só aanvaarbaar maar aanvegbaar kan stel: die eenheid van 'n gedig, sy selfstandigheid, lê daarin dat ons hom vanuit homself moet benader - - - uit die teks - - - en slegs drade na buite mag lê as die teks dit vra. En ons praat slegs van die <u>begrip</u>. Die waardebepaling is nie ter sake nie.

Só gesien kan mens nie anders as om dr. Lindes se stelling - - - juis die stelling waarteen Belcher dit het - - - te onderskryf nie.

„Het die gedig hom éénmaal self-beslote getoon deur 'n volledige kontekstuele integrasie van die feitsake in sy eie werklikheid, en is die aanvanklike feitelike versperrings deur die konteks self opgehef, dan word die genetiese probleem (waaruit, uit watter materiaal ontstaan hierdie gedig?) irrelevant." [22]

Vir ons, wat met die verwysingsprobleem te doen het, sal die gedeelte tussen hakies (die materiaal waaruit die gedig ontstaan) inderdaad óók nie ter sake wees nie, mits

/ daardie

---

22) <u>Veelheid en Binding</u> - - - p. 102.

Grové skryf:[17]

„Sulke verwysings (die kriptiese - - - Du P.) is soms heel onopvallend, so onopvallend dat hulle misgelees kan word, sonder dat die gedig merkbaar daaronder ly.[18] 'n Voorbeeld uit Joernaal van Jorik: Wiesa se verhaal (pp. 19 - 21). As sy praat van „Bloedrivier" en „Amajuba", weet elkeen waar dit om gaan, maar as daar op p. 21 staan:

> En hulle het ons huise afgebrand.
> Hóé kon die rykes van 'n ryk ooit weet
> dat ons sou veg vir ruimtes van ons land
> <u>al moes ons in die veld rysmiere eet</u>?

dan weet almal seker nie dat ons hier 'n verwysing het na woorde van genl. Smuts[19] nie. Net so het ons 'n entjie verder die gebruik van woorde uit Emily Hobhouse se <u>War without glamour</u>:[20]

> Ek stap een oggend uit die kamp en sê:
> „Kyk, sien ek vanoggend 'n duisend skaap
> wat op die vlaktes so 'n hopies lê?
> Maar nee", sê ek. „Dis mos waar dooies slaap."

„Wiesa se verhaal is volkome begryplik, ook sonder dat ons hierdie verwysings in aanmerking neem. En tog lewer / hulle

---

17) <u>Beskouings oor Poësie</u> - - - p. 57.

18) Sinspeling dus?

19) Grové se voetnoot: „Vgl. mev. E. Neethling: <u>Mag ons Vergeet?</u> Nasionale Pers, 1938, bl. 66. Skryfster haal aan uit 'n brief van genl. Smuts aan president Steyn: „Alles sal die vyand niks baat nie, en ons vroue en kommando's sal eerder van rysmiere leef as die stryd vir hulle heilige regte weens honger op te gee."

20) Grové se bewysplaas: „Nasionale Pers; s.j. bl. 150: „People sang there: I stood and saw before me, was it a great flock of sheep? I knew not whence came all these sheep! - - - but wait! the people stop their singing - - - the sheep were a vision - - - because I see clearly now - - - it was the grave mounds of those who sleep their last sleep here."

daardie materiaal [23] hom nie byvoorbeeld by 'n herlees as 'n nuwe interpretasie-moontlikheid aanmeld nie. Of, juis ás materiaal van buite herken wil wees nie.

Die terugvoer van hierdie probleem van interne-eksterne gegewens na dié van die eenheidstruktuur [24] van die gedig is nie onmiddellik ter sake nie. Wél wanneer die eksterne gegewens nie na wense in die geheel geïntegreer is nie.

Andersom, en langs die onderhawige geval gestel: As dr. Lindes in haar opsomming die term refer gebruik (o.c., p. 119) dan moet ons konstateer, dat in die lig van die voorafgaande bespreking ons (al is dit dan net terminologies) van haar verskil. Die betrokke passasie lui:

„It was possible to collect, from experts in Bantu folklore, the appropriate data about the Bantu folktale to which this poem refers. (Ek kursiveer). In comparing this information with the "reality" of the world-within-the-poem, it becomes apparent that the latter is indeed "moulded by its own weight", that pre-contextual knowledge of a specialized folkloristic nature does not add to the meaning this specific constellation of events has within the poem itself."

Ons haal nie hier aan om dr. Lindes te probeer weerspreek nie, eerder om 'n terminologiese verskil aan te dui: dit sou wel vir die leser duidelik geword het dat, as dr. Lindes se bewering in verband met die Spikkelkoei juis is, óns nié sal kan praat van verwysing nie, bloot omdat daar geen verband tussen verwyser en verwysingsvoorwerp bestaan nie.

/ Terloops

---

23) Dr. Lindes se gebruik van die term materiaal moet blykbaar nie so wyd opgeneem word as wat Warren en Wellek dit in hulle omskrywing van materials (naamlik: „all the aesthetically indifferent elements) bedoel nie. Vergelyk die aanhaling uit Theory of Literature op p. 68 hieronder.

24) O.c., cf. Hoofstuk I.

hulle 'n bydrae, móét hulle 'n bydrae lewer. Wiese praat nie sommer nie; sy roep getuies .... "

Vir hierdie studie lewer Grové se uitspraak dus enkele bevestigings:

1) Alhoewel kriptïes en op die oog af nie vreemde liggaam nie, lewer die verwysing tog sy bydrae „van buite".
2) By herkenning is dit inderdaad nóg vreemde liggaam (verwysing en tot „getuieroep" onderskei dit immers van die absoluut-eie Opperman-stellings) maar seker ánders as die aanhaling uit die vreemde taal wat byna dubbelvreemd (volgens vorm én as verwysing) binne 'n nuwe struktuur staan.

Juis aan die hand van die wisselende struktuur-vreemdheid, die „ontdekking" van die verwysing, die algemeenbekendheid van die verwysing, die feit dat daar soms spanning tussen sfere ontstaan, stip ons hier aan: die verskillende grade van assimilasie en dissimilasie[21] van die sitaat in nuwe omgewing bepaal grootliks sy funksie - - - en dié kan wissel van byna absolute ingeskakeldheid tot byna algehele vreemdheid, van volkome instrukturering tot amper-volkome on-aanpas, van estetiese middel tot swak smaak.

3) Dat die element „ontdekking" wel deeglik te doen het met die funksie van die sitaat lyk moontlik. En dan speel die tyd en die ruimte seker ook maar met die <u>funksie</u> van die sitaat? Dit kan nie anders nie: Die kriptiese hang af van „bekendheid"; „bekendheid" is tydruimtelik gebonde, soos die geringste stukkie betoog t.o.v. leser,

/ 1910

---

21) Dié terme van Meyer: (o.c. p. 12) Im allgemeinen dürfte gelten, dass der Reiz des Zitats in einer eigenartigen Spannung zwischen Assimilation und Dissimilation besteht: Es verbindet sich eng mit seiner neuen Umgebung, aber zugleich hebt es sich von ihr ab und lässt so eine andere Welt in die eigene Welt des Romans hineinleuchten.

Terloops - - - illustreer die woordgebruik in die aanhaling dan nie tóg dat dr. Lindes dit oor één gedig het nie? Van veralgemening skyn daar geen sprake te wees nie.

Die basiese vraag by die wêreld van die gedig en die wysing kan myns insiens die beste benader word uit Meyer[25] se standpunt oor die opneem van „Fremdkörper" in die „Einheit und Ganzheit" van die roman.

Dat hy die vertelkuns onder hande het, en oor die sitaat skryf (die vermoede dat dit baie nou met verwysing in verband te bring is, seker 'n vorm van die verwysing kan wees, is reeds in Hoofstuk II gelug - - - sien verder ons hoofstuk oor die Aanhaling) maak sy betoog nie minder ter sake nie. As sy standpunt soms effens „geneties" voorkom, „ontwaardig" dit nie sy insig nie. Ons haal weer uitgebreid aan:

„Ganz allgemein gesprochen ist der Roman nicht das blosze Ergebnis eines organischen Wachstums von einem einheitlichen Keime aus, sondern er entsteht durch einen komplizierten Prozes der Verschmelzung und Zusammenschweissung verschiedenartiger Elemente. Der zentralen und anfänglichen Vision des Dichters schliesst fremder Stoff sich an, die ganze Fülle empirischer Wirklichkeit, zu der nicht nur der Bereich der äuszeren Gegebenheiten, sondern auch die Vielfalt überlieferter Bildungsinhalte gehört. Dieses fremden Stoffes bedient sich die Vision, um sich im Kunstwerk zu verwirklichen. Der Roman ist somit eine vielheitliche Ganzheit, aus Vielheitlichkeit entstanden; er wächst nicht nur, sondern er wird auch gemacht; seine Entstehung ist in hohem Masze ein Prozesz der Integration heterogener Elemente. Nun ist das literarische Zitat ein

/ Element

---

25) Herman Meyer: Das Zitat in der Erzählkunst, Zur Geschichte und Poetik des europäischen Romans - - - p. 12.

1910; laser, 1940; leser, 1965; leser, 2065, sal aandui. En dié kriptiese verwysing funksioneer juis anders as sy meer bekende en maklik-snapbare broer:

„Der Sinn des Spieles besteht darin, dass das Zitat entdeckt wird, weil es nur dadurch zu seiner spezifischen Wirkung gelangt. Zwischen dem offenbaren und dem kryptischen Zitat gibt es daher keinen katagorialen, sondern nur einen graduellen Unterschied. Katagorial ist es dagegen verschieden von der einfach versteckten Entlehnung, deren Entdeckung zwar philologische Befriedigung, aber keinen ästhetischen Reiz auslöst." 22)

Die voorbeelde uit Jorik sal egter nog twee moontlikhede ter sake bring:

1) Soos ook reeds uit die aanhaling ommiddellik hierbo blyk, sal die onderskeid gedurig gemaak moet word tussen die verwysende aanhaling, die blote reminissensie, plagiariese oorskrywery en epigonistiese naskrywery. Hieroor in 'n latere hoofstuk.

2) Dat ons in die geval van die voorbeelde uit die Joernaal van Jorik hierbo, nie meer te doen het met aanhaling nie, maar met gewone „feite-verwysing", dié verwysing waar die vorm nie meer hoofsaak is nie, die „Wortlaut" nie meer primêre verwyser is nie, maar bloot die deur-ánder-woorde-opgeroepte feit die objek vorm.

In hierdie verband, en om die mooi illustrasie hierbo nie mis te loop nie, beweer ons: dat die vorm as geheel óf enkele woorde die verwysing herkenbaar daarstel.

By ontleding word die woordelikse ooreenkomste tussen die objek en verwyser in bogenoemde twee gevalle herleibaar / tot

---

22) Meyer, o.c., p. 13.

Element, dem die Heterogeneität deutlicher an der Stirn geschrieben steht als jedem andern: ist es doch ein Stück vorgeprägtes, nämlich schon von einem anderen Autor gemünztes Sprachgut. Da musz es reizvoll sein, die Wege und Mittel zu verfolgen, auf denen und durch die der Dichter diesen Fremdkörper in die Ganzheit seines Romans aufnimmt und eventuell darin aufgehen läszt."

As laasgenoemde natuurlik moontlik is.

Volledigheidshalwe kan mens 'n oënskynlike weerspreking aanstip: Hoekom laat die ander „Elemente" hulle soveel makliker in die romanwêreld insmelt as in hierdie geval, die sitaat? En ás die sitaat volledig saamsmelt dan verloor hy (volgens Meyer) 'n deeltjie van sy funksie, die spanning tussen assimilasie en dissimilasie.[26]

Mens sou in hierdie kort bespreking van die gedig en wat in hom kan ingebou word, ook die idee van Wellek en Warren in gedagte moet hou. Oor <u>materiaal</u> sê hulle die volgende:

„Things become even more disastrous for the traditional concepts when we realise that even in the language, commonly considered part of the form, it is necessary to distinguish between words in themselves, aesthetically indifferent, and the manner in which individual words make up units of sound and meaning, aesthetically effective. It would be better to rechristen all the aesthetically indifferent elements "materials", while the manner in which they acquire aesthetic efficacy may be styled "structure".[27]

/ Die

---

26) Meyer, t.a.p. Oor hierdie spanning in <u>Hoofstuk V</u>.

27) Wellek en Warren, p. 141. Ons moet duidelik in gedagte hou dat die <u>materiaal</u> waaroor Wellek en Warren hier praat seker nie presies net so van toepassing gemaak kan word op verwysingsmateriaal of objek-feite-materiaal nie.

tot enkele kernwoorde: rysmiere, en 'n reeks woorde in die tweede aangehaalde geval: Ek (?), skape en 'n paar verdere ooreenkomste: 'n duisend skaap vir „a great flock of sheep", ens., ens.

Daar is trouens veelvuldige gebruike van sowel die aanhaling as die feiteverwysing, selfs graduele verskille. Vele dinge sou die verband tussen wat 'ens aanhaling (of selfs vormverwysing) kon noem, en die blote verwysing na 'n feit, kon aandui:

A.G. Visser skryf:[23]

„Waar ou Heidelberg hang aan die Suikerbosrand"

Dr. F. Lion Cachet skryf in „Worstelstrijd der Transvaler" (p. 391):

„Het dorp Heidelberg ligt, of beter gezegt, hangt aan de Oostelijke helling van Suikerbosrand."

Om te weet in wie se werk die verwysing lê of in watter werk die objek te vinde is, is vanselfsprekend 'n vraag waarvoor net die chronologie-van-verskyning kan uitspraak gee.

Maar dit weet mens darem: die ooreenkomstige beeld sluit die toeval grotendeels uit; daar word óf van die een na die ander verwys, of van dieselfde objek gebruik gemaak. - - - Vorm-ooreenkoms wat die verwysing vir dié met kennis vanselfsprekend maak.

Daarteenoor, en as illustrasie van 'n geval waar die vorm-op-die-bladsy, die woord ens., byna geen rol speel nie, sou mens kon noem:

Opperman se Skutter:[24]

Ons sien 'n eland stadig nader kom
maar wei as trop ruetig met hom;

/ dan

---

23) Gedigte - - - p. 87.

24) Engel uit die Klip - - - p. 37. Die gedig word ook op p. 229 bespreek.

dan tref die pyl en weet ons weer
die dood wel tussen ons vermom.

Geen vorm-ooreenkoms nie, tog verwysing, want kennis van Boesmangewoontes is ter sake.

So ook in Leeu:[25]

Hy gloei voor my uit die braambos
en vlam op vlam skud Hy Sy maanhaar los,
die koninklike vuur van die heelal
wat my van bloed en vlees verlos.

Ook hier dus nie aanhaling nie, maar dalk tog weer 'n sleutelwoord, die braambos - - - 'n woord met sterk assosiasies t.o.v. vuur, Moses, God. Weinig lesers sou immers die gedig maklik gevind het as Opperman tasibos geskryf het in plaas van braambos. Dié woord is hier die sleutel. En die assosiasie met die spesifieke braambos waarvoor Moses gestaan het, word deur die gedig en die Hy gloei voor my ..... bevestig en tot verstaanbaarheid (en by die leser sekerheid) gebring.

Mens sou dit so kon stel: sleutelwoord te midde van parallelle struktuur slaan die brug tussen die verwyser en sy objek.

Sleutelwoorde gee dikwels die aanduiding, of ten minste dan vir die leser 'n punt om sy assosiasie te laat wortel skiet.

Opperman verduidelik 'n deel van een van sy eie gedigte, Nagedagtenis aan my Vader:[26]

„Ek het verwag jy sou ook nie vergeet
van ons gesprekke, hoe ek graag wou weet
en jy deur nagte heen vir my kon lei
/ langs

---

25) O.c., p. 35.

26) Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring, Nommer X, 1945 - - - p. 11.

langs luiperd, leeu en wyfiewolf verby
deur bosse, af teen steiltes van die Skulp
- - - was dit my eie siel? - - - altyd my hulp
en gids; ek het van ver gesien toe eens
rysmiere uit 'n donker gat vlieg ná die reëns
met ligte vlerkgeritsel, hoe die engele
so lang gevange, opstyg na die hemele .....

„Ek is deur lesers gevra wat beteken die Skulp? Die primêre beeld is die vader wat die seun lei en die gevare van die wêreld aantoon; die assosiatiewe beeld is Vergilius wat Dante lei verby die luiperd, leeu en wyfiewolf en hom die Inferno wys met sfere wat in sy omwentelinge vir my lyk soos 'n omgekeerde skulp .....

„..... enige onderlegde leser sal tog met al die bogenoemde sleutelwoorde onmiddellik Dante se alombekende Inferno herken; so nie, dan tog die Biblistiese toespeling op die engele wat deur Christus se besoek aan die hel verlos word, en dan van agteraf die proses kan rekonstrueer."

Hierdie sleutelwoorde sal egter ook op die „Skulp" moet steun, want met dié drie diere is Dánte besig om na die Bybel te verwys (Jeremia 5 vers 6): „Daarom maak 'n leeu uit die bos hulle dood, 'n wolf van die wildernisse vernietig hulle; 'n luiperd laer by hulle stede; almal wat daaruit gaan, word verskeur; want hulle oortredinge is baie, hulle afkerighede geweldig."

Met nog tydgenootlike implikasies:[27]

„Zonder twijfel sijn de Panter, de Leeuw en de Wolvin niet alleen letterlijk drie monsters uit de Hel, maar ook figuurlijk: allegorisch-godsdientig of beter allegorisch-demonisch en allegorisch-moreel: Nijd,

/ Hoogmoed

---

27) De Goddelijke Komedie van Dante Alighieri, vertaal deur J.K. Rensburg - - - p. 6, voetnoot 8.

Hoogmoed en Hebzucht, en symbolisch-politiek: het afgunstige Florence, het trotsche Frankrijk (meer speciaal het Koningshuis, Karel Van Valois) en het hebzuchtige Hof van Rome, de drie voornaamste Welfische machten in Italië."

Die sleutelwoorde wat Opperman gebruik, verwys na 'n objek wat self verwyser is van 'n hele paar ander objekte.

Slegs die Skulp, die nag, die bosse en die gids, beveilig konteksgewys - - - en verwysingsgewys - - - die gedig van moontlike (legitieme) waninterpretasie. Maar Dante verwys so suiwer dat die Opperman-verwysing met gemak as 'n blote verwysing na die „gevare" wat in Jeremia genoem word, beskou kan word. Sleutelwoorde kán gevaarlik wees en die leser op onmoontlike doodloopstraatjies laat beland; dat dit in hierdie geval nie gebeur nie, kan toegeskryf word aan die presiserende bevestiging van die konteks.

Die struktuur en konteks het dan ook by die gebruik van „sleutelwoorde" 'n nog belangriker rol as by die eienaam en die aanhaling: enkele woorde, as die gedig aandui dat meer in hulle gelees moet word as net die letterlike, kan 'n leser tot wilde interpretasies verlei. Elke leser sou seker rondom bykans elke woord in 'n woordeboek duisende „objekte" kon moontlik dink - - - as hy die woord sonder konteks of sonder 'n duidelik-presiserende konteks onder oë moes neem.

Om egter terug te keer na die vormverwysing - - - en selfs die aanhaling - - - waar die vorm-op-die-bladsy weinig ooreenkoms met die objek vertoon, sal die vertaalde aanhaling genoem moet word:

In Nuwe Verse[28] skryf Van Wyk Louw die eerste reël van die sonnet Clifton soos volg:

„Maar watter van die gode sal ek prys .... " / Uit

---

28) p. 28.

Uit Horatius (Odes, Boek I, nommer XII) het ons 'n reël wat, alhoewel nie woordeliks nie, genoeg ooreenkoms vertoon om vertaalde aanhaling te kan heet:

Quem virum aut heroa lyra vel acri
tibia sumis celebrare, Clio?
quem deum (Reëls 1 - 3)

„Clio, watter man of halwe-god kies jy om te prys met die lier of skerp fluit, of watter god?"[29]

By die vertaalde aanhaling is die onmiddellike vórm van die verwyser seker (behalwe miskien as die tale so na-verwant is as Nederlands en Afrikaans) nie soseer van toepassing op die anderstalige objek nie, maar moontlik op die vertaling daarvan. Dit lyk egter veel meer moontlik dat die parallelle gang van twee sinne (dus kom feite-aanbod ook in die spel) die ooreenkoms moet vorm wat die leser tot insig lei.

'n Terminologiese onderskeiding word hier nodig: nie alle verwysings wat 'n literêre of geskrewe of gesproke objek het, is „aanhaling" nie. (Vgl. maar die elders aangehaalde Books at the Wake van Atherton waarin 'n massa literêre verwysings soos deur Joyce gebruik, opgeteken staan).

Dit sal vele probleme uitskakel as die term aanhaling gebruik word in gevalle waar die aanhaling heelwat vormooreenkomste met die oorspronklike vertoon, woordeliks of amper-woordeliks geskied en waar die variant ás variant funksioneer. Vir die verwysing wat 'n verband het met 'n objek wat êrens opgeteken staan, maar nie „vormlik" „aanhaal" nie, sal die term literêre verwysing (in enger sin as wat ons dit in die titel van die studie gebruik het) kan dien.

/ Met

---

29) Dieselfde Clio uit die Ballade vir Jan se Feest. Die aanhef is natuurlik ook in ander Griekse en Latynse verse aan te tref.

Met 'n kwalifikasie ten opsigte van die vertaalde aanhaling daarby: die vertaalde aanhaling kán rasegte aanhaling bly soos in Van Meerden se Komposisie:[30]

. . . die Adjektief verhewig en enorm . . .

Nederlands en Afrikaans lê só na-aan mekaar dat woordspelinge oorgeplaas in die verwante taal nog dikwels sal kan funksioneer. Die sprong van vertaling is nie so groot as wat die geval sal wees met 'n vertaalde aanhaling uit Latyn nie. Vorm sal deels bewaar bly. En duidelik moet dit seker wees dat, met die oog op wat van ons voorbeeldgedig in Hoofstuk II gesê is, die lastige probleem bly staan: die digter kán uit 'n vertaling aanhaal.

In die hoofstuk oor Cervantes: Hommage à Eugène Marais het dit geblyk dat Van Wyk Louw sy stof hanteer het soos dit hom pas en juis deur dié nie-slaafse „navolging" 'n verwysings-patroon effektief gebruik het. Die grootste wins wat deur die verdraaiing van grondfeite daar opgelewer is, was die ironie; een van die grondtrekke van Tristia.

'n Paar verdere voorbeelde uit hierdie bundel sal aantoon dat die Cervantes-Hommage nie die enigste gedig in Tristia is waar die aanhaling op hierdie wyse gebruik word nie.

Aangesien die objekte en die verwyser wat hieronder aangehaal word, ongemaklik-lank is, eers ter voorbereiding:

By die vergelyking van die paar gedigte met die grondteks wat deur die digter gebruik is, sal een van die belangrikste onderskeidings vir hierdie studie gemaak kan word: dié tussen „feite-verwysing" (soos in Skutter hierbo waar

/ die

---

30) Die Klop - - - p. 30. „Zo wordt de wereld daarbuiten de uitbreiding een enorm verhevigd adjectief' schreef Nijhoff van het Ik" - - - Kramer: Het Literaire Kunstwerk.

die vorm en die woord weinig rol gespeel het) en die aanhaling; tussen die woordverwysing en die vormverwysing aan die een kant en die verwysing wat slegs 'n feit (op skrif of nie, maar sonder vorm- of woordooreenkoms met die verwyser) as objek het. Ook sal hierdie voorbeelde aantoon dat dit soms - - - as gevolg van deurmekaargebruik en 'n inmekaarvloei - - - onmoontlik word om dié twee soos hare te kloof. Dit toon dan ook onses insiens dat dit een van dié plekke is wat toon dat verwysing op feite- én vormgebied werk en dié twee (Siamees) ín homself hou.

Wanneer die teks van Eusebius se kerkgeskiedenis[31] en spesifiek die Nederlandse vertaling, langs die volgende gedig geplaas word, is die ooreenkomste groot genoeg om te kan beweer dat daar op sekere plekke van aanhaling kan sprake wees. Die ooreenkomste lê in die taalgebruik en vorm, al is dit dan ook vertaalde aanhaling:

Keiserlike Reskrip[32]

Sowel ek, Konstantyn Augustus, as ek
Licinius Augustus, voorspoedig in Milaan
saamgekom om alles minsaam onderling te oorlê:
meen, besluit en verklaar hierby

dat onder ander dinge wat vir almal
nuttig skyn te wees, dit wel
in die allereerste plek gereël behoort te word
waarop die vrees en die verering vir die godheid rus;

/ ons

---

31) Eusebius' Kerkelijke Geschiedenis, Ingeleid en Vertaald door P. Dr. Desiderius Franses O.F.M. E.L. (Kriterium, 6 - - - p. 8) noem 'n Engelse vertaling t.o.v. die aangehaalde gedig.

32) p. 55.

ons wil dit dus deur 'n reskrip bekend maak,
en máák hierby bekend:
dat dit ons behaag dat al onse vroeëre
edikte aan U Eksellensie, dié wat vreemd was
aan ons sagmoedigheid, verval;

dan dít: dat U Eksellensie aan genoemde
orasie van die kristene in die vervolg
ootste moontlike aandag bestee;
lie wyse word 'n godheid dalk goedgunstig.

Daarnaas dan die volgende gedeelte uit Eusebius:[33]

„Toen wij nu echter, zoowel ik, Constantinus Augustus, als ik, Licinius Augustus, voorspoedig in Milaan waren samengekomen en alles in onderling overleg besproken wat op de belangen en het heil van den Staat betrekking had, hebben wij gemeend dat onder andere dingen die voor allen van nut schenen te zijn, dit wel op de eerste plaats geregeld moest worden, waarop de vreeze en de vereering der Godheid berust en wel zoo, dat wij zoowel aan de Christenen als aan alle anderen de vrije keuze lieten om dien godsdienst te volgen, dien zij verkozen, opdat het goddelijk en hemelsch Wezen, wat dat ook zij, ons en allen die onder onze macht zijn gesteld goedgunstig moge zijn. Derhalve hebben wij in heilzaam en zeer juist overleg dit ons besluit vaargesteld, dat aan volstrekt niemand de bevoegdheid mag worden ontzegd om de gebruiken en den eeredienst der Christenen te volgen en te verkiezen en dat het aan een ieder vrij sta zijn hart te richten op dien godsdienst, dien hij voor zich geschikt acht, opdat de Godheid ons in alles Haar gewone zorg en goedgunstigheid moge bewijzen. Het was noodig door een rescript bekend te maken, dat het ons aldus behaagt, opdat alle beperkingen,

/ die

---

33) pp. 438 - 439.

die in onze vroegere aan Uwe Excellentie gerichte edicten aangaande de Christenen waren vervat en ongeschikt en aan onze zachtmoedigheid vreemd waren, ... " ens.

Dit is onnodig om hier op uitgerekte wyse sinsdeel-vir-sinsdeel ooreenkomste aan te toon. Dit is wel duidelik dat die „oordig" baie getrou by die teks gehou het, dat die veranderings ook hier aan die hoogs ernstige toegewing van die Reskrip aan die Christene, 'n ironiese kleur gee. Mens sou dit so kon stel: alles van die oorspronklike, selfs tot op groot hoogte die woordgebruik, word oorgeneem en byna onveranderd neergepen, behalwe dat die stuk tot die ironiese omgebuig word.

Iemand wat spesifiek te doen het met die ironie sou wel hier heelwat kon wys word van die megenismes waarmee 'n skrywer uit 'n doodernstig bedoelde geskrif sy ironiese gedig maak of sy gedig ironies maak.

Maar enkele probleme in verband met die aanhaling sou ook ter sake wees: Ons het reeds op twee plekke betoog dat die „aanhaling" juis ook in sy variërende aspekte funksioneer. - - - Dikwels juis sinvol word omdat dit nie „woordeliks" nie, maar „verdraaid" geskied. In die variant het dan juis die uiteindelike sin gelê van die aanhaling. Ook, dat die herkenning van die aanhaling ás aanhaling gedurig 'n rol speel omdat ons dit as „vreemde" liggaam aanvoel, as van-buite-binnegebring herken en dus erken.

Sou ons stellings by die geval hierbo nog steek hou?

1) Dit is duidelik dat die term „aanhaling" weer deur die puntenerige leser in twyfel getrek kan word. Hy sou kon beweer: hier is skaars sprake van aanhaling, omdat (a) die woordgebruik nie deurgaans ooreen kom met die Nederlandse teks nie. Op die uiterste sou iemand hier kon praat van „vertaalde" aanhaling, of poëtiese vertaling.

/ (b)

(b) : In die onderhawige geval is daar geen sprake van 'n aanhaling-in-nuwe-verband nie, dus nie van „vreemde liggaam" nie. Die héle gedig is nou volgens die vroeëre stellings „vreemde liggsam."

In albei gevalle sou toegewings nie verkeerd wees nie. Soos in die geval van die voorbeeldgedig is hier inderdaad weinig sprake van absoluut-direkte woordgebruik, en ás dit die geval was, sou Van Wyk Louw, met enkele uitsonderings, seker 'n Nederlandse gedig (en tog nie met gebruik van die V.N.S. niet) moes gemaak het.

Nogtans, is die leser wat hierdie gedig die beste wil verstaan, tóg seker afhanklik van kennis van die feit dat daar nie slegs „aangehaal" word nie, maar, dat groot dele woordeliks aangehaal word, ál is die aanhaling dan met uitsondering van die eiename „vertaal". Vormlik is daar genoeg ooreenkoms juis omdat (in hierdie geval gelukkig in twee nou-verwante tale) woordorde, die agtermekaarsit van woorde, selfs die breë samestelling tot op groot hoogte ooreenstem met die „oorspronklike".

By (b) hierbo word daar teoreties 'n veld geopen wat verdere verkenning verdien.

Die volgende:

Is die onderskeiding tussen „aanhaling" en „feite-verwysing" wel ter sake? En: sal hierdie onderskeiding ás dit gemaak kan word, wel êrens aan mekaar raak? Sal die grensgebied tussen aanhaling en „feite-verwysing" vloeibaar wees?

Die terminologiese onderskeiding (want ons is immers nóg besig om enigsins terminologies-fenomenologies te werk) tussen „feite-verwysing" en „aanhalings"-verwysing sal ongeveer die volgende behels: Die verwysings wat slegs van die leser vra dat hy 'n <u>feit</u> byroep (die leser sal wel heelwat

/ voorbeelde

voorbeelde onthou) maar waar die „feit" nie die woordelikse betrokkenheid van die verwyser veronderstel nie, sal feiteverwysing kon heet, dié verwysings waar die vórm van die verwyser die objek impliseer, trouens vorm-ooreenkoms tussen verwyser en objek veronderstel (ook dat die leser daarvan bewus moet wees) dié sal aanhaling genoem kan word.

Dit behoef vanselfsprekend dus geen betoog om aan te toon dat die tussen-gebied tussen hierdie twee „soorte" verwysing ook heelwat gevalle sal oplewer waar ons sal moet sê: hier in die tusser-gebied kan die „soorte" nie juis toegepas word nie, omdat hierdie verwysing weerskant toe val.

Die oorspronklike uitgangspunt in die Cervantes-gedig bied hier 'n moontlikheid: moet die leser bewus wees van die woordelikse ooreenkoms tussen <u>swart snor</u> en die oorspronklike woorde waarmee Cervantes homself beskryf het, of sou Van Wyk Louw presies dieselfde - - - volgens die verwysingsprocédé gesproke - - - bereik het as hy in plaas van <u>swart snor</u> die woorde <u>donker snor</u>, of <u>bruin snor</u> of <u>donker moestas</u> gebruik het?

Drie gevalle naas mekaar geplaas sou wel die probleem kon oplos: <u>swart snor</u>: omdat die spesifieke woordgebruik nier ooreenstem, sou mens kon praat van „aanhaling"; <u>donker bolip</u> sou wel nog verwysing wees, maar dan verwysing na die snór van Cervantes, sonder dat die vorm waarin dit aangebied is, op die spol is.[34]

By veralgemening sou mens versigtig kon beweer dat die <u>vorm</u> waarin die verwyser na die leser toe kom, ook betrokke kan raak as objek. 'n Proses wat mens nie anders kan as om

/ baie

---

34) Die beste voorbeeld van verwysing na 'n feit sal wel <u>Skutter</u> wees.

baie nou in verband te bring met die stilistiek op linguistiese grondslag die „mede-versaakliking van die taalvorm" [35] genoem het nie. Soos alreeds aangedui is, hou die „medeversaakliking van die taalvorm" heel dikwels nou verband met wat ons in hierdie studie as „aanhaling" beskou het.

Ons voorbeeld hierbo, wat juis in die gebied val waar daar hare gekloof behoort te word oor agtergrond, aanhaling en feit, lewer die basiese probleem in ons betoog op: wat bereik die digter met hierdie gedig wat as geheel byna vreemde liggaam word? Hoe moet hierdie gedig gelees word?

Twee verdere lang voorbeelde waar 'n ooreenkomstige procédé gebruik word, sal die betoog vergemaklik.

Triste: LIV, (p. 54)

Dood van die Heilige Biblis

So't Hy sy heerlikheid geopenbaar:
toe die beuls deur Christus moeggemaak was
weens die geduld van die geluksaliges,
het Satan (wys, en óók geduldig, maar verwar

in sy alkant-keer teen die Almag
en almagtige Goedheid) ánder middele vir in-die-hok gehad,
soos: baie, baie stadig skroei; en die voete
in die blok uitrek tot die vyfde gat; - - -

dit dat Sint Biblis wat vir Christus reeds verloën had
(en toe Satan meen dat sy beswyk het)
as't ware uit 'n diep slaap ontwaak het
en haar aan die Ster-meester onderwerp het: / Hy

35) Stilistiese Analise - - - pp. 11 - 23.

Hy wat alleen teenoor stérre tiranniek is
en alleen vir dié baan-vooruit beskryf het - - -
Sy oë het verblyd in liefde gevolg
die boemerangbaan wat haar vry wil beskryf het;

Hy wat tiranniek is alleen teenoor sterre
en son-stelsels en mane, en vir hulle, sonder
eers hok te hoef te slaan, alleen vir hulle
in een voorgeskryfde baan verdrá:

Hy wág op ons, hy kyk met driedubbel glimlag
soos 'n vader na ons glip en gly,
en wil nie met 'n vinger raak aan ons wil nie;
wil dat ons kom: heerlik en vry.

Eusebius: p. 192.

De duivel meende, dat Biblis, eene dergenen die verloochend hadden, reeds geheel bezweken was en daar hij wenschte dat zij ook wegens godslastering zou vercordeeld worden, voerde hij haar naar de folterplaats om haar te dwingen goddelooze dingen over ons te zeggen, gebroken en ontmoedigd als zij was; maar zij kwam tot bezinning onder de foltering en ontwaakte om zoo te zeggen als uit een diepen slaap, want de tijdelijke straf herinnerde haar aan de eeuwige foltering in de hel en zij weersprak de lasteraars door te verklaren: 'Hoe zouden zij, aan wie het niet eens geoorloofd is het bloed van redelooze dieren te nuttigen, kleine kindertjes opeten?' en van toen af beleed zij, Christen te zijn, en werd by de groep der martelaren gevoegd.

Toen dan de tyranieke beulen door Christus worden afgemat wegens het geduld der gelukzaligen, bedacht de duivel andere middelen: opsluiting in de gevangenis, in duisternis

/ in

in een allerellendigst hok, uitrekken der voeten in het blok tot aan het vijfde gat en de verdere pijnigingen, waaraan de razende dienaren, door den duivel bezeten, de gevangenen plachten te onderwerpen, zoodat de meesten, van wie de Heer wilde dat zij aldus zouden heengaan, in de gevangenis verstikten; zoo openbaarde Hij Zijn heerlijkheid.

Tristia: LIX, p. 61

Dit was weer van ander heiliges die lot:
een, Kronion genoem, met die bynaam Eunous
(gelukkige begripte) en Julianus, die wat só
aan die pootjie gely het dat hy gedra moes word
en oopgevlek gelê het vir die lyding:
dié twee is toe hoog op kamele, met tamboere,
- - - sirkus-advertensies - - - deur die stad rondgetoer
en in ongebluste kalk (word gesê) verteer.

Een soldaat wat vir hulle begelei het,
het onderweg die steen van die aanstoot kon oorskry:
Besas, 'n Nubiër: dus swart, en heilig in ons prysing.

Só bly die bont prosessie aan die gang:
wit en swart - - - en skimmel seker ook - - -
omdat Hy 'n bietjie kleur by ons verlang;

nié dat ons kan roep nie: want ons wórd
geroep en kóm op die roepstem;
God self hou die bontheid aan die gang.

Eusebius: p. 287.

„Als eerste van hen werd Julianus, een man die aan podagra leed en staan noch gaan kon, met twee anderen die hem dragen voorgeleid. Een van die twee verzaakte weldra, maar de andere, Kronion genaamd met den bijnaam Eunous en

/ de

de grijze Julianus zelf beleden den Heer en werden daarop door heel de stad - - - en die is zeer groot zooals ge weet - - - hoog op kameelen gezeten, ten aanschouwen van allen, voortgegeeseld en tenslotte, door heel de volksmenigte omringt, in ongebluschte kalk verbrand. Een soldaat, Besas, die hen begeleidde toen zij werden weggevoerd en zich verzette tegen het razende volk, werd op hun geschrei uw ook voorgeleid en als machtigste strijder voor God en krijgsheld in den grooten strijd om den godsdienst werd hij onthoofd."

Alhoewel dit bepaald duidelik is dat die proses wat die digter gebruik ten opsigte van die verwysing groot ooreenkomste toon, kan mens tog op enkele verskille wys: in die eerste van die drie voorbeelde hierbo word die verwysing of die oordigting volgehou tot aan die einde van die gedig. By die tweede en derde voorbeeld is die geval enigsins anders: hier word die verwysende gedeelte van die gedig gebruik om 'n beeld te skep waarop daar byna op die patroon van die petrarcaanse sonnet 'n „toepassing" gemaak word. In die geval van „Biblis" kom die toepassing in die vorm van die gang van sterre, in die geval van „.... die ander heiliges .... " word die klem verplaas na die „bontheid" en die slotreël is inderdaad toepassing of sluitsteen: „God self hou dié bontheid aan die gang".

'n Opvallende kenmerk van voorbeelde (2) en (3) behoort met een van die kenmerke van voorbeeld (1) in verband gebring te word:

Dit lyk naamlik baie moontlik dat die funksie van die verwysing in (2) en (3) onder andere (en natuurlik naas die reeds genoemde erkenbaarheid as vreemde liggaam, ens.) juis in die teenstelling tussen die aard en tyd van die objek en

/ die

die toepassing moet lê. In voorbeeld (2) het ons naamlik die sprong tussen Biblis se „ommekeer" en die begrip vrye-wil, in die tweede is die sprong selfs groter: die feit dat Besas swart is, word toegepas op die hedendaagse kleurbegrip hier te lande. Ek wil betoog dat die funksie van die verwysing juis ook kan lê in die feit dat die „sprong" waarvan hierbo gewag gemaak is, bestaan. Dus verder: dat die leser wat bewus is van die plek waar die „aanhaling" ophou, dus bewus is van die feit dat daar 'n aanhaling is, die beste hoop op volledige begrip van die gedig het, juis om dié teenstelling: aanhalingsbeeld, vreemdeliggaamsbeeld teenoor toepassing op (1) 'n teologiese begrip en (2) 'n vry-algemene kleurbegrip.

In die geval van die Reskrip sal die funksie van die verwysing juis in die lig van wat hierbo gesê is, nog steeds meer problematies word: daar is naamlik geen sprake van 'n breuk tussen wat vreemde liggaam is, en wat „eie" liggaam is nie. Soos ons reeds as teenspraak laat beweer het: die hele gedig is so te sê „vreemde liggaam", byna as geheel verafrikaanste aanhaling uit die Nederlandse vertaling van Eusebius.

Hoe funksioneer die verwysing hier?

Dit het my voorgekom asof die verwysing in hierdie geslaagde gedig deels moet funksioneer deur 'n teenstellende aspek: die feit dat die gewigtige Eusebiusgeskrif, en die gewigtige Reskrip hier in teenstelling gesien moet word teen die wyse waarop Van Wyk Louw dieselfde stof aanbied: as ironie; met 'n glimlag oor die breedsprakigheid. Ook verder, op meer subtiele wyse, dat daar in die klein oorgang tussen Nederlands en Afrikaans, tussen die aaneengeskakelde prosa en die poësie, 'n ironie bygekom het wat deur die digter uitgebuit word. (Dat dit nie altyd

/ sal

sal gebeur nie, bewys die voorbeeld wat hieronder in die hoog-ernstige Tempelgedig volg)

Nogtans 'n teenstelling wat in voorbeelde twee en drie ook aan die werk moet wees, trouens deur die digter verhewig word deur toevoegings soos die volgende:

In die geval van „Biblis" o.a.:

... (wys, en óók geduldig, maar verwar in sy alkantkeer teen die Almag ....

By „LIX" deur toevoegings soos „(gelukkige begrip)" en - - - „sirkus-advertensies".

Dit is dus duidelik dat hierdie toevoegings - - - ter wille van die betoog is juis parentetiese toevoegings gekies - - - ook in dié teenstelling gesien moet word: gewigtige Eusebius/ironiese gedig.

Die byvoegings kan dus in bogenoemde gevalle ook as „variante" gelees word.

Die laaste voorbeeld uit hierdie groep gedigte bring nog 'n verdere aspek van die gebruik van hierdie procédé by Van Wyk Louw.

Tristia: LVIII, p. 60.

Die groot Tempel, die aktiewe Woord
wat alles geskape het, wat oor die hele
aardryk heers en die son opgerig hou
tot afbeeldsel van Lig vir alles
wat ligbehoewend is - - - en alles is
behoeftig en jonker of geknield of gehurk;

Dié dié: boordevolles
van voorafbeelding: dié Tempel
aan elke muur skoon tóé-gebeitel

/ met

met tonge vol van tale; dié Woord
vol bybetekenisse en bowe-tone,
té vol vir bloot net beteken of betekenis:

Begrip wat aan die rank raak
alkant-toe: on- (net ón-) berekenbaar:
daar gaan uiteindelik niks anders staan,
óórbly nie, as Joú brand-buite-sterre,
en een enkele klink liefde nie,
in die ruimte alikrinkel-opgekrul
soos dit op die môre-bo-die-afgrond,
op die eerste afgrond-môre was.

Eusebius: p. 437.

Dat is de groote Tempel, dien het verheven Woord, dat alles heeft geschapen, over heel de aarde onder de zon heeft opgericht en dien Het tot een geestelijk afbeeldsel hier op aarde heeft gemaakt van wat er boven het hemelgewelf is, opdat Zijn Vader door heel de schepping en de met verstand begaafde wezens op aarde zou vereerd en aanbeden worden. Dat terrein achter boven de hemelen en de voorafbeeldingen aldaar van wat er hier is, het Jerusalem van omhoog, den hemelschen Sionsberg ....

By hierdie voorbeeld, waar die ironie myns insiens 'n mindere rol speel, kom die volgende na vore: daar moet nie slegs van die aanhaling op sigself kennis geneem word nie maar (amper soos in die geval van die „gewigtige" Eusebius hierbo) ook van die konteks waarin die aanhaling voorkom; die feitelike konteks.

Die sprong wat in die eerste vers van die gedig gemaak word tussen Die groot Tempel en die gelykstellende ..... die aktiewe woord ..... sal naamlik by die leser verbygaan[36] / as

36) Natuurlik nie hééltemal nie, want die Christen ken wel hierdie beeld - - - maar dan: die sprong (en wat daarop volg) is selfs vir die Christen ver.

Author Du Plessis P G
Name of thesis Die literere verwysing aan die hand van voorbeelde uit die Afrikaans poesie 1965

PUBLISHER:
University of the Witwatersrand, Johannesburg
©2013

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.